Sex, lies, videotape, B5

ONS IS DIE NUWE SUID-AFRIKA

# Vrye Weekblad

29 Junie 1990 Tel: (011) 836-2151 Fax: 838-5901 Prys: R1,50 (R1,33 + 17c AVB)



## Karel Schoeman-roman word TV-reeks

# Polisie kyk na verraad

## Regse sake na PG verwys

JACQUES PAUW

**DIE groep ver-regses wat verlede week deur die polisie ondervra is oor 'n komplot om moord, sabotasie en terreur te pleeg, gaan waarskynlik binnekort weens verraad aangekla word.**

**Die hoof van die veiligheidspolisie, luit-genl Basie Smit, het Vrye Weekblad gister verseker dat die polisie die saak in 'n "baie ernstige" lig beskou. Hy sê dit word intensief op die hoogs moontlike vlak ondersoek. Die ondersoekspan staan onder die beheer van genl-maj Bob Beukes.**

Smit sê die polisie-dossier is binnekort op pad na die prokureur-generaal wat moet besluit of en waarvoor die mans vervolg sal word. Smit sê die veiligheidspolisie waardeer Vrye Weekblad se samewerking en bystand in die ondersoek.

Die minister van Wet en Orde, Adriaan Vlok, het self ook Woensdagaand in 'n verklaring die versekering gegee dat die komplot op die hoogste vlak ondersoek word en dat 'n dossier aan die prokureur-generaal oorhandig sal word vir moontlike vervolgings.

Die ANC het vandeesweek tot die debat rondom die komplot toegetree toe die uitvoerende komitee gevra het dat die elf ver-regses wat na Vrye Weekbklad se onthullings aangehou is, vervolg moet word. Die ANC het hul vrylating as "skandalig" bestempel.

Jannie Smith, die Oos-Randse ingenieur wat die komplot oopgevlek wat in Vrye Weekblad openbaar is, het uit sy skuilplek aan Vrye Weekblad gesê dat hy vandeesweek intensief deur die veiligheidspolisie ondervra is om verdere getuienis te bekom. Hy moes ook na al die bandopnames luister wat hy in sy gesprekke met die ver-regses gemaak het.

Die polisie het gister ondersoek begin doen na die pamflet waarin dreigemente teen Smith gemaak word. Die pamflet sê: "Ons hoop hy geniet die silwerstukke wat hy vir sy mislukte poging ontvang het wat daar is nie net R50 000 op sy kop nie!! JJ Smith is 'n verraaier en die loon van verraad is die dood." onderaan die pamflet staan daar: Van al jou "vertrouelinge".

Dit blyk ook nou dat die polisie 'n gesprek tussen Smith en Gary Cornish, selferkende lid van die Burgerlike Samewerkingsburo (BSB) wat sê hy het die geweer verskaf waarmee Mandela geskiet moet word, op band opgeneem het kort voor die polisie hom in Smith se huis in hegtenis geneem het.

Smith sê Cornish het tydens dié gesprek herbevestig dat hy 'n

*Vervolg op bl 2*




(Foto: AFP)

## Winnie is 'God se perfekte mens...'

**Nelson Mandela se vrou, Winnie, is besig om só omstrede te word dat daar kommer in ANC-geledere is dat dit Mandela se politieke statuur kan begin aantas. Die twee is hier by die graf van Martin Luther King in Atlanta afgeneem.**

**Die prokureur-generaal van Transvaal, adv Klaus Otto von Lieres und Wilkau, het dié week gesê hy sal te gelegener tyd aankondig of hy besluit het dat Winnie vervolg moet word.**

**Haar naam is nou al in twee moordsake genoem: die saak waarin een van haar lyfwagte, Jerry Richardson, weens die moord op Stompie Moeketsi Seipei aangekla word, en die verhoor van Oupa Meretsi en Setembiso Buthelezi, wat in die Mandela-huis gewoon het toe die misdade gepleeg is.**

**Maar in Amerika, waar sy dié week verskeie omstrede uitsprake gemaak het, is sy tot nasionale heldin verklaar. Die vrou van 'n leidende geestelike het by 'n byeenkoms tot haar eer gesê God het aan Winnie die kwaliteite van Eva (deursettingsvermoë), Ester (om haar volk te kies) en Rut (lojaliteit) gegee. Jesse Jackson se vrou het Winnie voorgestel as die vrou wat God gemaak het nadat Hy ná Sy Skepping gerus het en besluit het hy wil die perfekte mens maak.**

**'n Volledige berig oor Nelson en Winnie in Amerika is op bladsy 5.**

# ANC en NP in dieselfde bootjie

HENNIE SERFONTEIN

DIE African National Congress en die Nasionale Party het albei die afgelope week dringende politieke veldtogte van stapel gestuur.

Hul oogmerke is om hul ondersteuners op grondvlak te bereik en in te lig oor die nuwe politieke situasie wat ontstaan het sedert die begin van die onderhandelingsproses ná staatspresident FW De Klerk se toespraak op 2 Februarie vanjaar.

Dié veldtogte word geloods nadat die leierskap van albei partye verlede week vergader het om hul onderskeie organisasiemasjinerie en inligtingsprobleme indringend te bespreek.

In Johannesburg het die nasionale uitvoerende bestuur van die ANC en ander adviseurs bymekaar gekom vir 'n belangrike beplanningsessie. Die vergadering wat vir drie dae beplan was, is met een dag verleng. Dit is 'n aanduiding van die ernstige praktiese probleme waarvoor die ANC te staan kom noudat dit vir die eerste maal in 30 jaar weer as 'n wettige organisasie kan funksioneer.

In Kaapstad was die sentrale inligtingskomitee van die NP byeen onder die voorsitterskap van minister Stoffel van der Merwe. Dit is bygewoon deur al vier die provinsiale leiers asook De Klerk, die party se hoofleier.

Aziz Pahad, 'n senior ANC-lid, het na afloop van hul vergadering gesê: "Dit lyk my asof beide die ANC en die NP op die oomblik dieselfde probleem het.

"Dit lyk asof daar by albei 'n gaping tussen die leierskap en die gewone ondersteuners bestaan, hoofsaaklik as gevolg van die snelle politieke verwikkelinge die afgelope aantal maande.

"Daarom is dit vir die ANC baie belangrik dat ons ons boodskap so spoedig as moontlik tot op grondvlak kan oorbring."

Die probleem van die ANC is natuurlik in een opsig veel groter as dié van die NP. Daar bestaan feitlik geen organisasie nie, hoewel versetorganisasie wel bestaan het.

Die land is organisatories in nege streke opgedeel en die proses van takke stig, lede werf en geld insamel het reeds in alle erns begin.

Maar die probleme is talryk en die vordering maar stadig. So byvoorbeeld het slegs 'n skrale 400 mense 'n paar weke gelede by die loodsvergadering van die ANC in Athlone se burgersentrum

*Vervolg op bl 2*

## *Spanning tussen HNP en KP*

# Regses haaks met mekaar

PEARLIE JOUBERT

DIE ver-regse Robert "Taalbul" van Tonder het vandeesweek 'n dwarsklap na die regse "buite-parlementêre" afvaardiging gegee wat staatspresident FW de Klerk gaan sien het en gesê hulle "moes Kleurlinge ook saamgevat het, want hulle praat ook Afrikaans."

Die afvaardiging het De Klerk dié week gaan sien om die toekoms van Afrikaans en die oorlewing van Afrikaners met De Klerk te bespreek.

Van Tonder, leier van die Boere-staat-Party, sê sy beweging was nie deel van die afvaardiging nie omdat "ons Boere is en nie Afrikaners nie."

Volgens die leier van die Herstigte Nasionale Party (HNP), Jaap Marais, was De Klerk "baie ontwykend" op hul aandrang dat die regering die versekering moet gee dat die Afrikaanse taal sal bly voortbestaan, daar nie 'n kommunistiese regering aan bewind sal kom nie en die "Afrikaners 'n reg tot selfregering" sal hê.

Die afvaardiging het bestaan uit verteenwoordigers van die HNP, militêre en politieke leiers van die Afrikaner-Weerstandsbeweging (AWB), die Genootskap van Regte Afrikaners en Magsaksie Afrikaner-nasionalisme.

Marais sê die vergadering met De Klerk is aangevra om die "diepe gevoel van onrus en onsekerheid in Afrikaner-geledere aan die staatspresident oor te dra".

Marais sê hulle is nie tevrede met De Klerk se antwoorde nie en die HNP sal voortgaan "om aan die mense te wys dat De Klerk nie 'n mandaat het om met onderhandelinge voort te gaan nie."

Op 'n vraag oor hoekom die KP nie deel van die afvaardiging gevorm het nie, het Marais gesê hulle wou "net mense na De Klerk neem wat nie in die Parlement vereenwoordig is nie. Die HNP voorsien ook nie in die onmiddellik toekoms samewerking met die KP nie omdat daar nie 'n behoefte daaraan is nie."

Volgens Marais is daar "sekere spanninge" tussen die HNP en KP. Dié spanninge gaan volgens Marais oor Afrikaans, die KP-beleid van partisie en die KP se beleid oor die Indiërs. Marais wou nie sê hoe die KP en HNP op dié punte verskil nie.

"Die KP se beleid ten opsigte van Afrikaans is presies dieselfde as die NP s'n. Die HNP glo egter dat Afrikaans 'n meerdere posisie in Suid-Afrika moet inneem omdat daar net een taal in 'n land kan wees wat die uitdrukking van 'n volk se siel is - dié taal is Afrikaans," sê Marais.

Oor die HNP/AWB-alliansie sê Marais daar "bestaan 'n baie ontspanne houding tussen die twee organisasies". Hy wou nie verder kommentaar lewer oor samewerking en gesamentlike strategieë van dié twee organisasies nie.

Van Tonder sê: "Die Boerestaat Party veg net vir die herstel van die Boere republieke - daar is ook linkses in ons organisasie en ons is daarom nie 'n regse-organisasie nie.

"Die KP staan heeltemal weg van almal af omdat hulle al die regse groepe onder een vlerk wil sleep en die regses wil monopoliseer," sê hy.

Of die Boerestaat Party ook in die toekoms met De Klerk wil gaan praat, sê Van Tonder: "Ag nee wat, FW staan vir 'n geïntegreerde mengelmoes in Suid-Afrika en dit gaan net in duie stort."

Die hoofsekretaris van die AWB, Kays Smit, sê die AWB sal in die toekoms nie meer met Vrye Weekblad praat nie. "Julle sal nou maar moet wag vir Sapa," het hy gesê.

Die Hoofsekretaris van die KP, Andries Beyers, sê die KP was nie bewus van die vergadering wat ander "regses" met De Klerk gereël het nie.

"Dit was maar die HNP en ander segmentjies van die HNP wat vir De Klerk gaan sien het. Die KP praat vir homself."

Volgens hom het die KP "die sanksie om namens regses te praat omdat ons ongeveer 100 persent van alle regse steun het".

In 'n persverklaring na die ontmoeting sê De Klerk dat die NP-regering wel 'n mandaat het vir hul huidige politieke rigting.

De Klerk sê die regering sal geen anargie duld nie - "ook nie van sogenaamde kommando's wat nie deur die staat gesanksioneer is nie".

# Polisie slaan toe op Ashton

CHRISTELLE TERREBLANCHE

**OP Ashton is drie mense in die hospitaal opgeneem ná polisie-optrede teen vreedsame protesoptogte op dié Bolandse dorp.**

**Die polisie het tydens 'n weeklange versetveldtog om basiese dienste aan die gemeenskap verbeter te kry, op protesmakers toegeslaan.**

**Ontevredenheid broei reeds maande lank. Inwoners kla oor ontoereikende behuising en geen geriewe soos 'n biblioteek of teerstrate nie.**

**Ashton het sedert 1985 'n geskiedenis van polisie-konfrontasie opgebou weens die bedrywighede van "witdoeke" en vigilantes.**

**Volgens eerwaarde Michael Weeder van die Anglikaanse Kerk., luier lae-intensiteit geweld sedertdien. Daar is 'n voortdurende woede teenoor die polisie by die mense teenwoordig. Die gemoedere het verder opgevlam weens die hardhandige optrede van een van die huidige offisiere.**

**Eerwaarde Weeder se vrou, Bonita, 'n onderwyseres, het die gebeure van die afgelope paar dae so opgesom:**

**"Dinsdag is 'n plakkaat-betoging voor winkels wat deur mense geboikot word, op die dorp gehou. Toe inwoners later 'n lys met hulle griewe aan die munisipaliteit oorhandig, het die polisie tussenbeide getree om die skare uiteen te jaag.**

**Bruin inwoners het later probeer om by die "Blanke" biblioteek in te skryf aangesien die Wet op die Aanwysing van Afsonderlike Geriewe nou afgeskaf is. Hulle is deur die bibliotekaresse gevra om die perseel te verlaat.**

**Inwoners van die bruin township het byeengekom en begin toyi-toyi, waarna die polisie traanrook en donshael gebruik het om hulle uiteen te jaag. 'n Aantal mense is beseer en die veertienjarige Adri de Koker is in die Montagu-hospitaal opgeneem. Verskeie babas moes ook vir die neweeffekte van traanrook behandel word.**

**'n Vreedsame kerkdiens is om sesuur die aand deur sowat 300 mense bygewoon, waarna die polisie versperrings opgerig het en tot elfuur die aand traanrook gebruik het om mense na die township terug te jaag.**

**Vier mense is in hegtenis geneem en daarvan aangekla dat hulle aan 'n onwettige optog deelgeneem het. Hulle is Woensdagoggend op borgtog vrygelaat.**

**Later die oggend is nog 'n plakkaat-optog met traanrook uiteengejaag. 'n Afvaardiging van die gemeenskap het daarna die munisipale kantore beset en sowat 100 mense het buite die gebou hande gevat om die ingang te versper.**

**Altesaam 27 mense is in hegtenis geneem, maar is dieselfde aand op borgtog vrygelaat. Eerwaarde Weeder was een van die aangehoudenes.**

**Tydens die optrede is verskeie mense beseer. 'n Vrou is met donshael in die mond geskiet en 'n ander is deur 'n polisiehond gebyt.**

**Volgens eerw Weeder is 'n kerslig-optog na die kerk ten tye van sy vrylating deur die polisie gestuit. "Mense het in die kerk gaan skuiling soek, maar die polisie het die gebou met klippe bestook," sê hy.**

**Daarna het die polisie begin om individuele inwoners in hulle huise te arresteer.**

# Regse sake

*Van bl 1*

lid van die BSB is, meer besonderhede oor die moordplan op Mandela verskaf en 'n aanduiding gegee van waar sy arsenaal wapens versteek is.

Regsgeleerdes het vandeesweek daarop gewys dat die ver-regses se terreurplanne ingevolge die Wet op Binnelandse Veiligheid op 'n daad van verraad mag neerkom en dat tientalle linksgesindes die afgelope jare vir veel mindere oortredings tronk toe gestuur is. Aanklagte van sameswering om moord te pleeg, poging tot moord en terrorisme is ook moontlik.

Al dié nuwe verwikkelinge volg op 'n week van intensiewe gesprekvoering tussen Vrye Weekblad se regspan en die polisie oor vals verklarings deur polisie-woordvoerders en koerante wat die komplot as "bierblikpraatjies" en "snert" afgemaak het.

Vrye Weekblad het dié week deur middel van sy regsverteenwoordigers beswaar gemaak teen verklarings deur die hoof van openbare betrekkinge van die SA Polisie, genl-maj Herman Stadler, en die woordvoerder van die minister van Wet en Orde, brig Leon Mellet.

Hulle het in verklarings gesê dat Smith nie onder polisie-bewaking is nie, dat hulle niks weet van bande wat aan die polisie oorhandig is nie en dat die komplot emosionele uitlatings deur individue is.

Vrye Weekblad het op Donderdag, 21 Junie reeds die bande aan die polisie se ondersoekbeampte oorhandig. Smith is sedert dieselfde dag onder baie streng polisie-bewaking. Dit blyk dat Mellet en Stadler hul verklarings gemaak het sonder dat hul die getuienis ondersoek gehad het.

Gevra oor die negatiewe beriggewing oor sy onthullings, het Smith gesê: "Dit is al asof hulle bang is om hul uit spreek teen die regses. As dit die ANC was, was dit 'n heeltemal ander storie. Ongelukkig word my geloofwaardigheid in die proses ondermyn."

Hy het die aantyging dat dit niks anders as bierblikpraatjies is, verwerp en gesê: "As ek nie gedink het die komplot is ernstig nie, sou ek nooit my eie lewe en dié van my gesin in gevaar gestel het om met die hele sak patats vorendag te kom nie.

"Die mense was doodernstig oor hul terreurplanne en het dit gewis nie grappenderwys aan my gesê nie. So byvoorbeeld het TJ Ferreira my na ons eerste afspraak gebel en gesê ek moet hom dringend kom sien, want die aangewese sluipmoordenaar is by hom. Dit was definitief nie 'n grap nie.

"Daar was nooit enige drank by die ontmoetings gebruik nie en die ver-regses was koel en kalm terwyl hulle hul planne bespreek het. Hulle is baie ernstig oor die gebruik van geweld.

"Nadat ek die ontmoetings bygewoon en oor die hele saak gedink het, het ek besluit dat die mense ernstig is en ek iets móét doen. My eie familie mag 'n slagoffer van hul geweldplanne word," sê Smith.

Gevra oor die doodsdreigement en R50 000 op sy kop, sê Smith: "Natuurlik is ek bekommerd oor my eie veiligheid. As hulle ernstig is om Mandela te skiet, is hulle ook ernstig om my in die hande te kry."

* Vrye Weekblad word verteenwoordig deur adv Eberhard Bertelsmann, SC, adv Martin Luitingh en Lauren Jacobson van die firma Bell, Dewar en Hall.

**Die bewyse op band - bl 10**

**Wat is verraad? - bl 11**

# ANC en NP

*Van bl 1*

opgedaag. Tog het dieselfde sentrum skares van 5 000 getrek in die jare toe die UDF massabyeenkomste daar gehou het.

Dit is dan ook 'n kernprobleem van die ANC wat na vore gekom het tydens die besprekings verlede week: Hoe om oornag te verander van 'n ondergrondse versetorganisasie en van die strategieë van massa-mobilisering tot 'n normale partypolitieke organisasie. Hoe om daardie masssa-ondersteuning te kanaliseer in aktiewe deelname van party-aktiwiteite en die noodsaaklike gesleur en soms saaie maar noodsaaklike partywerk van komitees en werwing van huis tot huis.

Een prominente ANC-lid, wat vir die eerste maal terug in Suid-Afrika is ná 27 jaar, sê na die vergadering: "Dit lyk asof baie van ons ondersteuning nog nie besef dat die dae van seepkispolitiek vir altyd verby is nie. Ook is die tyd van massa-mobilisering vir eenmalige protesaksies iets van die verlede."

Hierdie opmerking is gemaak na aanleiding van skerp kritiek deur sommige van die interne ANC-lede teenoor die banneling-leierskap dat hulle besig was om voeling met die grassroots en die massas verloor.

'n Hoë prioriteit van die ANC wat aandag geniet het by die vergadering is die stigting van 'n eie ANC-koerant. Daar is in beginsel besluit om so 'n koerant te stig met ANC-fondse en indirek onder ANC-beheer. Maar dit sal nie 'n party-orgaan wees nie. Die doel is om 'n nasionale dagblad te stig, gedruk aan die Rand, met verspreiding in die hoofsentra.

Pallo Jordan, die inligtingshoof van die ANC, vertrek in Augustus na Europa om fondse vir dié nuwe koerant in te samel.

Die NP beplan weer 'n intensiewe inligtingsveldtog in die tweede helfte van die jaar. Die skok van die Umlazi-tussenverkiesing en die groeiende aggressiewe regse verset teen die De Klerk-inisiatiewe het die NP eindelik gedwing om tot aksie oor te gaan.

Die hoogste prioriteit in die veldtog is blykbaar dat alle NP-parlementslede moet konsentreer op hul eie kiesafdelings.

Huisvergaderings en huisbesoek aan ontevrede NP-ondersteuners moet voorrang geniet.

Die doel is duidelik om te verhoed dat ontevredenheid in NP-geledere groei tot 'n stroom afvalliges wat oorstap na die Konserwatiewe Party. Daar is besluit dat De Klerk self al vier die NP-kongresse hierdie jaar sal toespreek en ook 'n aantal ander openbare byeenkomste om die regse propaganda dat hy die Afrikaner uitverkoop, daadwerklik teen te werk.

Die grootste probleem wat die NP-leierskap voor te staan kom, is een van gebrek aan politieke geloofwaardigheid.

Die argumente van De Klerk en ander ministers dat die NP nie na die verkiesing van September 6 verlede jaar sy beleid ten opsigte van die ANC en ander sake radikaal verander het, beïndruk niemand nie. Allermins die NP-kiesers wat destyds blindelings die anti-ANC propaganda van die regering aanvaar het.

Dit is klaarblyklik eenvoudig net nie waar dat die NP nie 'n totale politieke ommeswaai gemaak het nie.

Dit is daarom belangrik dat die NP hul geloofwaardigheidsprobleem in dié verband oorkom as hulle die regse aanslag die hoof wil bied.

*Jeug op die drumpel van 'n nuwe era*

# Sayco en Jong Dames vind mekaar

AUDREY BROWN

'n BUITENGEWONE middagete het Saterdag in Pretoria plaasgevind toe lede van die grootste swart en wit jeug-organisasies in die land informele gesprek gevoer het om van nader met mekaar kennis te maak.

In wat beskryf word as 'n "groot stap vir die jeug van die land" het leiers van die South African Youth Congress, Jong Dames Dinamiek, Junior Rapportryers en die Federasie van Afrikaner Kultuur Vereniging se jeugkomitee, in informele gesprek getree by 'n seminaar wat deur Jeugkrag Suid-Afrika gereël is.

Volgens leiers van dié organisasies is dit hoog tyd dat die jeug van die land die veranderende politieke klimaat in ag neem en "grond vind vir samewerking."

Volgens Parks Mankahlana, die publisiteitsekretaris van Sayco, kom die beweegkrag vir dié stappe uit die "oorgangsperiode" wat die land tans beleef.

"Almal is oortuig daarvan dat ons op die drumpel van 'n nuwe era staan. Maar groot dele van ons gemeenskap, veral die wit gemeenskap, is nog getrou aan apartheid. Dit besef ons baie goed."

Toe plaas Sayco op 16 Junie vanjaar 'n advertensie in 'n Afrikaanse koerant - in Afrikaans - waarin hulle 'n beroep doen op wit jeugdiges om by organisasies soos Sayco, die Congress of South African Trade Unions en die ANC aan te sluit. Die advertensie is deur verskillende Afrikaner jeug-organisasies in verklarings beantwoord waarin hulle dié stap verwelkom het.

Een van die antwoorde was 'n uitnodiging van Jeugkrag se Marthinus van Schalkwyk dat die mense 'n seminaar in Pretoria moet hou waar hulle van nader met lede van Afrikaner jeugorganisasies kennis kon maak.

Die vergadering wat reeds op aanvraag van die FAK deur Jeugkrag gereël is, het die geleentheid geskep vir ontmoetings op informele vlak, om dan later verder gevoer te word.

Volgens Jurie Van Niekerk, sekretaris van die FAK se jeugkomitee, moet daar eers grond vir samewerking gevind word. Almal is dit eens dat dié alreeds tot 'n mate bestaan.

Sayco beoog om besoeke tussen swart en wit jeugdiges te reël en om uitgebreide programme in werking te stel om progressiewe kontak te behou. Vir Mankahlana is dit belangrik om te onthou dat dié mense "geoogmerk word vir kragtige posisies in die Nasionale Party en dus moet ons ons doelwitte, wat ooreenstem met dié van die ANC, aan hulle verduidelik."

Al die organisasies het aangedui dui dat hulle die afgelope jaar ten minste reeds die gesindheid getoon het om kontak met mekaar te maak.

Die FAK het verlede jaar tydens sy nasionale kongres reeds so 'n resolusie aanvaar, wat lees: "Die kongres versoek die FAK jeugkomitee om multi-kulturele geleenthede te reël waar jong Afrikaners met ander kultuurgroepe in gesprek kan tree oor die toekoms van alle jong Suid-Afrikaners, op pad na die nuwe Suid-Afrika."

Jeugkrag het reeds vroeër dié jaar gesprekke met die ANC in Botswana gevoer, en die Sayco-kongres in Maart as waarnemers bygewoon.

Wat is die uitvloeisel van die ontmoeting? Volgens Mankahlana moet daar eers besluit word op 'n program. Toekomstige gesprekke, regoor die land, word oor vraagstukke gereël.

"Formele bande is nog nie tussen die organisasies gesluit nie, maar daar is kontak tussen amptenare van die organisasies."

Volgens Jurie Van Niekerk, sekretaris van die jeugkomitee van die FAK, is die ontmoeting 'n "groot stap" vir die jeug, maar moet daar eers versigtig te werk gegaan word.

"Op die oomblik kan ons net kennis maak en idees uitruil, maar die ontwikkelinge van hier af kan niemand bepaal nie. Ons verskille kan so breed wees, dat daar geen sin is in verdere gesprek nie. Op die oomblik blyk dit dat daar genoeg grond is vir gesprek."

Dié versigtigheid is deur Van Schalkwyk van Jeugkrag herhaal: "Daar is baie tekens vir hoop, maar dit sal nog 'n rukkie duur omdat daar nog baie wantroue is tussen die groepe. Daar is wel baie meer dinge waaroor daar saamgestem word as dinge waaroor daar verskil bestaan."

Vir Sayco was dit net die begin: Nou moet daar ander maniere gevind word om met die jeug te praat. "En ons moet dit in hul eie taal doen."

# Masekela in fees-twis

ANDREA VINASSA en KENDELL GEERS

DAAR is lig gewerp op die twis rondom die besoek van Barbara Masekela, die ANC se departementshoof vir Kuns en Kultuur, aan Standard Bank se Nasionale Kunstefees te Grahamstad. Ontevredenheid oor Masekela se besoek het dié week na vore gekom toe die Transvaal Interim Cultural Desk 'n private faksboodskap aan Masekela gestuur het waarin sy gevra word om nie die fees by te woon nie.

Hoewel dit aanvaar is dat die meeste progressiewe kulturele organisasies hulle met die besluit van die National Interim Cultural Committee om Masekela die groen lig te gee, vereenselwig, het talle individue in die kulturele sfeer hul bedenkinge daaroor uitgespreek. Dié komitee is in die lewe geroep om 'n Nasionale Kulturele Komitee aan te stel wat oor 'n paar maande sal begin funksioneer.

Niemand, buiten Mzwakhe Mbuli, die koördineerder van die Transvaal Interim Cultural Desk, wou hul klagtes op skrif stel nie. Geen "verenigde front" is nog geloods om die saak aan te spreek nie. Die gevoel is dat Masekela se teenwoordigheid geloofwaardigheid sal verleen aan 'n elitistiese instelling. Hoe meer radikaal haar stellings, hoe meer geloofwaardigheid sal sy aan die fees verleen, sê hulle.

Mbuli sê die Desk het Maandagaand by 'n vergadering besluit om 'n private, interne versoek namens hulle gebied aan Masekela te stuur om haar besoek te heroorweeg.

'n Algemene "nie-boikot"-houding is enkele weke gelede by 'n nasionale vergadering ingeneem, maar, sê Mbuli, Masekela se besoek is 'n heel ander saak.

"Barbara Masekela is die kulturele gemeenskap se Mandela. As sy in Suid-Afrika moet praat na soveel jare in ballingskap, soos Mandela, behoort haar eerste openbare optrede voor die massas te wees. Ons het die demokratiese reg om haar aan te spreek."

Mbuli het nog geen antwoord ontvang nie en die besoek hang ook van ander faktore af: of Adriaan Vlok Masekela se afvaardiging vrywaring van vervolging sal gee.

Masekela is na verneem word in New York en kommunikasie met Lusaka word só bemoeilik deur politieke opstande in dié stad dat die feesoffisier, Lynette Marais, self nie seker is wanneer Masekela hier sal aanland nie.

Sy het haar verbasing uitgespreek oor "dié ommeswaai" want die 1820-Stigting het ná konsultasie by die Johannesburgse vergadering en met die Grahamstown Cultural Congress, wat spesifiek die saak van die boikot op die fees hanteer, verneem die boikot is opgehef mits die fees aan sekere vereistes voldoen. Masekela is geskeduleer om Donderdagaand 'n Winterskoolgehoor oor kultuur toe te spreek.

# Vyande sluit verdrag

INA VAN DER LINDE

DIE vernaamste politieke groeperinge in die geweld-geteisterde Natal het ooreengekom om hulle te hou by 'n gedragskode tydens die opmarse en wegbly-aksies wat hier deur die ANC, UDF en Cosatu vir volgende week beplan word.

Die feit dat die kode deur Inkatha, die drie bogenoemde organisasies, Nactu, en die Natalse Kamer van Nywerhede onderskryf word, is bestempel as "die delikate begin van iets wat kan ontwikkel in 'n vredesproses". Die jongste verwikkeling is op 'n perskonferensie in Bellville, waar die SA Raad van Kerke se jaarlikse nasionale konferensie gehou word, deur eerwaarde Frank Chikane, hoofsekretaris van die SARK, bekend gemaak. Chikane het gesê 'n reeks samesprekings is die afgelope maande deur die SARK en die Natalse Kerkleiersgroep onder groot geheimhouding begin.

Hy het op 22 Junie 'n "buitengewone" gesprek gevoer met Mangosuthu Buthelezi, hoofminister van KwaZulu, oor die moontlikheid dat die strydende groepe 'n gedragskode aanvaar met die oog op die vredesmarse van volgende week. Inkatha was veral bang dat 'n nuwe vlaag geweld wat teen die organisasie gemik is, weens die opmarse sou uitbreek. Chikane sê die hoofminister het die gedagte van 'n gedragskode ondersteun en daarna is dit ook onderteken deur dr. Diliza Mij van die UDF/Cosatu werkgroep in Natal, Jay Naidoo, hoofsekretaris van Cosatu, en Walter Sisulu van die ANC.

Die gedragskode vra dat almal mekaar se vryheid om aan die opmarse en wegbly-aksies deel te neem, moet respekteer, asook die reg van mense om verskillende standpunte te huldig. Voorts word bepaal dat almal wat werk toe wil gaan, sonder inmenging toegelaat moet word om te gaan, en dieselfde geld vir diegene wat verkies om van die werk af weg te bly. Organiseerders van optogte of ander protes-aksies moet hulle planne in die openbaar duidelik maak. Almal moet die vryheid hê om aan die opmarse deel te neem of daarvan weg te bly sonder enige inmenging deur ander.

Volgens die kode moet organiseerders van protes-aksies verseker dat die protes vreedsaam verloop. Deelnemers moet gedissiplineerd optree en alle organisasies moet aanvalle op mense se huise en familielede afkeur as kriminele gedrag. Voorts word die veiligheidsmagte gevra om die reg van mense om vreedsaam te protesteer te erken en dat daar nie ingemeng moet word met vergaderings, opmarse, byeenkomste en wegbly-aksies nie. "Die taak van die polisie is om alle mense gelyke beskerming te bied", lui die kode.



David Dison en Brian Currin

# 'Ontbind die BSB'

PEARLIE JOUBERT

DIE proses van versoening in Suid-Afrika sal nie 'n werklikheid word mits die bestaan en optrede van groepe soos die Burgerlike Samewerkingsburo (BSB) deur die staatspresident ontbind word nie.

David Dison, 'n Johannesburgse prokureur wat vir die David Webster-Trust optree, meen FW de Klerk sanksioneer die optrede van die BSB totdat dit en soortgelyke organisasies "gelikwideer" word.

Dison het saam met die DP-LP vir Houghton, Tony Leon, Brian Currin, die Nasionale Direkteur van Regslui vir Menseregte en Gavin Evans, een van die mense wat op 'n BSB-moordlys gevind is, Woensdagaand op 'n openbare vergadering in Johannesburg oor die BSB en die spioenasie-aktiwiteite van die Johannesburgse Stadsraad gepraat.

"Die onvermoë van die regering om die aktiwiteite van die BSB te stop, kan bloot verwerp word in die sterkste moontlike terme en die daarstelling van 'n kommissie van ondersoek behoort nie die staatspresident, lede van sy kabinet, die ministers van Wet en Orde en Verdediging, te verhoed om stappe te neem teen dié groepe nie," sê Dison.

Hy sê groepe soos die BSB is deur die PW Botha-regime gesanksioneer en "word steeds deur die FW de Klerk-regime gesanksioneer totdat hul aktiwiteite gestop word.

Currin sê dit is onaanvaarbaar dat Malan nog nie voor die kommissie geroep is vir ondervraging nie. "Die bevelvoerder van Spesiale Magte en voorsitter van die Burgerlike Samewerkingsburo (BSB), Eddie Web, en besturende direkteur van die BSB, kol Joe Verster, het voor die Harms-kommissie getuig dat die minister van Verdediging van enige operasie met politieke of strategiese implikasies in kennis gestel moet word vir goedkeuring.

"Die hoof van stafinligting van die Weermag, luit-gen Witkop Bardenhorst, het dit bevestig en gesê alle planne van die BSB moes deur die hoof van Verdediging, Magnus Malan, goedgekeur word," sê Currin.

Dison sê die Harms-kommissie was tot dusver onsuksesvol in hul ondersoek na die SA polisie moordbende- en BSB aktiwiteite weens die "afwesigheid van 'n ondersoekende benadering aan die kant van die kommissie".

Dison meen die beperking op die ondersoekveld van die Harms-kommissie is "absurd" omdat moorde en aksies teen mense, wat buite die grense van die land plaasgevind het, nie deur regter Louis Harms ondersoek mag word nie.

"Dit is 'n absurde beperking omdat anti-apartheidsaktiviste binne en buite die grense van Suid-Afrika opgetree het."

De Klerk se toegewing dat die Harms-kommissie die bewerings dat die vermoorde Swapo-aktivis, Anton Lubowski, 'n betaalde Suid-Afrikaanse agent was, mag ondersoek, is gedoen voor Namibia se onafhanklikheid.

"Lubowski se naam kon deur die toegewing en beperking besmeer word met aantygings terwyl die Lubowski-familie se prokureurs geen getuienis kon roep in verband met die moord op Lubowski nie," sê Dison. "Daar is bewyse dat die BSB betrokke was in die dophou van Lubowski en mens weet dat in dié sirkels, dit moontlik is dat die dophou van mense tot geweld kan lei bloot op die ingewing van 'n operasionele sel."

Die Informele Raad van Ondersoek na Informele Onderdrukking het Woensdag vir Magnus Malan uitgedaag om rekenskap te gee van die aktiwiteite van die BSB en die verlore dokumente wat die vordering van die Harms-kommissie kelder.

Tony Leon sê die Hiemstra-kommissie was suksesvol in hul ondersoek na die beweerde spioenasie-aktiwiteite van die Johannesburgse stadsraad. Hy sê die regskoste van die Hiemstra-kommissie word deels deur die belastingbetalers van Johannesburg betaal en deels deur die stadsraad se eie vakunie. Volgens hom beloop die regskoste ongeveer R2 miljoen.

Currin het gesê die bande tussen die BSB en regse organisasies is onstellend in die lig van 'n gesprek wat Jannie Smith met Gary Cornish, self-erkende BSB-lid, gehad het. Vrye Weekblad het verlede week verslag gedoen oor Cornish wat erken hy is 'n lid van die BSB en sê: "As ons die BSB verloor, dan het ons die oorlog verloor."

*'Vreedsame politiek steeds 'n kriminele oortreding'*

# Uit ballingskap in die vangwa

CHRISTELLE TERREBLANCHE

"WAT het verander? Niks het verander nie!"

Dit was die reaksie van Hettie September, vrou van die ANC se mede-streek koördineerder in die Wes-Kaap, Reggie September, nadat sy Saterdag tydens 'n vreedsame optog in Athlone deur die Wynbergse polisie in hegtenis geneem en kragtens die Wet op Binnelandse Veiligheid aangekla is. "Ek was nog nooit in die tronk nie. Hierdie was my vuurdoop. Ek moes dit seker verwag het", sê September (68), wat dié week haar eerste verjaardag in 27 jaar in Suid-Afrika gevier het.

Sy en haar man het 'n maand gelede uit ballingskap teruggekeer. Sy was Saterdag een van 'n klein groepie mense wat naby die Alexander Sinton-skool in Athlone byeengekom het en na die polisie-stasie sou stap om 'n petisie te oorhandig waarin vir die "einde van polisiegeweld in Natal, Sebokeng en Welkom" gevra word. Die groep het nie toestemming gevra om die optog te hou nie, omdat dit in die naam van vrede plaasgevind het.

Altesaam 26 mense is deur die Landsdownepolisie in hegtenis geneem nadat hulle gewaarsku is dat die optog kragtens seksie 74 van die Wet op Binnelandse Veiligheid onwettig is.

Nog bekendes onder dié wat gearresteer is, was Franklin Sonn, rektor van die Skiereilandse Technikon, en sy broer, Julian, wat onlangs uit Amerika teruggekeer het. "Ons het vrywillig in die vangwa geklim", sê die ma van vier en ouma van twee. "Ons moes 'n halfuur lank agterin sit omdat hulle nie geweet het wat om met ons te maak nie."



Hettie September

Daarna is hulle na die Wynbergse polisiestasie geneem, waar hulle onder seksie 27 van die Wet op Binnelandse Veiligheid ("ek gebruik dit nou so baie ek gaan dit nou WBV begin noem") aangekla is. Na vyf ure in koue selle, is hulle vrygelaat met 'n waarskuwing om op 2 Augustus in die landdroshof te verskyn. "Ek is baie, baie kwaad", sê September oor die verontwaardiging om "op uitnodiging van staatspresident FW de Klerk na Suid-Afrika terug te keer net om uit te vind dat vreedsame politieke aktiwiteite steeds 'n kriminele oortreding is.

"Ek het soos 'n regte misdadiger gevoel net omdat ek aan 'n vreedsame optog deelgeneem het", sê sy. "Die ergste was die vingerafdrukke... en wag ek moet jou iets wys". Sy gaan haal 'n wit A4 vel waarop die nommer 18 en haar naam, Henriëtta September, in swart viltpen geskryf is sodat sy daarmee uitgeken kan word.

"Daar was veranderinge", sê September, die groot krag agter die Kaapse Garment Workers Union in die vyftigerjare, "maar dit was oppervlakkig. Ek mag nou saam met blanke vroue klere in 'n winkel aanpas. Maar die groot wette staan nog. Hierdie Wet op Binnelandse Veiligheid maak my verskriklik bang. Die hele punt is dat hulle jou oor enigiets kan uitvang as dit hulle pas al het die noodtoestand verval."

Sy wou graag Woensdag weer aan 'n vreedsame optog deelneem, maar is gewaarsku dat dit nie raadsaam is nie. "Dit is tog beter om uit die tronk te wees sodat 'n mens kan help met die baie werk en organisasie van die ANC", sê sy.

Sy is besorg oor die min tyd wat die organisasie gegun word om op die been te kom. Sy en haar man is, soos ander lede van die NECC, vir drie maande teen vervolging gevrywaar.

"Wat kan jy in drie maande herstrukureer, nadat die organisasie 30 jaar lank verbode was", vra sy. "Wonderwerke neem langer as drie maande". Dan dink sy terug aan hulle aankoms 'n maand gelede op die lughawe. Toe sy verduidelik dat sy 27 jaar laas in die land was, het die paspoort-beheer vrou haar gevra: "Wat het jou so lank weggehou?". Haar en haar man se paspoorte, is soos ander NECC-lede s'n nie gestempel nie. Hulle weet nie waarom nie. Toe haar man onlangs van 'n besoek aan Lusaka weer terugkeer, is hy drie uur lank aangehou omdat daardie stempel nie in sy Britse paspoort was nie.

"Wat gaan hulle doen as die drie maande verval", wonder sy. "Hulle maak 'n grap van ons en beskuldig die ANC dan dat hy voete sleep. Verskonings. Verskonings." Haar groot begeerte is om permanent na Suid-Afrika terug te keer sodat sy met mening kan begin werk. In die 27 jaar in die buiteland het die gesin telkemale tussen Londen, Lusaka en Tanzanië gependel en nou is hul besittings oral versprei. September het 'n permanente pos by die Open University beklee.

"Ek wil regtig nie konfrontasie met die polisie hê nie", sê sy. Sy is die eerste keer in 1954, kort na die totstandkoming van die Vroueliga, ingeperk. Haar man was dikwels in en uit die tronk, maar sy verduidelik dat "iemand na die kinders moes kyk en ek het 'n lae profiel gehandhaaf".

Haar man, Reggie, is in 1960 ingeperk en is in 1963 op 'n vergadering uitgevang. Die egpaar is toe op advies van die ANC buiteland toe omdat hulle daar meer vir die organisasie kon beteken. "Iemand moes die internasionale wêreld vertel wat aangaan", verduidelik sy. Dit het nooit by haar opgekom dat sy na Suid-Afrika terug sou kom om in die tronk gestop te word nie.




Kyk wie kom kuier elke Vrydag by jou aan huis: Egbertus Klaagvoort, Brolloks en Bittergal, die Bleskoppe teen Apartheid, die Takhare vir Vrede, die Nuwe Suid-Afrika en Die Wêreld.

Dis nou as jy inteken op Vrye Weekblad. Want van volgende week af kan jy Vrye Weekblad by jou huis afgelewer kry as jy in die Kaapse Skiereiland, Stellenbosch, Paarl, Somerset-Wes of die Strand bly.

(Tuisaflewerings is natuurlik reeds in volle swang aan die Witwatersrand, Pretoria, die Vaaldriehoek en Bloemfontein. Bel gerus vir Lorna by (011) 497-2911 vir besonderhede.)

Tuisaflewering kos net R75 vir 'n jaar, of R40 vir 6 maande (AVB ingesluit).

Kaapse intekenare moet 'n tjek of posorder stuur aan: Vrye Weekblad, Posbus 171, Paardeneiland 7420

Mev. Rossouw by tel. (021) 511-0003 sal enige navrae beantwoord.

Naam ______________________

Adres ______________________

Poskode ______________________

## Winnie is 'God se perfekte mens'

# Die Mandela-sprokie in Amerika

AMANDA GOUWS

HIERDIE is die storie van 'n held en 'n heldin in Amerika.

In 'n sensitiewe stadium dat die stryd om burgerregte vir Amerikaanse minderheidsgroepe besig is om 'n terugslag te beleef en die erflating van Martin Luther King jr besig is om te verdof, het Nelson en Winnie Mandela Amerika toe gekom.

Die mense is uitgehonger vir helde en die Mandelas beskik oor al die kwaliteite wat hulle tot groter as lewensgroot in die VSA verhef.

Die politiek van burgerregte gaan op die oomblik deur 'n krisis in die VSA. Onlangs het die Amerikaanse Hooggeregshof dele van vier verskillende wette wat nie-rassigheid afgedwing het, omgekeer en dit blyk 'n voortgesette tendens te wees. Die Burgerregte Kommissie se begroting is met 60% gesny.

Rassespanning loop hoog, veral in New York, waar die Howard Beach-voorval nog vars in almal se geheue is. 'n Groep blanke mans het 'n jong swart man, Howard Beach, uit 'n blanke woonbuurt gejaag tot op 'n snelweg waar hy deur 'n motor doodgery is. Spike Lee, 'n bekende swart Amerikaanse regisseur het verlede jaar 'n rolprent gemaak met die titel Do the Right Thing, wat die subtiele, maar plofbare aard van rasseverhoudings in New York uitbeeld. Die rolprent was omstrede, juis omdat dit so 'n rou senuwee geraak het.

Boonop staan die swart burgemeester van Washington DC, Marion Barry, huidig tereg op aanklagte van dwelmmisbruik en valse getuienis voor 'n hoof-jurie. Hoop vir 'n leier wat die skoene van Martin Luther King jr kan volstaan, lyk skraal. Daarom is die stryd wat die Mandelas verteenwoordig vir baie Amerikaners so belangrik, omdat hulle eie stryd vergete geraak het en nie meer die kwaliteite het wat hulle romantiseer en waarmee hulle so totaal identifiseer in die Suid-Afrikaanse bevrydingstryd nie.

Nelson en Winnie Mandela dra die onsigbare tekens van die stryd: dié van aanhouding, van inperking, van vernedering en skeiding en van oorlewing.

En in hierdie omstandighede kom die Mandelas in die VSA aan. In New York, Boston en Washington DC het duisende mense saamgedrom om hulle te sien, om naby hulle te wees en om te kan sê hulle weet hoe die helde lyk.

Tydens 'n direkte uitsending met Ted Koppel van Nightline, het Mandela vir Koppel 'n paar minute lank sprakeloos - eintlik versteen - gehad en dit het nog nooit met Koppel gebeur nie.

In die konteks as die leier van die bevrydingsorganisasies was Mandela indrukwekkend in sy onverskrokke steun vir Arafat, Castro en Ghadaffi vir wie hy "brothers in the struggle" noem. En oral waar hy gegaan het en op alles wat hy gesê het, is sy woorde begroet met luide gejuig en krete van Amandla.

Die gesamentlike sitting van die Kongres was stampvol. Mense het selfs op die vloer van die Huis in die paadjies gestaan. Die atmosfeer was een van feesviering, eerder as die statigheid waarin in alle erns debat gevoer word oor die politieke sake van die dag. Toe Mandela inkom en vir die skare wuif, was daar 'n staande toejuiging wat drie minute geduur het. Selfs Suid-Afrika se ambassadeur, dr Piet Koornhof, het vurig saamgeklap. Niemand het ag geslaan op 'n Republikeinse lid van die Kongres se versoek, die vorige aand, om Mandela se toespraak voor die Kongres te boikot oor sy standpunt oor geweld nie.



Die ANC se vise-president Nelson Mandela en die Amerikaanse president George Bush by die Withuis.

(Foto: AP)

As daar nog tot op daardie stadium twyfel was of Mandela se oproep tot die behoud van sanksies op dowe ore sou val, is dit vinnig uit die weg geruim. Hy het 'n vurige pleidooi vir die behoud van sanksies teen Suid-Afrika gemaak asook 'n sterk betoog vir die ANC se beleid van 'n gewapende stryd gelewer.

"Ons mense sterf vandag nog as slagoffers van die gewapende agente van die staat wat nog steeds oorgehaal is om die wapen op te neem in verset teen die idee van 'n nie-rassige demokrasie," het Mandela in sy emosionele toespraak gesê.

Volgens Mandela was sanksies die hoof-aansporing vir sy vrylating en het hy die Kongres versoek om sanksies nie op te hef voordat 'n nuwe grondwet opgetrek is en demokratiese verkiesings plaasgevind het nie.

Mandela het die Kongres aan sy voete gehad. Elke nou en dan was daar 'n staande toejuiging, veral toe Mandela hom beroep het op die inspirasie van die Amerikaanse helde, George Washington, Abraham Lincoln, Thomas Jefferson, Marcus Garvey en Martin Luther King jr.

Mandela het die versekering gegee dat daar in 'n toekomstige Suid-Afrika 'n gemengde ekonomie sal wees, maar dat die herverspreiding van rykdom noodsaaklik is. Hy het die belangrike rol van die privaatsektor beklemtoon en het aangedring op 'n veelparty-demokrasie met stemreg vir almal. Dit is juis om hierdie doel van 'n veelrassige demokrasie te bereik dat hy die Kongres versoek het vir die behoud van sanksies teen Suid-Afrika. "Keep the pressure on" het reeds 'n slagspreuk in die VSA geword. Tydens sy toespraak voor die Kongres kon 'n mens die heldeverering vir hom letterlik voel groei.

By 'n spog-geleentheid wat $1000 per sitplek gekos het, het Mandela 'n ernstige beroep op Amerika gedoen om geldelike hulp aan Suid-Afrika te verleen wanneer die strukture van apartheid en rassediskriminasie heeltemal vernietig is.

"Nuwe beleggings sal dan 'n sleutelrol speel," het Mandela aan 'n juigende skare van sowat 20 000 sterk by Washington se Konvensie-sentrum gesê.

"Ons moet die land vir vrede mobiliseer. Ons moet nou personeel vir die land se ekonomiese herstel oplei. En ons hoop dat julle ons hiermee sal bystaan."

Die geld wat by die geleentheid ingesamel is, sal aan die "strydende massas van Suid-Afrika" gaan, het hy gesê.

Winnie Mandela is as 'n heldin in haar eie reg begroet. Op Sondag het die South African Women's Day Committee 'n diens gehou ter ere van haar en "al die vroue in die Suid-Afrikaanse bevrydingstryd."

Die diens het 4nm begin, maar die hoofspreker, Winnie Mandela, het eers 6.30nm opgedaag. In haar afwesigheid is sy tot 'n heldin verklaar. En baie van die belangrike vrouens in die VSA het 'n huldeblyk aan haar gebring.

Patricia Deveaux, die vrou van die pastoor van die American Methodist Episcopal Church, waar die diens gehou is, het gepraat van "the wonder of Winnie." God het aan haar die kwaliteite van Eva (deursettingsvermoë), Ester (om haar volk te kies) en Rut (lojaliteit) gegee. Haar besoek, maar meer nog haar lewe is verklaar tot 'n inspirasie vir ander vroue. Dit was 'n roerende oomblik toe die vrou van Marion Barry, Effi Barry, met haar kop trots omhoog ten spyte van die skandaal waarin haar man betrokke is, die verhoog opgestap het. Die gehoor het lank en aanhoudend geklap, as 'n teken van hul ondersteuning vir haar. Trane het oor haar wange geloop. Sy het die Mandelas bedank vir die geleentheid om haar deel van die geskiedenis te maak. Haar woorde was: "many of us never thought that we would be part of history .... but today when the plane doors opened I thought this is history, this is true history."

Jacqueline Jackson, die vrou van Jesse Jackson, het Winnie as spreker voorgestel. Sy het Winnie voorgestel as die vrou wat God gemaak het nadat Hy ná Sy skepping gerus het en besluit het Hy wil die perfekte mens maak, met die volgende kwaliteite: "she is air, she is sun, she is earth, she is like a breeze that transports seeds of change, she is a stream of information, she is justice delayed, she is justice denied."

Die byeenkoms was om hulde te bring aan die vroue van Suid-Afrika en hulde is gebring aan een vrou wat die simbool geword het van alle vrouens in die stryd.

Slegs 'n paar mense het die moed van hul oortuiging gehad om kritiese vrae te vra. Iemand het gevra hoekom Mandela die gebalde vuis wys en nie die vredesteken nie. 'n Ander het Mandela 'n sterk, maar nie 'n morele leier nie, genoem.

Daar is gewys op sy dubbele standaarde: hy verwag van die VSA om homself in die binnelandse sake van Suid-Afrika in te meng om 'n onregverdige stelsel te help vernietig, maar hyself weier om die politieke stelsels en menseregte-oortredings van Kuba, Libië en die PLO aan te spreek.

Phil Donahue, van die sensasionele Phil Donahue Show, het dit gewaag om aan Winnie Mandela te vra wat sy bedoel het toe sy gesê het "with our tyres and our matches we shall liberate this country." En hy het gevra oor Stompie Sepei. Maar hierdie kritiek het verdwyn teen die agtergrond van die statuur van Nelson en Winnie Mandela hier in die VSA. Hoeveel steun sy onwrikbare en voortgesette steun vir die gewapende stryd en aan mense soos Arafat vir Nelson Mandela gaan kos, sal eers veel later bepaal kan word.

*Amanda Gouws is 'n PhD student in Politieke Wetenskap aan die Universiteit van Illinois in die VSA.*

GEWELD

Ons gemeenskaplike bekommernis

ANC - PATRICK LEKOTA
SAP - Brig LEON MELLET
DP - TIAAN van der MERWE

Vir die eerste keer saam aan die woord!

Maandag 2 Julie om 7.45nm
JCE EKSAMENLOKAAL, ST ANDREWS STRAAT, PARKTOWN

Ons steun die reg om sonder vrees te leef

FIVE FREEDOMS FORUM

# Voëlvry?



## Hoe vry is ons nou?

Joernaliste word steeds deur 'n magdom wette en regulasies beperk. Mense wat aan protes-optogte deelneem word steeds met traanrook gespuit, met knuppels geslaan en geskiet. Die Publikasieraad gaan voort om films en boeke te verban. Wetgewing wat verslaggewing oor die polisie, weermag en gevangenes beperk, word steeds toegepas. Die dinge vind steeds plaas ten spyte van die sogenaamde "nuwe Suid-Afrika", ten spyte van ontbannings en die gees van versoening waarvan ons elke dag hoor.

Jy kan jou stem voeg by die stryd teen sensuur deur by die Anti-Censorship Action Group (ACAG) aan te sluit.

Ons maandelikse publikasie (Update) dokumenteer alle wette en regulasies van sensuur. Ledegeld is R10 vir individue en R20 vir organisasies.

**Vir meer inligting skakel: (011) 331-3517.**

A C A G
ANTI-CENSORSHIP ACTION GROUP

☐ JA, ek wil graag deel word van die stryd teen sensuur. Ek sluit in 'n tjek/posorder gekruis en uitbetaalbaar aan die Anti-Censorship Action Group vir die bedrag van R10 ☐ R20 ☐. (Merk A.S.B.)

Naam: ______________________

Posadres: ______________________

______________________ Kode: __________

Tel: (H) ______________________ (W): __________

Pos aan: Anti-Censorship Action Group, Posbus 260425, Excom 2023.

*'n Dienspligs-skuiwergat*

# Weermag los ANC-dienspligtige

PEARLIE JOUBERT

'n JONG gewetensbeswaarde van Pretoria, Louis Bredenkamp, het sy eie raad aan ander gewetensbeswaardes: "Sluit by die ANC aan en die weermag wil jou in elk geval nie daar hê nie."

Bredenkamp, 'n BS-student in sy finale jaar, het kort voor die Junie-eksamens 'n oproep van 7 Mediese Bataljon in Pretoria ontvang om 'n militêre kamp te doen.

Nadat hy 'n beëdigde verklaring afgelê het waarin hy sê dat hy as ANC-lid, weens sy gewete en politieke oortuigings nie bereid is om in die SA weermag diens te doen nie, het 7 Mediese Bataljon laat weet dat sy kampe afgestel is.

Hy sê egter dat hy nie 'n pasifis is nie. "Ek ondersteun die gewapende stryd en sien dit as een van die belangrike aspekte van die stryd teen apartheid.

"Ek sê nie dat ek nie by MK sal aansluit nie, maar tans kan ek 'n belangrike rol hier speel - om mense polities bewus te maak.

"Ek sal altyd gekant wees teen verpligte militêre diensplig omdat ek dink mense behoort 'n keuse te hê. Ek sal egter bereid wees om gemeenskapsdiens te verrig."

Bredenkamp se ouers is ook ANC-lede en sy oupa het onlangs hul gesin onterf weens hul politieke oortuigings.

"My pa se broer is 'n AWB-lid iewers in Natal en nadat mense in September verlede jaar nege skote deur 'n venster geskiet het waar ek geslaap het, het dié broer gebel en gesê erger dinge sal nog met ons gebeur en dit is maar net die begin.

"Ons is nie baie naby aan dié deel van die familie nie omdat hulle destyds baie gekant was teen die idee dat my pa met 'n Engelssprekende vrou getrou het - dié familie kom uit Zimbabwe, maar praat nou nog van Rhodesië..."

Bredenkamp sê sy politieke oortuigings was deel van 'n geleidelike proses. "My ouers was altyd redelik liberaal en sou seker vir die gewese PFP gestem het, maar ek is nie nierassig groot gemaak nie - ek was jou tipiese liberaal."

Ná skool het Bredenkamp weermag toe gegaan. "Ek behoort eintlik ook die weermag te bedank vir my politieke oortuigings vandag - as Suid-Afrikaanse soldate het ons in Angola ingegaan om Unita te help met gevegstrategieë en ons het daar oor radio's gehoor hoe Magnus Malan kategories ontken dat die weermag in Angola is - dit was baie vreemd vir my."

Hierna skryf hy in by Tukkies en deur sy pa, wat toe reeds as versekeringsmakelaar swart vriende in townships gehad het, begin hy kennis maak met swartmense.

"Telkemale het die weermag my gestop, my kar deursoek en gevra wat ek in Mamelodi doen. Ons het ook telefoonoproepe ontvang en ek is gedreig met 'n necklace indien ek weer na Mamelodi sou gaan."

"Hoewel my kuiery in Mamelodi aanvanklik heeltemal apolities was, is ek geleidelik deur dié dinge gepolitiseer."



Louis Bredenkamp

In Desember is Bredenkamp saam met vier ander wit studente in 'n shebeen in Mamelodi in hegtenis geneem. "Ons is ondervra en ek is ook gevra of ek kontak met die ANC gehad het in Harare waar ek 'n pop-konsert bygewoon het."

Bredenkamp se pa se naam is onlangs in dokumente van die Burgerlike Samewerkingsburo gevind.

"Ek vind die samewerking tussen die BSB en weermag onaanvaarbaar. Ek vind ook die telefoonoproepe wat ons al ontvang het - 'n man het eendag gebel en aan my pa gesê dat my lyk by die dodehuis is en hy dit moet kom uitken - sowel as die viktimisering deur die weermag onaanvaarbaar. Daarom weier ek om weer in die SA weermag te dien."

Bredenkamp is op die bestuur van Studente vir 'n Demokratiese Samelewing en sê in die lig van sy vorige ervarings met die weermag en sy ANC-lidmaatskap, sou dit "onredelik" wees om van hom te verwag om weermag-kampe te doen.

"Ek is nie skaam om vir ander studente te vertel dat ek 'n ANC-lid is nie. Ek dink ook dit is belangrik om met die regses te praat oor die ANC en die nuwe Suid-Afrika omdat daar soveel wanopvattinge bestaan."

Hy wil 'n "tipe gemeenskapsdiens" doen wanneer hy klaar gestudeer het - "ek sal egter ook nie die moontlikheid ontken dat ek een of ander militêre loopbaan in 'n toekomstige Suid-Afrika sal volg nie".

# Twee gladde bekke praat tesame

AUDREY BROWN

LEON Mellet praat baie oor geweld. En volgende Maandag praat hy en die ANC se Natalse streekhoof, Terror Lekota, oor dié vraagstuk by 'n vergadering wat gereël is deur die Five Freedoms Forum.

Dit is die eerste keer dat verteenwoordigers van die regering en die ANC 'n openbare platform deel. Alle gesprekke tussen dié partye het sedert 2 Februarie plaasgevind binne die konteks van die onderhandelingsproses.

Beide Mellet en Lekota het in die middel-tagtigs bekendheid verwerf as woordvoerders vir die magtigste organisasies in die land - die United Democratic Front en die departement van Wet en Orde. Hulle het dag na dag op televisie verskyn om hul standpunte te stel.

Op daardie tydstip was hulle aan verskillende kante van die draad. Lekota was van die toneel af verwyder weens aanklagte van verraad, en Mellet kon alleen voortpraat. Nou gaan hulle saampraat.

Maar die ironie van die saak ontglip blykbaar vir Mellet: In sy eie woorde praat hy "aldag" met mense van die ander kant.

"Ek het nie probleme om met Lekota 'n verhoog te deel nie. Ek sien baie uit daarna. Maar ek gaan nie oor politiek praat nie, ek praat net oor misdaad. En vir ons is geweld misdaad. Maar met Lekota het ek vrede."

Mellet het selfs saam met Thabo Mbeki op televisie verskyn toe die Amerikaanse joernalis Ted Koppel 'n fotosessie gereël het tydens Nelson Mandela se vrylating.

Dit is seker die "name of the game" deesdae.




Terror Lekota

# Nou moet oor Cottesloe gepraat word

HENNIE SERFONTEIN

DIE omstrede Cottesloe-konferensie van dertig jaar gelede is die onderwerp van 'n bespreking op 'n historiese kerke-byeenkoms wat binnekort gaan plaasvind. Deelnemers daaraan is die lidkerke van die SA Raad van Kerke en die blanke Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK).

Hierdie beraad sal gehou word voor die groot byeenkoms van alle kerke en kerkgenootskappe wat nou in Novemer gaan plaasvind nadat staatspresident FW de Klerk die regering se betrokkenheid daaraan onttrek het.

Vroeër vanjaar het eerwaarde Frank Chikane, die algemene sekretaris van die SARK, dit duidelik gestel dat die hele kwessie rondom Cottesloe 'n groot struikelblok is vir toekomstige gesprekke met die NGK. Dit moet eers uit die weg geruim word voordat lidkerke van die SARK om 'n konferensietafel met die NGK sou sit.

Ná die 1960 Cottesloe-beraad het verteenwoordigers van die NGK onder politieke druk geswig. Hulle het hulself gedistansieer van besluite waarin apartheid verwerp is en wat entoesiasties deur hulleself ondersteun is.

Ook het die NG kerk homself onttrek van die Wereldraad van Kerke en die SARK.

In die drie dekades daarna het die NG kerk geweier om deel te neem aan gesprekke met die SARK of om hul byeenskomste by te woon, selfs as waarnemers. Uitnodigings deur die SARK na vergaderings is eenvoudig geïgnoreer.

Professor Johan Heyns, voorsitter van die Algemene Sinode van die NGK, sê: "So 'n vergadering tussen die NGK en SARK gaan wel plaasvind. Ons wag net op die uitnodiging van die SARK wat die beraad reël."

Dokter Allan Boesak, moderator van die NG-sendingkerk was die dryfkrag agter die skerms om hierdie versoeningsbyeenkoms moontlik te maak, na gesprekke tussen hom en leiers van die SARK en met professor Heyns.

# SHE'S GOT WOBBLY LEGS AND A PROUD MOTHER.



# AND THOUSANDS OF ENEMIES.

The more we change the world to suit us, the more we threaten the plants and animals around us. People, pollution, drought, over-population ...these are just a few of the enemies. For Shell, the issue is clear. We know that we have to exercise the highest possible degree of responsibility in everything we do.

Working
to make a difference.

## SARK beleef 'n identiteitskrisis

# Rol van kerk dramaties verander

INA VAN DER LINDE

**DIE einde van 'n lang, traumatiese hoofstuk in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke het dié week tydens die SARK se jaarlikse Nasionale Konferensie in Bellville ten einde geloop.**

Die besef dat die "kerk in opposisie" met die wettiging van die PAC en die ANC en die nuwe vryheid wat politieke organisasies en vakbonde geniet, 'n deel van sy wese moet afstaan, het die SARK in 'n identiteitskrisis gedompel.

Dit het tyd geword vir 'n ernstige voorraad-opname.

"Ons moet op 'n ander manier as voorheen sensitief wees vir die politieke organisasies se bestaan en teenwoordigheid. Sulke sensitiwiteit kan die vorm aanneem van beraadslaging, samewerking met, of algehele onpartydigheid", het die uittredende president, dr Manas Buthelezi, gesê.

Die basiese taak van die Kerk sê hy, is evangelisasie, die besorging van hongeres en naaktes, om profeties op te tree, en sake soos geregtigheid en versoening aan te spreek.

Die SARK het veral ná die 1976-opstande in Soweto toenemend die politieke leemte begin vul wat gelaat is deur die voortdurende vervolging en aanhouding van anti-apartheidsgroepe en -leiers. Hulle het ook begin om politieke rigting aan te dui en het die verspreidingspunt geword waarheen humanitêre hulp van regoor die wêreld begin stroom het.

"Apartheid het gesorg dat die SARK ontwikkel het tot 'n massiewe agentskap wat fondse ontvang en versprei", het dr Buthelezi dit vroeër die week gestel.

"Apartheid het die SARK se agenda so oorheers dat basiese verantwoordelikhede verwaarloos is", meen hy.

Dit het ook onlangs begin blyk dat die positiewe veranderinge in Suid-Afrika en ander verwikkelinge wêreldwyd die moontlikheid al hoe sterker laat word dat die SARK se inkomste, wat veral kom van goedgesinde kerke en organisasies in Europa en Amerika, kwyn.

Dit dwing die SARK om ernstig na binne te begin kyk.

Die SARK se begroting het die afgelope nege jaar gegroei van sowat R3 miljoen in 1981 tot R29.07 miljoen in 1989.

Vanjaar se begroting van R34,6 miljoen moes gesnoei word tot sowat R26 miljoen.

Van hierdie bedrag dra lidkerke net sowat drie persent by.

Die finansiële krag van die SARK het bygedra tot die sosiale invloedrykheid van die liggaam in die gemeenskap. Wat gaan in die toekoms hiervan word, word gevra.



Manas Buthelezi

Die sterk finansiële posisie van die SARK het ook 'n ander uitwerking op die ekumeniese liggaam gehad. Dit het heeltemal onafhanklik begin funksioneer van die kerke wat aan hom sy bestaansreg verleen.

Hieroor was besoekende kerkleiers krities. Kritiek, veral van wit kant, word gehoor dat die SARK ontwikkel het tot 'n entiteit wat 'n lewe van sy eie voer. Dit het 'n onafhanklike bron van inkomste en 'n eie agenda.

Vir die eerste keer vra lidkerke wat gaan gebeur indien die SARK se inkomste begin opdroog. Lidkerke sal nie die SARK se agenda kan voortsit nie, want hulle gaan meesal self gebuk onder eie finansiële laste en kan skaars hul eie begrotings laat klop.

'n Debat wat in die toekoms sterker na vore sal kom, is die historiese en teologiese verskille tussen kerke en die SARK, sê dr Buthelezi.

"Ons het aanhoudend vir diegene daarbuite gesê dat ons reeds verenig is, omdat ons dieselfde maatskaplike kwessies aanpak. Is dit genoeg? Wat gaan van ons eenheid word as apartheid daarmee heen is?"

Hy en verskeie ander kerkleiers meen die SARK het 'n nuwe visie en nuwe idees nodig vir sy taak in 'n nuwe Suid-Afrika. Vele kerkleiers het dié week beklemtoon dat die taak van die "kerk in opposisie" om geregtigheid en versoening te predik, nie saam met apartheid sal verdwyn nie.

Die ware toets van die integriteit van die SARK het een bejaarde predikant gesê, is of die liggaam in 'n tyd wat sy stem nie meer so baie gaan tel as voorheen nie, in staat gaan wees om die kleed van die dienskneg om te hang.

## Chikane skets kerk se politieke rol



Frank Chikane

INA VAN DER LINDE

DIE konsep dat die afbreekproses van die stelsel van apartheid eers 'n onomkeerbare stadium moet bereik voordat sanksie-druk op Suid-Afrika opgehef kan word, het 'n waterdigte definisie nodig, het eerwaarde Frank Chikane, hoofsekretaris van die SA Raad van Kerke (SARK) vandeesweek in sy verslag voor die 22ste Nasionale Konferensie van die liggaam gesê.

Chikane het in 'n lywige verslag oor die huidige stand van sake in die land, 'n aanduiding gegee dat die SARK steeds 'n rol wil speel in die onderhandelingsproses vorentoe.

Die afbreekproses van apartheid sal net onomkeerbaar wees wanneer "die grondwetgewende vergadering bevestig is en die soewereine mag van die bestaande wetgewende strukture verwyder is," het Chikane gesê.

Chikane sê solank as wat die mag om wette vir die land te maak in die huidige wetgewende strukture gesetel is, sal 'n meerderheidstem in die parlement die hele proses kan omkeer.

In 'n voorstel wat na verwagting deur die konferensie aanvaar sal word, vra Chikane, dat:

* die bogenoemde definisie van onomkeerbaarheid aanvaar word en landwyd en internasionaal bekend gestel word;

* die SARK sy huidige standpunt oor sanksie-druk behou totdat die proses van onomkeerbaarheid bereik is;

* die internasionale gemeenskap aangemoedig word om die SARK se standpunt aan hul regerings en ander instellings te stel.

Chikane het gesê die ANC en die PAC glo dat 'n grondwetgewende vergadering die mees demokratiese meganisme is om oor 'n nie-rassige, demokratiese grondwet vir Suid-Afrika te besluit.

Chikane het ook gevra dat die konferensie moet besluit om die regering te vra om alle struikelblokke te verwyder; om te besluit dat 'n grondwetlike vergadering die doeltreffendste metode van onderhandeling is; dat die doodsvonnis heeltemal afgeskaf moet word; dat die landwet op grondbesit afgeskaf word en dat ondersoek ingestel word na die wyse waarop 'n herverdeling van grond moet plaasvind.

# SAUK dank Erasmus af

JACQUES PAUW

DIE hoof van opvoedkundige programme van die SAUK, dr Pieter Erasmus, is na maande van bittere twis, 'n hooggeregshofsaak, 'n interne dissiplinêre verhoor en verskeie nywerheidshofsake deur die korporasie afgedank.

Die drama rondom Erasmus het in Augustus verlede jaar begin toe Vrye Weekblad berigte gepubliseer het dat drie senior bestuurders van die SAUK ernstige klagtes van korrupsie, wanbestuur en geldvermorsing teen Erasmus aanhangig gemaak het.

Die amptenare het beweer dat hulle vir maande die slagoffers van intimidasie en viktimisering van Erasmus was. 'n Hooggeregshof-interdik van die SAUK en Erasmus om Vrye Weekblad te verhoed om die artikels te publiseer, het misluk.

Erasmus is twee weke gelede skielik afgedank - enkele maande nadat hy tydens 'n dissiplinêre verhoor, waartydens daar na bewering verskeie ongerymdhede plaasgevind het, op 81 klagtes onskuldig bevind is.

Sy status in die SAUK is nogtans verlaag toe die departement van opvoedkundige programme in twee verdeel en 'n direkteur, Gerrit Coetzee, bokant hom aangestel is.

Daar is tans drie hangende nywerheidshofsake rondom Erasmus se doen en late.

Erasmus self het 'n nywerheidshofsaak teen die SAUK waarin hy aanvoer dat ondanks die feit dat hy onskuldig bevind is, sy status en aansien verlaag is.

Die SAUK se rede vir Erasmus se ontslag is die "groot gaping" wat tussen hom en sy personeel ontstaan het.

Die SAUK is vir maande daarvan beskuldig dat hulle ondanks bewyse van ernstige korrupsie teen Erasmus, in gebreke gebly het om teen hom op te tree.

So byvoorbeeld is hulle in besit van 'n bandopname waarin 'n bekende filmmaker vertel hoe hy Erasmus omkoop.

In die verslae van die drie bestuurders word gesê dat Erasmus aan senior personeel vertel het dat hy genoeg bewyse van wangedrag en korrupsie deur senior personeel van die SAUK het om "die hele plek in duie te laat stort".

Verskeie versoeningspogings is die afgelope jaar deur die SAUK onderneem om die geskille tussen Erasmus en sy personeel te besleg.

Nege personeellede het al klagtes teen Erasmus ingedien.

## *Moordkomplot...of bierblikpraatjies?*

# Die bewyse - op band

**Daar is vandeesweek gesê dat 'n groep ver-regses se planne om terreur en sabotasie in Suid-Afrika te pleeg, niks anders is nie as 'n klomp bierblikpraatjies. Die regses wat aangekeer en ondervra is, het gesê dat hulle blatant uitgelok is en in elk geval geweet het dat Jannie Smith nie betroubaar is nie. JACQUES PAUW skets die gebeure wat tot verlede week se beriggewing in Vrye Weekblad aanleiding gegee het.**

DIE eerste kontak tussen Jannie Smith en die ver-regses vind op 2 Februarie 1990 plaas toe Heinrich Beissner, streekraadsleier van die Oos-Rand en hoofkommandant in die AWB, hom bel.

Smith maak hierna 'n afspraak met Joos Kleynhans, 'n AWB-lid van Kemptonpark, en sien hom op 5 Februarie. Kleynhans vertel hom van enkele terreurplanne van die AWB, soos die opblaas van kragstasies.

Hy is verskeie kere hierna weer deur Beissner en ander ver-regses gekontak en onder meer na vergaderings van Eugene TerreBlanche uitgenooi.

Aan die einde van Maart het Beissner, Welgemoed en die Kemptonparkse KP-stadsraadslid, Greyling Bezuidenhout, vir Smith besoek en voorgestel dat hy Mandela moet elimineer. Hy het 'n plan om die ANC-leier uit 'n helikopter te skiet, as onprakties verwerp.

Op versoek van Vrye Weekblad het Smith weer op Donderdag, 14 Junie 1990 met Beissner kontak gemaak. Hy het Smith dieselfde aand om ongeveer sesuur kom sien.

Beissner het homself as 'n gewese kaptein in die Duitse SS voorgestel en aan Smith gesê: "Jannie, ek weet presies wie jy is. Sodra ons iemand ontmoet, dan vat ek net sy persoonlike identiteitsnommer...op die computer en dan kom alles uit."

Beissner het in besonderhede uitgebrei oor die militêre strukture van die AWB, die feit dat hulle 'n tekort aan geld en goeie organisasie het, en vertel van die plan om Soweto se drinkwater te vergiftig.

Vroeër dieselfde dag het Smith 'n gesprek met Hertjies Engelbrecht en Jan Heyneke, onderskeidelik hoof van sekuriteit en burgerlike beskerming by die Boksburgse Stadsraad, in sy kantoor by die stadsraad gevoer.

Engelbrecht het tydens dié ontmoeting gesê dat hy op soek is na 'n ongeregistreerde wapen om ANC-lede mee te skiet.

Op Maandag, 18 Junie 1990 om ongeveer twaalfuur het die eerste gesprek tussen onder-burgemeester TJ Ferreira en Smith in eersgenoemde se kantoor plaasgevind.

Hier is uittreksels van die gesprek tussen Ferreira en Smith:

Ferreira: "As ek 'n opgeleide assasin was, was ek al lankal daarby betrokke...

Smith: "Ken jy vir Chris Welgemoed? Ek kan iets by hom kry, maar wat?"

Ferreira: "Wat ons by dié ou moet kry, is iets wat groot skade kan doen...Wat ek probeer sê, ons het nou 'n ding voorgestel, hulle is bakgat...ek het met 'n paar van hulle gesels...Anders as Piet Skiet sal ons nie tien swartes skiet so elke twee maande nie. 'n Paar ouens bekak hulself reeds...

Smith: "Nee, maar dit sal nog steeds aangaan."

Ferreira: "Nee dit sal nie, ek belowe vir jou. Daar is genoeg van hulle wat vir FW gaan sê fok jou ou pêl, nou stop ons, nou wil onsself regeer...Hoe beskerm die polisie al 112 LP's?

Smith: Nee, hulle beskerm hulle nie, hulle kan nie. Dit is maar net die ministers wat beskerm word.

Ferreira: "Ja, en selfs hulle kan jy bykom as jy regtig wil. Ek het al gekyk, om FW by te kom... is die fokken maklikste ding onder die son...Daar waar hy ingaan, as jy een van die daai geboue kan binnegaan..."

Verwysende na die sluipmoordenaar wat gebruik moet word om die NP-LP vir Boksburg, Sakkie Blancé, te skiet, sê Ferreira: "So 'n ou, kyk, as jy 'n mal genoeg ou kry, ons moet so 'n ou slaan, al word hy gevang...Sakkie is oop...Ons moet begin met die LV's, dat hulle skrik. Ons kry vir Sakkie...Kyk, hy (die beoogde moordenaar) was in 'n moerse ongeluk. Hy was al in Weskoppies gewees. Hy kom gereeld Boksburg toe in sy, kaki-kleertjies, want hy haat so die kaffers. Dis maklik om hom enige ding te laat doen, maklik. As jy hom kan kry, sal hy skiet en hy kan redelik akkuraat skiet..

"...Ja, sien, dit is baie maklik om in die parlement te kom, as jy die LV's...dan sit hulle in die gange en sulke plekke. Sien as jy 'n klomp ouens uithaal, jy gooi die land in chaos, klaar. As jy 'n paar ouens het wat hulle storie ken...daar bo en hulle trek saam los, elkeen kan vyf doodskiet voordat die ouens hulle kan stop.

Smith: "Binne die parlement het hulle nie sekerheidsouens nie."

Ferreira: "So daar kan jy skiet, jy lê aan op die regte ouens op dieselfde oomblik - Pik, Vlok, Malan, Geldenhuys.

Smith: "Maar Malan is van verdediging."

Ferreira: "Nee man, hy kan ook maar waai, hy moes lankal gewaai het as hy iets werd is. Hy is 'n slapgat. Jy moet die top vyf ouens saamvat, en wat ook al roer. So 'n paar hôtnots ook, net om die land in totale chaos te sit, want dit is wat ons nodig het...Ons moet stadig. Al wat mens moet doen, is om die regte manne te slaan."

Op dieslfde dag om vieruur het Smith 'n gesprek in 'n restourant met Joos Kleynhans, aktiewe AWB-lid van Kemptonpark, gehad.

Kleynhans het twee leë patroondoppies met ontbrandingstowwe aan Smith gegee waarmee brande in supermarkte begin moes word. Hy het ook gesê dat hulle kragstasies gaan opblaas en vir Mariëtta Kruger en Riaan Cruywagen wil vermoor.

Dieselfde aand het Smith 'n tweede gesprek met Beissner gevoer en 'n telefoonoproep na Welgemoed gemaak.

Tydens die gesprek met Beissner het hy bevestig dat daar voorheen 'n plan was om Mandela te vermoor, dat die AWB 'n bank wou beroof om fondse te kry en het Smith gevra om eliminasieplanne op band te sit.

Die volgende oggend, Dinsdag 16 Junie, het Smith weer 'n ontmoeting met Ferreira gehad. Hierdie keer was ene Chris, wat volgens Ferreira geestesongesteld is, ook teenwoordig.

Smith: "Hoe voel jy oor eliminasies?"

Chris: "Man, ek het netnou vir TJ gesê, as ek saam met Piet Skiet kan kom, dan sal ek 'n paar ouens definitief klop. Ek praat nie van houtkoppe nie, want die goed pla my nie...maar die wit ouens van die Nasionale Party. En daar is 'n hele paar van hulle."

Smith: "So jy praat van LP's?"

Chris: "O ja, definitief."

Smith: "Soek jy 'n wapen?"

Chris: "As ek 'n wapen in die hande kan kry, 'n afgesaagde haelgeweer of 'n ongemerkte R1. Hulle moet net nie gemerk wees nie. Hulle moet nie kan terugtrace van wie af dit kom nie. Blanché...hy's nes FW. Hy's 'n regte hond. Ek wil nie my kinders laat grootword in hierdie omstandighede nie."

Smith: "Het jy en TJ al oor dié dinge gepraat?



**Heinrich Beissner**

Chris: "Ja, baie."

Smith: "So TJ het al die planne met jou beraam en so aan."

Chris.: "Ja."

Smith: "So jy het basies net 'n wapen nodig?"

Chris: "Ek het nie moed nodig nie. Ek het my moed. Ek het nie redes nodig nie, want daar is oorgenoeg redes. Ek soek net 'n wapen, dis al."

Smith: Hoe gaan jy weet om die regte LP's uit te haal?"

Ferreira: "Kom ons kyk na ons LP's. Jy moet die vrees hê hier. Ek sal jou sê hoekom hier. Kom ons kyk na Boksburg se situasie.

Smith: "Hoekom wil jy hier rond slaan?"

Ferreira: "As jy nou Blanché vat...jy het twaalf Nasionale Party LV's hier waarvan heelwat na regs swaai. Minstens sewe is regs."

Smith: "Moet ek 'n ontmoeting reël met 'n hoë offisier van die ANC?"

Ferreira: "Kan ons hom uithaal? Waar sal ons...net nie in sy kantoor nie. Okay, reël dit vir ons."

Smith: "Met wat gaan jy hom uithaal?

Ferreira: "Nee, ek sny sy keel af, man. Jy skiet nie so ou nie. Meer bloedig, baie mooi. Hy moet stadig doodgaan. Ons moet sit so reël dat hy nie geskiet word nie. Reël dit vir ons, ek is ernstig daaroor. Hulle wil mos met die regses onderhandel.

Smith: "Is julle ouens olraait met wapens?"

Ferreira: "Nee, nie heeltemal nie, ons soek nog. Ons kon nou die dag....3 000 (die getal is onduidelik) nege mills in België gekoop het. Ons het 'n halfmiljoen rand nodig gehad. Ons kon nie die geld bymekaar kry nie."

Dieselfde aand om sewe-uur het Smith 'n ontmoeting met Gary Cornish, selferkende lid van die Burgerlike Samewerkingsburo (BSB), in Smith se huis gehad. Kort hierna het Beissner opgedaag.

Cornish: "I am not a member of the AWB...because I am CCB, which I am sure you know of. I was D40. My case came up in South West during South African rule. So I am safe. Calla phones me and asked me wat moet ek doen and I said Calla relax."

Smith: "Maar hulle (BSB's binne die AWB) is nie geregistreer nie.?

Cornish: "They are not registered. I told Eugene last year, because he said, Gary, sluit aan...Eugene said to me last year, join the AWB and I said to him no I can not."

Smith: "Maar die CCB-members op die oomblik, hulle doen training in die AWB?

Cornish: "Hulle is betrokke, maar nie fisies nie. Die mense weet nie wie hulle is nie."

Smith: "So jy het jou wapenopslagplek?"

Cornish: "Ek het 500 gewere. Ek het 500 FN's. Ek het 50 000 patrone. Ek het honderd nine mils. I've got 7 RPG 7's."

Smith: "Het jy al gehoor hulle wil Mandela assasinate?

Cornish: "Ja...ek het die outjie die 303 gegee wat dit gaan doen. He's got the 303 already, when Mandela gets back he is dead. And Slovo. Slovo is going to be cut down."

Smith: "Met ander woorde, julle plan vir Mandela is klaar?"

Cornish: "When he comes back, he is dead meat at Jan Smuts, never mind in Soweto."

Smith: "So daai ding wat oom Heinrich-hulle van Mandela praat, is klaar gereël?

Cornish: "The guy has got the 303. He only has three bullets. But that is all it is gonna take.

Smith: "Telescope as well?"

Cornish: "Telescope, nightsight, everything. When he gets off plane...no tracks."

Smith: "Ek weet dit sou vroeër gebeur het, maar iets het gebeur."

Cornish: "We missed the boat because of Piet. When Piet got caught, there were actually going to be a military overthrow. Piet got caught so we stopped out of it. The only time you can do it, is when they relax. So I said no, stop the boat."

Tydens die gesprek tussen Beissner, Smith en Cornish het die AWB-leier Smith gevra om aan die hoof te staan van hulle militêre planne, wat die moord op Mandela, opblaas van kragstasies, vergiftiging van drinkwater, sabotasie van damwalle en eliminasies van blanke LP's insluit.

Vrye Weekblad het die Veiligheidspolisie die volgende oggend om tienuur vir die eerste keer van die gesprekke ingelig. Smith het dieselfde middag afsprake met Beissner en Cornish gehad, maar hulle het nie opgedaag nie.

Die polisie het Donderdagaand self 'n gesprek tussen Cornish en Smith op band opgeneem voor hul toegeslaan en hom in hegtenis geneem het.

Dieselfde aand is die gesin Smith in veilige polisiebewaking geneem en na 'n plek geneem waar hulle opgepas sou word.

By geeneen van die genoemde ontmoetings was daar enige drank betrokke nie.

DP KERMIS DP

BY DIE DIERETUINMEER

PRET VIR DIE HELE GESIN

Talle opwindende stalletjies: Daar's boeke, koeke, plante, speletjies, winskopies, heerlike kos en 'n "wit olifant" kraampie. Daar's baie pryse wat gewen kan word en vermaak wat die hele dag duur!

Kermis begin om 09:00

Dis jou kans om 'n Fiat Uno te wen!

Saterdag Junie 30

*Mellet mislei media*

# Só het hulle gelieg

**'n VREEMDE reaksie vanuit polisiekringe en die Afrikaanse pers het gevolg op verlede week se onthullings dat ver-regse elemente ANC-leiers wil vermoor en die land in 'n orgie van geweld wil omskep. Beeld het prontuit gesê dis 'n klomp snert, terwyl Rapport dit as emosionele bierpraatjies bestempel het. Daarby het polisie-woordvoerders blatante leuens aan die media vertel. JACQUES PAUW kyk na die belangrikste leuens van die week.**

**LEUEN 1: Brig Leon Mellet, woordvoerder van die minister van Wet en Orde: Die brigadier het in Sondag se City Press gesê hy weet niks van enige bandopnames nie. Hy het aan Rapport gesê die feit dat die verdagtes so gou ondervra en weer vrygelaat is, dui daarop dat daar "geen waarheid in Smith se beweringe steek nie".**

**DIE WAARHEID: Die bandopnames van die gesprekke tussen Smith en die regses is verlede Donderdagnag aan die polisie se ondersoekbeampte oorhandig. Die polisie het reeds vroeër in die week insae in van die gesprekke gehad.**

**Vrye Weekblad is voorts die versekering gegee dat moontlike klagtes teen van die sameswee-ders oorweeg word en dat die saak gewis na die prokureur-generaal verwys gaan word.**

**LEUEN 2: Genl-maj Herman Stadler, hoof van openbare betrekkinge van die SA Polisie: Stadler het aan Rapport gesê: "In dié geval blyk dit dat die beweringe slegs op emosionele uitsprake deur individue gegrond is."**

**In verskeie koerante ontken die polisie dat Smith deur hulle beskerm word.**

**DIE WAARHEID: Die gesin Smith is reeds sedert verlede Donderdagaand onder polisiebewaking.**

**Vrye Weekblad het Woensdag aan Stadler gevra of hy tydens die uitreiking van dié verklarings reeds insae in die bandopnames of transkripsies gehad het. Teen druktyd het ons nog nie 'n antwoord ontvang nie.**

**LEUEN 3: Rapport: Dié koerant skryf in 'n voorbladberig: "Emosionele bierpraatjies deur enkelinge wat op onverantwoordelike wyse uitgelok is om gevoelens op te sweep...Selfs iets uit 'n Pienk Panther-rolprent..."**

**Dié koerant sê voorts dat hy vasgestel het dat Smith nooit vir die Nasionale Intelligensiediens of die Veiligheidspolisie gewerk het nie en dat dit onwaar is dat die BSB wapens en opleiding aan die AWB verskaf.**

**Hul bron is Joe Verster, besturende direkteur van die BSB. Rapport sê ook dat Cornish nie 'n lid van die BSB is nie.**

**DIE WAARHEID: Dit was beslis nie "emosionele bierpraatjies" nie. Daar was nooit drank by enige gesprek betrokke nie. Niemand is op "onverantwoordelike wyse" uitgelok om gevoelens op te sweep of moord te beplan nie.**

**Die gesprekke tussen die mans dui op berekende, uitgewerkte planne om geweld en terreur te pleeg.**

**Smith het sonder twyfel vir die Veiligheidspolisie en die Nasionale Intelligensiediens gewerk. Smith was in 1987 en 1988 deel van 'n slinkse plan van die Nasionale Intelligensiediens en die Veiligheidspolisie om dr Allan Boesak en ander anti-apartheidsleiers saam met Russiese diplomate in 'n lokval te lei en 'n internasionale skandaal te ontketen.**

**Boesak onthou vir Smith, 'n judo-Springbok, baie goed. Hy het Boesak by twee geleenthede in sy Springbokbaadjie besoek en aangebied om 'n ontmoeting tussen hom en 'n Russiese diplomaat in Kaapstad te reël.**

**Sy hanteerders in die veiligheidspolisie was kapt Kosie Horn en majoor Vic McPherson. Hy het spesiale opleiding in agtervolging, ondervraging en die hantering van wapens op 'n plaas buite Pretoria ontvang.**

**Cornish herhaal by verskeie geleenthede sy verbintenis met die BSB. Tydens 'n opname wat verlede Donderdagaand deur die polisie self gemaak is, herbevestig hy dit. Hy het 'n intieme kennis van die BSB en ken Calla Botha goed.**

**Verster, wat met sy nar-agtige uitrusting gedreig het om die Harms-kommissie in 'n sirkus te laat ontaard, het voor dié kommissie erken dat hy bevele van die hoogste vlak verontagsaam, in eie belang optree en bedreig voel deur politieke hervormings. Hy het geen geloofwaardigheid nie.**

**LEUEN 4: Beeld: Dié koerant sê in 'n hoofberig dat die regse komplot snert is, en haal TJ Ferreira aan wat sê die hele bohaai is 'n "pot snert".**

**Beeld sê voorts dat Heinrich Beissner nooit in die Duitse SS was nie en ook nie vir die Buro vir Staatsveiligheid gewerk het nie. Dié koerant kon ook nie bevestiging kry dat Cornish in die BSB was nie en sê dat hy "bo redelike twyfel" vasgestel het dat Cornish en Botha mekaar ken omdat hul een keer saam rugby gespeel het.**

**DIE WAARHEID: Beissner sê self dat hy 'n kaptein in die Duitse SS was. Hy voeg by dat hy 'n "swart-uniform-SS" was en nie 'n grys-uniform-SS nie. Hy sê hy ken vir Langhendrik van den Bergh persoonlik omdat hy vir hom gewerk het.**

**LEUEN 5: TJ Ferreira: Hy het gesê die hele bohaai "is 'n pot snert en 'n gejaag na publisiteit". Alles wat aan Smith gesê is, is "grappenderwys" gesê.**

**Verwysende na Smith, het Ferreira gesê: "Ek het hom nooit ernstig opgeneem nie. Hy is 'n grootbek wat baie praat."**

**Ferreira beweer dat Smith hom gevra het om iemand in die hande te kry om Mariëtta Kruger en Riaan Cruywagen te skiet. Hy sê dit sou baie dom wees om 'n Nasionale Party-LP te skiet en dat hy steeds in die parlementêre proses glo.**

**DIE WAARHEID: Uit die transkripsies is dit duidelik dat Ferreira nie grappenderwys na die beoogde eliminasies verwys nie. Ferreira is die een wat die planne beraam om "linkses" te vermoor, vertel van wapens wat hy in die buiteland wou aankoop en hoe maklik dit is om mense in die parlement te skiet.**

**Het hy wel alles "grappenderwys" aan Smith gesê en geweet hy is vals, is Ferreira as gesoute politikus ongelooflik naïef as hy nie die gevolge van sulke uitlatings besef nie.**

**Smith is nie in AWB- en KP-kringe ontmasker nie. Beissner vertel inteendeel dat hy navraag oor Smith gedoen het en hom vertrou. Met Smith en Beissner se laaste ontmoeting, sê Beissner vir Smith dat hy hom absoluut vertrou - hy verwys na hom as "my offisier".**

**Ferreira sê op die bande dat dit 'n "goeie idee" is om die twee televisie-aanbieders te skiet. Hy sê hy wil juis 'n "linkse" LP skiet om die regering se hervormingsbeleid te stop.**

**LEUEN 6: AWB: Beissner is nie 'n hoofkommandant of streeksleier van die AWB nie, het sy hoofsekretaris, Kays Smit, in 'n verklaring gesê.**

**DIE WAARHEID: Dokumente in Beissner se besit bewys dat hy 'n streeksleier van die AWB vir die Oos- en Midrandstreek is, en verskeie briewe wat van hoofkantoor af aan hom gerig is, dui daarop dat hy 'n hoofkommandant is. Dit is ook soos hy homself voorstel.**

**Dit is inderdaad Beissner wat vir Smith kontak en by sy huis kom sien, en nie andersom nie.**

***Die SA Weermag het gister in 'n verklaring ontken dat Cornish ooit lid van die Staande Mag was, of tot 32 Bataljon toegevoeg was. Die SAW meld in die verklaring egter niks van sy beweerde lidmaatskap van die BSB nie.**

DRINGENDE BOODSKAP

*AAN: BRIG LEON MELLET*

*VAN: MAX DU PREEZ*

NA AANLEIDING VAN DIE GESPREKKE WAT ADV EBERHARD BERTELSMANN, SC. GISTER MET U GEVOER HET OOR U VERKLARINGS AAN ONDER MEER RAPPORT EN CITY PRESS OOR DIE REGSE SAMESWERINGS, NET DIE VOLGENDE:

1. DIE VERKLARING DEUR U MINISTER UITGEREIK WAT WOENSDAGAAND DEUR SAPA UITGESTUUR IS, HET ONS DESWARE NIE VOLDOENDE AANGESPREEK NIE.

2. RAPPORT HET U SONDAG 24 JUNIE SO AANGEHAAL: "BRIG LEON MELLET, WOORDVOERDER VAN DIE MINISTER VAN WET EN ORDE, SE GISTER AAN RAPPORT DIE FEIT DAT DIE VERDAGTES SO GOU ONDERVRA EN WEER VRYGELAAT IS, DUI DAAROP DAT DAAR 'GEEN WAARHEID IN MNR SMITH SE BEWERINGE STEEK NIE.'"

3. CITY PRESS VAN 24 JUNIE BERIG SO OOR HUL GESPREKKE MET U EN KOLLEGAS: "BUT BOTH MINISTER OF LAW AND ORDER ADRIAAN VLOK'S PRESS OFFICER BRIG LEON MELLET AND SAP LIAISON OFFICER BRIG VIC HAYNES DENIED ANY KNOWLEDGE OF THE TAPES."

4. THE CITIZEN VAN 23 JUNIE HAAL GENL HERMAN STADLER AAN DAT SY "PERSONAL OPINION IS THAT IT SEEMS TO BE EMOTIONAL OUTBURSTS FROM INDIVIDUALS."

5. GENL STADLER SE IN RAPPORT VAN 24 JUNIE: "IN DIE GEVAL BLYK DIT EGTER DAT DIE BEWERINGE SLEGS OP EMOSIONELE UITSPRAKE DEUR INDIVIDUE GEGROND IS."

5. THE CITIZEN VAN 23 JUNIE SKRYF NA AANLEIDING VAN MY VERKLARING TYDENS 'N PERSKONFERENSIE DAT JANNIE SMITH DEUR DIE POLISIE BEWAAK WORD: "HOWEVER, A POLICE SPOKESMAN IN PRETORIA SAID MR SMITH WAS NOT UNDER ANY POLICE PROTECTION."

6. BEELD VAN 23 JUNIE SKRYF: "DIE POLISIE HET GISTER ONTKEN DAT MNR JANNIE SMITH, DIE MAN WAT 'N BEWEERDE VER-REGSE MOORD-KOMPLOT BLOOTGELE HET, ERENS ONDER POLISIE-BEWAKING IS."

KAN EK U DUS AS 'N SAAK VAN DRINGENDHEID VRA OM SO GOU AS MOONTLIK OP DIE VOLGENDE VRAE TE ANTWOORD:

1. STAAN U BY U VERKLARING IN RAPPORT DAT "DAAR GEEN WAARHEID IN MNR SMITH SE BEWERINGE STEEK NIE"?

2. WAAROM HET U AAN DIE MEDIA GESE VRYE WEEKBLAD HET NIE DIE BANDOPNAMES WAT TYDENS DIE ONDERSOEK GEMAAK IS, AAN DIE POLISIE OORHANDIG NIE AS U GOED GEWEET HET OP WATTER HOE VLAK DIE BANDOPNAMES REEDS VROEG VRYDAGOGGEND SAAM MET TRANSKRIPSIES DAARVAN OORHANDIG IS?

3. WAAROM HET U EN U KANTOOR EN U KOLLEGAS AAN DIE MEDIA GESE JANNIE SMITH WORD NIE DEUR DIE POLISIE BEWAAK NIE AS U GOED GEWEET HET DAT HY IN OPDRAG VAN U MINISTER SE KANTOOR REEDS SEDERT DONDERDAGOGGEND BUITE JOHANNESBURG IN BEHOORLIKE POLISIE-BEWAKING IS NADAT VERSKEIE SENIOR OFFISIERE HOM PERSOONLIK BY VRYE WEEKBLAD SE KANTORE KOM HAAL HET?

4. HET U IN VERTROULIKE AGTERGROND-GESPREKKE MET JOERNALISTE WAT U OOR DIE VOORVAL UITGEVRA HET, GESE U DINK DIT WAS 'N KOMPLOT VAN DIE REGSES OM VRYE WEEKBLAD TE DISKREDITEER?

5. WATTER MOTIVERING SKUIL AGTER U KLAARBLYKLIKE POGINGS OM VRYE WEEKBLAD SE GELOOFWAARDIGHEID TE PROBEER ONDERMYN EN DIE HARDE INLIGTING WAT AAN DIE VEILIGHEIDSPOLISIE OORHANDIG IS, AS NIKSBEDUIDEND AF TE MAAK TERWYL DIT NIE DIE SIENING IS VAN U MINISTER, VAN GENL BASIE SMIT EN GENL BOB BEUKES NIE?

EK SAL DIT WAARDEER AS U DIE ANTWOORDE OP DIE VRAE VOOR 3NM DONDERDAG PER FAKS AAN MY KAN STUUR. DIE KOERANT SE SAKTYD IS 4NM.

DANKIE VIR U SAMEWERKING.

**Die faks waarop Leon Mellet nie geantwoord het nie**

# Komplot lyk na verraad

DIESELFDE genadelose veiligheidswetgewing wat 'n horde linksgesindes die afgelope vier dekades tronk toe gestuur het, kan nou die groep ver-regses wat dade van geweld, terreur en moord beplan en voorgestaan het, se ondergang beteken.

Volgens die Menseregte-Kommissie is duisende mense die afgelope jare ingevolge die Wet op Binnelandse Veiligheid vervolg omdat hulle die bedoeling gehad het om die staat omver te werp, te bedreig of te dwing om van 'n sekere standpunt af te sien. Inteendeel, só 'n oortreding is 'n daad van terrorisme of verraad.

Die Kommissie sê die blote bestaan van 'n antagonisme tussen die individu en die staat, was al voorheen genoeg rede om beweerde oortreders van verraad aan te kla. Daar is tussen 2 500 en 3 000 "politieke gevangenes" in ons tronke.

Die ver-regses wat deur Jannie Smith ingesypel is, het geweld teen die staat en burgers van die land oorweeg, beplan en ooreengekom om daarmee voort te gaan. Dit is sonder twyfel genoeg rede om hul aan te kla.

Die Kommissie sê dat 50 000 mense die afgelope vyf jaar aangekla is weens hul verset teen apartheid en die staat, en voeg by: "Regse oortreders is nog selde hierdeur geraak, al was hul optrede in baie gevalle blatant en onwettig."

Talle regsgeleerdes meen dat van die uitsprake en dreigemente rondom geweld en verset wat gereeld van regse verhoë af geuiter word, ingevolge veiligheidswetgewing neerkom op dade van terrorisme en verraad.

En waar die staat huiwerig was om die elf aangehoudendes ingevolge artikel 29 van die Wet op Binnelandse Veiligheid aan te hou, is dit interessant dat daar tans 48 linksgesindes ingevolge dié artikel aangehou word. Die regses is te midde van groot kritiek na minder as 'n dag in aanhouding weer vrygelaat.

Verraad, of 'n sameswering om die gesag van die staat te ondermyn, is 'n moeilike misdaad om te definieer en het al tot lang uitsprake en ernstige meningsverskil onder regsgeleerdes gelei.

Die pleeg van geweld self is nie 'n noodsaaklike element om verraad te bewys nie. Verraad word gepleeg wanneer die verskillende partye ooreenstem dat hul dade gaan of wil pleeg wat die gesag van die staat bedreig. Enige handeling, hoe onskuldig dit ook al mag voorkom, kan 'n hoogverraadshandeling wees mits dit met die vereiste vyandige opset teen die staat gepaard gaan.

Hoogverraad is trouens 'n goeie voorbeeld van 'n misdaad wat gepleeg kan word deur 'n blote uitlating. 'n Sameswering word gepleeg sodra 'n ooreenkoms bereik word om 'n onwettige daad te pleeg. Geen optrede word benodig om 'n daad van sameswering te bewys nie.

Daar is talle voorbeelde waar linkse aktiviste van verraad aangekla is wat op die oog af veel minder ernstig voorkom as dit wat ver-regses ooreenkom om te doen:

* Breyten Breytenbach is van verraad en terrorisme aangekla nadat hy 'n organisasie met die naam "Okhela" gestig het, wat uit vier mense bestaan het en tydens die hofsaak ontmasker is as 'n oneffektiewe, intellektuele en naïewe verbeeldingsvlug. Hy is van verraad aangekla op grond van planne wat nooit naby uitvoer gekom het nie.

* Die vakbondleier Moses Mayekiso is onlangs van verraad aangekla sonder dat daar enige voorstel of sameswering tot geweld was. Hy is vrygespreek.

* In die beroemde saak van eerw Ffrench-Beytagh, Anglikaanse deken van Johannesburg, is hy aanvanklik aan verraad skuldig bevind nadat hy sy sterk teenkanting teen bestaande apartheidswetgewing uitgespreek en voorstelle gemaak het hoe om daarvan ontslae te raak. Hy is uiteindelik op appèl vrygespreek omdat daar nie bewys kon word dat hy dié uitsprake gemaak het met die bedoeling om die handhawing van wet en orde te ondermyn nie.

* In die eerste Delmasverhoor, wat in Junie 1985 begin het en eers vier jaar later afgehandel is, is 22 mans van hoogverraad aangekla omdat hulle binne die United Democratic Front en verskeie ander gemeenskapsorganisasies saamgesweer het om 'n bloedige revolusie in die land te ontketen. Vyf van die mans is vir tydperke van tussen ses en twaalf jaar tronk toe gestuur.

Die mans is skuldig bevind op grond daarvan dat die UDF hom daaraan toegewy het om die regering omver te werp, hoewel hy nie direkte en openlike geweld gepredik het nie. Die oogmerk van die UDF se propagandakampanje was om die massas op grond van hul griewe te politiseer en teen die regering te mobiliseer.

*Is rooklose stowe 'n antwoord?*

# Lugbesoedeling: 'n doodsvonnis in die townships

**Die verstikkende gifgasse van miljoene hout- en koolstowe in Suid-Afrika se digbevolkte townships hou 'n ernstige bedreiging vir menselewens in. Navorsing in Suid-Afrika wys dat longsiektes in stedelike gebiede die grootste enkele oorsaak van alle sterftes is. Kenners waarsku dat 'n toename van longsiektes en asemhalingsprobleme onder kinders en bejaardes regstreeks aan die hoë besoedelingsvlakke in hierdie oorbewoonde gebiede toegeskryf kan word. PEARLIE JOUBERT doen verslag**



Die treinbrug by Nancefield wat die spooraansluiting is tussen Klipspruit en Mofolo in Soweto.

DIE omvang van lugbesoedeling in Suid-Afrika en die res van die kontinent kan nie onderskat word nie. Een derde van alle kinders in Afrika sterf tans weens long-verwante siektes.

Navorsing wys ook dat die vrystelling van sekere gifgasse regstreeks verantwoordelik gehou kan word vir sekere longsiektes wat veral onder kinders en ou mense van Soweto en die Oos-Rand voorkom.

Die wolke swart rook wat daagliks in Suid-Afrika vrygestel word, kom onder meer uit die ongeveer 1,3 miljoen kool- en houtstowe wat nog in die land gebruik word.

In Soweto, een van die mees besoedelde gebiede in Suid-Afrika, is dié probleem op 'n kongres oor lugbesoedeling onder die vergrootglaas geplaas.

Die kongres is deur die National Association for Clean Air (NACA) aangebied en het saamgeval met die einde van Wêreldomgewingsweek.

Die strydpunt rondom die oplossing van die lugbesoedelingsprobleem in townships gaan oor die moontlikheid van 'n verbod op die verbranding van steenkool en hout - wat die grootste enkele oorsaak van besoedeling is - en of Suid-Afrika dit kan bekostig om townships te elektrifiseer.

Met die verbranding van steenkool word een tot twee persent sulfaat in die atmosfeer as sulfaat-dioksied vrygestel.

Salpeteragtige oksiedes word terselfdertyd vrygestel en wanneer dié oksiedes met water in aanraking kom, vorm dit sure wat die sogenaamde "suurreën" veroorsaak.

'n Verdere oorsaak van die hoë lugbesoedelingsvlak in veral Soweto hang saam met die township se geografiese ligging.

Die Transvaalse Hoëveld, geleë in 'n anti-sikloniese laagdrukgebied, veroorsaak gedurende die wintermaande 'n baie stagnante lugsirkulasie. Dit het tot gevolg dat die rook wat in die townships vrygestel word, nie versprei word nie, maar oor die townships bly hang.

Volgens die Internasionale Direkteur van Falkirk Industrieë, WR Bill Muirhead, sal die elektrifisering van huise nie beteken dat mense van hul kool- en houtstowe ontslae gaan raak nie, "omdat dié stowe gesellig is. Families sit graag saans rondom 'n stoof en gesels - iets wat mens nou nie eintlik met 'n elektriese stoof kan doen nie."

Hy meen die probleem kan opgelos word deur mense te verbied om steenkool- en houtstowe te gebruik. "Dit sal egter beteken dat miljoene mense, wat dit die minste kan bekostig, gedwing sal moet word om hul huise te elektrifiseer. 'n Normale vryemark-keuse wat oral in die wêreld heers, behoort ook hier gerespekteer te word."

Volgens die bestuurder van Kommunikasiedienste by Eskom, André van Heerden, het navorsing deur Eskom gewys dat mense meer vir steenkool en hout betaal as wat dit sal kos indien hul huise geëlektrifiseer word.

"Eskom betaal ongeveer R70 per ton vir steenkool. Mense wat steenkool in klein maat koop, betaal ongeveer R1 000 vir dieselfde hoeveelheid."

Die woordvoerder van Verspreiding en Bemarking, Leatitia van Staden, meen dat elektrisiteit, komende van Eskom, veel goedkoper sal wees.

Wat eerder gedoen moet word om lugbesoedeling in veral die townships te verminder, is die vervaardiging van rooklose en bekostigbare brandstof, sê Muirhead van Falkirk - een van die grootste vervaardigers van stowe in die wêreld.

Volgens Van Heerden en Van Staden is die enigste "voordeel" van rooklose brandstof dat dit nie "vaste dele" in die atmosfeer vrystel nie.

"Rooklose brandstof stel nou wel geen soliede materiaal vry nie, maar swael-dioksied, wat op groot maat baie skadelik is, word steeds deur rooklose brandstof afgeskei," sê Van Standen.

Van Heerden sê hy weet nie of instansies in Suid-Afrika besig is met navorsing oor die vervaardiging van rooklose brandstof nie.

Die voorsitter van die Huishoudelike Toerustingsvervaardigers van Suid-Afrika, Richard Ferrer, stem met Eskom saam en meen dat die uitskakeling van steenkoolstowe die besoedelingsprobleem in die stedelike gebiede in Suid-Afrika grootliks sal oplos.

"Om dit te doen, sal egter beteken dat Suid-Afrika ekonomies veel sterker sal moet word sodat ook die laer inkomstegroep skoner kook- en verhittingsgeriewe kan bekostig."

Een van die redes waarom die regering nie daadwerklike aandag aan projekte vir die vervaardiging van rooklose brandstof gee nie, is volgens Muirhead die geweldige koste daaraan verbonde. "Dit is egter nie so dat Suid-Afrika nie oor die tegnologie beskik om rooklose brandstof te vervaardig nie.

"Suid-Afrika maak olie van steenkool en is 'n leier op dié tegnologiese gebied - dit is nie so ver verwyderd van die vervaardiging van rooklose brandstof nie."

Hy sê die regering moet sy verantwoordelikheid nakom - in die beste belang van al die mense in die land - en onmiddellike aandag aan die vervaardiging van rooklose brandstof gee.

"Ekonomies sal dit ook baie lonend wees omdat daar 'n groot uitvoermark in die buiteland vir rooklose brandstof is."

Eskom het onlangs bekend gemaak dat hy R6-biljoen nodig het om "die besoedelingsprobleem op te los deur al die townships in Suid-Afrika van elektrisiteit te voorsien".

Dié "visie" van Eskom, soos Van Staden dit noem, val saam met Eskom se projek: Elektrisiteit vir Almal.

Van Heerden sê Eskom se "besoedelings-ondersoekspanne" het bevind dat dit ongeveer R8-biljoen sal kos om suiweringstoestelle aan die agt groot Eskom-kragsentrales aan te bring.

Die meeste van dié kragsentrales is op die Oos-Transvaalse Hoëveld geleë.

"Dit sal dus veel goedkoper wees om al die townships in Suid-Afrika te elektrifiseer as om suiweringstoestelle aan agt kragsentrales aan te bring," sê Van Staden.

Eskom meen dat R6 biljoen, teen die huidige wisselkoers, genoeg is om elke ongeëlektrifiseerde township in die land van elektrisiteit te voorsien.

Volgens Van Staden sal die elektrifisering van townships die swaeldioksiedvlak in die Vaaldriehoek met ongeveer twee-derdes verminder.

"Ons het ook bevind dat die vlakke van lugbesoedeling in byvoorbeeld Soweto 2,5 tot 2,6 persent hoër is as op die Oos-Transvaalse Hoëveld.

Volgens Eskom word 99 persent van alle soliede materiaal wat in die atmosfeer vrygestel word, uit die gasse wat Eskom uitlaat uitgehaal voordat dit vrygestel word.

"Dit is juis dié soliede materiaal in rook, wat veral tydens die verbranding van steenkool en hout vrygestel word, wat die townships so geweldig besoedel."

Volgens Van Heerden probeer Eskom die invloed van die swaeldioksied wat vrygestel word, verlaag deur die skoorstene 275-300 meter hoog te bou. "Dié hoogte verseker dat skadelike gasse bo die inversievlak vrygestel word waar vermenging en verspreiding beter is."

Van Heerden sê Eskom het dié R6-biljoen "nou nodig, want teen die einde van die jaar kan dieselfde bedrag geld nie meer genoeg wees nie weens inflasie".

Die werking en sukses van dié elektrifiseringsprojek hang volgens Van Heerden grootliks van die onderskeie munisipaliteite af.

"Eskom sal elektrisiteit aan die plaaslike munisipaliteite verskaf en dit sal van die onderskeie munisipaliteite afhang hoe die elektrisiteit versprei gaan word."

Van Staden sê egter dat Eskom in 'n kontrak wat met die onderskeie munisiplaiteite gesluit sal word oor die elektrisiteitsvoorsiening, "seker sal maak dat hulle ook 'n aandeel in die verspreiding sal hê".

"Eskom sal aanbied om sy tegniese vaardighede en mannekrag aan te wend om die projek suksesvol te laat verloop, maar indien munisipaliteite voel dat hulle dit self kan doen, sal ons bloot 'n aanspraak wil hê in waar die elektrisiteit heen vervoer word," sê sy.



In Mshenguville-plakkerkamp wat net langs Mofolo township geleë is, is rookbesoedeling 'n alledaagse verskynsel.
*(Foto: Gill de Vlieg - Afrapix)*

# Eskom koop kusgebiede aan vir kernkragsentrales

**PEARLIE JOUBERT**

ESKOM het onlangs 'n gebied geleë op die plaas Hagelskraal, wat ook bekend staan as Bantamsklip, geïdentifiseer vir die oprigting van nog 'n kernkragsentrale.

Hagelskraal val in 'n gebied wat tot 'n nasionale gedenkwaardigheid verklaar is en inwoners is besorg oor die invloed van 'n kernkragsentrale op die omgewing.

Hagelskraal is tussen Pearly Beach en Buffelsjag aan die Kaapse kus geleë.

Die bestuurder van Kommunikasiedienste by Eskom, André van Heerden, sê Eskom is egter nie van voorneme om in die onmiddellike toekoms 'n kernkragsentrale hier op te rig nie.

"Ons het bloot 'n paar plekke geïdentifiseer en is in die proses om plekke aan te koop of opsies op plekke uit te neem om aan die publiek tyd te gun om dit in hul langtermyn-beplanning in ag te neem. Deurdat ons nou reeds dié plekke bekend maak, gee ons ook aan nyweraars die geleentheid om Eskom se planne in ag te neem," sê Van Heerden.

Nóg 'n plek wat Eskom beplan om op te koop, is ongeveer 17 km wes van St Francisbaai. Van Heerden sê Eskom is ook besig om gebiede aan die Weskus te ondersoek.

Volgens hom is daar geen gebiede aan die Natalse kus wat geskik is vir die oprigting van kernkragsentrales nie.

Volgens Eskom is die kusgebiede ideaal geskik vir die oprigting van kernkragsentrales "omdat seewater gebruik kan word vir die afkoelingsprosesse," sê Van Heerden.

Eskom het onlangs in die openbaar gesê dat hy nie van plan is om voor die einde van die eeu nog kernkragsentrales te bou nie.

Van Heerden sê Eskom het baie ondersoek-programme om geskikte plekke te soek - wat ook sosio-ekonomiese-, demografiese-, biologiese-, sysmiese-, geologiese- en ekonomiese ondersoeke behels.

Hy sê die oprigting van kernkragsentrales sal nie "juis die omgewing nadelig beïnvloed nie".

Van Heerden meen dat kernkrag in die toekoms die "enigste opsie vir die voorsiening van krag gaan wees weens die steenkoolvoorraad wat teen die einde van die eeu drasties verminder sal wees".

Volgens Eskom sal daar elke twee tot vyf jaar 'n kernkragsentrale opgerig moet word weens die toenemende vraag na krag vir die toekoms.

In 'n persverklaring het die uitvoerende hoof van Eskom, Ian McRae, gesê Eskom sal voor die einde van die eeu reeds begin met die oprigting van een van dié kragsentrales.

Eskom beplan om teen 1995 die kragsentrale te begin bou en dit teen 1998 in gebruik te neem.

Volgens hom sal daar na die eerste kragsentrale elke twee tot vyf jaar 'n kernkragsentrale van ten minste 1 000 megawatt gebou word.

Verskillende groen-organisasies in Suid-Afrika is ontsteld oor Eskom se aankondiging en beweer dat daar aan die groeiende behoefte aan elektrisiteit voldoen kan word deur gebruik te maak van hidro-elektriese kragopwekkers en son-energie.



Diep in die hart van Soweto lê die rookbesoedelde Tladi-plakkerkamp.


Vrye Weekblad, 29 Junie 1990

DIÉ WEEK



Weyni Deysel in Die Transvaler, 25 Junie 1990

# Wêreld:

## Doodskoot vir dwelms

China herdenk anti-narkotikadag met 'n internasionale forum en die teregstelling van 14 dwelmsmokkelaars in Beijing. Terwyl Chinese en internasionale amptenare die forum bywoon, word die smokkelaars in kettings en boeie na 'n stadion gely waar hulle voor 40 000 skreeuende mense ter dood veroordeel word. Hulle word elkeen met 'n koeël in die nek tereggestel.

## Opstand oor pryse

Orde word herstel in die meeste dele van Lusaka, Zambië, ná twee dae van geweldpleging in protes teen die verhoging van die prys van mieliemeel, die land se stapelvoedsel. Meer as 30 mense sterf en 'n aandklokreël word ingestel.

## EEG behou sanksies

Die Europese Ekonomiese Gemeenskap besluit om anti-apartheid sanksies in stand te hou, maar om steun aan die slagoffers van apartheid te vermeerder. Die gemeenskap sal die geleidelike afskaffing van sanksies oorweeg sodra daar duidelike tekens van onherroeplike verandering in Suid-Afrika getoon word.

## Arafat bekommerd

Die voorsitter van die Palestynse Bevrydingsorganisasie (PLO), Jasser Arafat, wie se lewe volgens bronne in Palestina in groter gevaar is as ooit tevore, verskuif dié organisasie se hoofkwartier in Tunisië en verkies die veiligheid van Baghdad. Arafat vrees Israelse weerwraak vir die PLO se onsuksesvolle kommando-klopjag op dié land se kus in Mei vanjaar.

## Rushdie help Iran

Salman Rushdie, die omstrede Islamitiese skrywer, wat skuiling hou teen 'n doodsvonnis wat deur die afgestorwe Ajatolla Khomeini van Iran meer as 'n jaar gelede afgekondig is, skenk 5000 pond aan die slagoffers van die aardbewing in Iran. Rushdie stort die geld in 'n fonds wat deur 'n Britse dagblad, The Independent, daargestel is.



Mike Luckovich - Atlanta Constitution in Newsweek

## Unita wil praat

Unita kondig aan dat hy nog op Portugese amptenare wag om verdere direkte gesprekke tussen dié organisasie en die Angolese regering te bewerkstellig. Volgens Portugese amptenare het albei partye ingestem om mekaar binne die eerste twee weke in Julie weer vir samesprekings te ontmoet.

## Lewensgevaarlik

Alhoewel baie mense dink kakkerlakke is meer afskuwelik in lewende lywe, is hulle meer gevaarlik wanneer hulle dood is. Volgens bevindinge in 'n studie wat deur Amerika se departement van landbou gedoen is, skei die uitgedroogde kokkerot-reste proteïene af wat ernstige allergieë en selfs die dood by mense kan veroorsaak.

## Tamil-stryd hervat

Sri Lanka maak gereed vir 'n lang, bloedige guerilla-stryd met Tamil-rebelle nadat 'n veldtog vir 'n onafhanklike tuisland hervat is ná meer as 'n jaar se vredesamesprekinge. Honderde bewapende jong mense van die Liberation Tigers of Tamil Eelam gaan terug na die woude van dié land se noord-oostelike streek om hul wapens op te neem teen die regering van die land.

## Vryheid herdenk

Mosambiek herdenk 15 jaar van vryheid van Portugese oorheersing met 'n plegtige herdenkingsfeesviering en hernieude toewyding om 'n einde te maak aan die brutale burger-oorlog wat die land teister. Nege-honderd-duisend mense is die afgelope 15 jaar dood en 90 persent van die bevolking is in armoede gedompel. President Joachim Chissano stel opnuut vrede, die normalisering van die lewe van alle Mosambiekers en die herstel van die land se ekonomie as die regering se prioriteite.

## Namibia word gebruik

'n Menseregte-organisasie beweer dat Angolese troepe Namibia se militêre basisse in die noorde van dié land gebruik om die geveg teen die Amerikaans-gesteunde Unita-rebelle voort te sit. Troepe in Angolese-, Kubaanse- en Sowjet-uniforms dreig lede van Unita.

## Moskou-krisis verdiep

Die krisis in Moskou se Kommuniste Party verdiep ná die besluitnemende sentrale komitee die afstel van 'n waterskeidende party-vergadering skerp gekritiseer het. 'n Woordvoerder vir die komitee sê die vergadering sal dié naweek plaasvind, gevolg deur 'n kongres.

# Suid-Afrika:

## Sinnelose geweld

Die ANC en die PAC veroordeel die "sinnelose geweld" in Khayelitsha naby Kaapstad nadat plakkerstrukture aan die brand gesteek is tydens gevegte tussen dié twee organisasies. Beide organisasies kondig aan dat 'n toesighoudende komitee saamgestel is nadat twee mense dood is en 22 dakloos gelaat is.

## Aanhoudings duur voort

Volgens 'n verslag van die Kommissie vir Menseregte is 51 mense sedert 1 Januarie 1990 aangehou ingevolge artikel 29 van die Wet op Binnelandse Veiligheid. Sedert die aankondiging van die Noodtoestand in Julie 1985 tot 8 Junie vanjaar, is 41 700 mense in hegtenis geneem. Gedurende dié tyd is 12 100 mense ingevolge die Wet op Binnelandse Veiligheid aangehou.

Op 23 Junie stop 'n groep werkers wat van 'n vergadering in Pretoria af kom, by 'n garage op Groblersdal. Hulle sing vryheidsliedere en 'n groep polisiemanne in 'n voertuig sonder 'n nommerplaat rand een van die werkers aan. Al die mense word na die polisiekantoor op die dorp geneem. Kort daarna word drie van die werkers in die Philadelphia-hospitaal opgeneem.

## Gunn in hegtenis

Shirley Gunn, 34, word deur die polisie in hegtenis geneem in verband met die bomontploffings twee jaar gelede by Khotso Huis en Cosatu Huis in Johannesburg. Die polisie is steeds op soek na twee ander mense wat na bewering ook betrokke was by dié ontploffings. Gunn word ingevolge die Wet op Binnelandse Veiligheid aangehou.

## Verset op Ashton

Een persoon word doodgeskiet, een ernstig in die bors gewond, vier kinders word in die gesig geskiet en 20 mense word gewond in polisie-optrede teen 4 000 inwoners van Ashton in die Kaap wat aan 'n weeklange verset-aksie deelneem. Hulle eis die verbetering van geriewe in hul woongebied. Op die dorp keer lede van die polisie se onluste-eenheid die mense voor en skiet op hulle met traanrook, rubberkoeëls en donshael.

## Ondersoek 'n bespotting

'n Woordvoerder van die David Webster-trust sê die onwilligheid van die Harms-kommissie om sekere sleutelpersone voor die kommissie te roep, maak 'n bespotting van dié ondersoek na bedrywighede van die polisie-moordbendes en die Burgerlike Samewerkingsburo. Die woordvoerder sê die minister van Verdediging, genl Magnus Malan, moes voor die kommissie getuig.

## ANC open in Windhoek

Die Uitvoerende Raad van die ANC open 'n ANC-kantoor in Windhoek op uitnodiging van die Swapo-regering. Abbey Chicane, 'n senior ANC-lid, word as die eerste woordvoerder van die ANC in Namibia aangewys.

## Chikane vra sanksies

Tydens die Suid-Afrikaanse Raad van die Kerke se nasionale kongres in Kaapstad, stel die algemene sekretaris van die SARK, Frank Chikane, 'n elf-punt plan voor waaronder die volgehoue toepassing van sanksies, die afskaffing van doodstraf en die onmiddellike ontbinding van die Burgerlike Samewerkingsburo geëis word. Chikane sê die ministers van Wet en Orde en van Verdediging, Adriaan Vlok en Magnus Malan, is verantwoordelik vir die moordbendes en het geweet van hul bedrywighede. Hy vra vir die onmiddellike afdanking van dié twee ministers. Hy kritiseer ook die Harms-kommissie omdat net vyf van die 265 insidente wat voor die kommissie gelê is, ondersoek is, en omdat net sewe van die 200 lede van die BSB voor die kommissie genoem is.

## SA-spioen vrygelaat

As deel van die onderhandelinge tussen die ANC en die NP-regering, word die beweerde polisie-spioen, Billy van Zyl, deur die ANC vrygelaat. Van Zyl, 28, was 'n fotograaf van die Oos-Kaapse koerant, Eastern Province Herald. Hy het in 1984 aan vriende gevra om hom aan ANC-lede in Botswana voor te stel omdat hy nie militêre diensplig wil verrig nie en 'n ANC-soldaat wil word. In Augustus 1984 verlaat Van Zyl die land op sy motorfiets en tree met die ANC in Botswana in verbinding. Die minister van Wet en Orde, Adriaan Vlok, sê Van Zyl is deur die ANC aangehou nadat hy dié organisasie geïnfiltreer het. Van Zyl word vir 18 maande in die ANC-kamp, Quatro, aangehou. Olivia Forsyth, oud-spioen, bevestig dat Van Zyl vir die Veiligheidspolisie gewerk het.

## Plakkers wen hofbevel

Regter C Margo reik 'n hofbevel uit wat verhoed dat die plakkers in die Midrand-gebied, tussen Johannesburg en Pretoria, se huise deur die Midrand-stadsraad en die bou-onderneming, Hawk Structures, platgeslaan word. Baie van die plakkers woon sedert 1986 in dié gebied.

## Bop-inwoners vlug

Ongeveer 800 families vlug uit Bophuthatswana na Suid-Afrika om gedwonge verskuiwings van die Mangope-regering vry te spring. Dié inwoners wat vroeër in Mabopane en die Winterveld-gebied gewoon het, begin om nuwe strukture in Soshanguve naby Pretoria op te rig.

Die massa instroming van plakkers uit Bophuthatswana na die Midrand-gebied is volgens die Suid-Afrikaanse Department van Binnelandse Sake deur 'n misverstand veroorsaak. Duisende plakkers van die Winterveld-Odi gebied in Bophutatswana vlug paniekbevange oor die grens nadat hulle bevel ontvang het dat grondeienaars tot 30 Junie kans het om "onwettige bywoners" uit te skop.

## "ANC arrogant"

Die president van Inkatha en hoofminister van KwaZulu, Mangosuthu Buthelezi, sê hy is bereid om "skouer-aan-skouer" met die ANC-vise president, Nelson Mandela, te staan en 'n beroep op vrede in Natal te doen. Kort hierna vertel Buthelezi aan 'n Hongaarse joernalis dat die beeld van die ANC en die UDF deur die media opgeblaas is en dat die ANC vir jare - "baie arrogant" - homself as die regering in ballingskap beskou het. Hy sê die ANC aanvaar geen neutraliteit of teenkanting nie en dat die ANC se beleid gevaarlik is omdat dit tot sterk rassistiese botsings lei.

* Alle berigte deur AFP en Sapa

## 'Die Akademie is nie my bybie nie'

# Krog herverdeel Hertzogprys

KOOS PRINSLOO

DIE Kroonstadse digter Antjie Krog gaan 'n gedeelte van die Hertzogprys gee aan uitgewers "wat demokraties let". Met die res van die skamele R2000 gaan sy Afrikaanse kinderboeke koop wat sy aan die biblioteke van die Congress of South African Writers (Cosaw) gaan skenk.

Dié aankondiging het Krog verlede Vrydagaand al rymende gemaak toe sy die Hertzogprys vir poësie vir haar bundel "Lady Anne" van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns in Pretoria ontvang het.



Antjie Krog

Haar toespraak het die vorm van 'n gedig aangeneem: *'n rym wat 1 minuut neem om te lees.* (Die organiseerders van die bekroningsfunksie het gevra dat pryswenners se "dankwoord" kort moet wees, "nie langer as een minuut nie"!)

In haar dankwoord het sy die Akademie skerp gekritiseer, onder andere gesê "die akademie is nie my bybie nie" en die stoere organisasie daaraan herinner "hoe tot die dood toe dinge was en nie wou ruimte gee nie".

"As 'n mens jou gewig onteenseglik ingooi agter die mense wat jare reeds al werk aan 'n nuwe Suid-Afrika, besef 'n mens hoe alles herdefinieer moet word," het Krog vandeesweek gesê oor haar besluit om die geld nie vir haarself te hou nie, maar te herverdeel.

"'n Mens besef ook dat die situasie sodanig verander het dat jy nie sonder meer voorgangers se optrede kan navolg nie. Breytenbach se weiering (van die Hertzogprys) was direk en dramaties. Ook verdiend."

Maar nou, 'n paar jaar later, voel sy anders, sê Krog.

"Ek vat die prys met die uitsluitlike doel om dit te herverdeel. Die eer sowel as die geld. Die geld word verdeel tussen uitgewers wat omgee vir demokrasie, soos byvoorbeeld Taurus en Prog-uitgewers van St. Helenabaai."

Krog gaan 60% van die geld daarvoor aanwend. Met die 40% wat oor is gaan sy Afrikaanse kinderboeke koop waarin swart en wit kinders as gelykes en maats uitgebeeld word. Dié boeke gaan sy aan Cosaw se rondreisende tasbiblioteke skenk.

"Die boeke kom dan uit by organisasies soos Cosaw wat nie net verantwoordelik is vir die opbou van 'n kolossale kultuurbewustheid nie, maar 'n verryking in talle mense se lewens bring - bevoorregtes en nie-bevoorregtes," sê Krog.

En as laaste gedagte: "Dis vir my reg dat Afrikanergeld so verdeel word."

(Lees in die rubriek Prontuit elders op die blad hoe die Akademie se bekroningsplegtigheid verloop het.)

## PRONTUIT

# 'n Aandjie wat jou dood kan beteken

**Die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns se jaarlikse bekroningsplegtigheid is verlede Vrydag in die Musaion op die kampus van die Universiteit van Pretoria gehou. GERRIT OLIVIER was daar**

DAAR steek waarheid in die gerug dat lede van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns dikwels kort ná die jaarlikse bekroningsplegtigheid te sterwe kom. By dié okkasie - deur prof Elize Botha as 'n aand vol "luister en bewoënheid" beskryf - doen hulle die kwaal of skeet op wat hulle einde beteken.

"'n Aand vol luister" is inderdaad 'n vanpaste benaming. Verlede Vrydag is daar in Pretoria veertien bekronings gemaak, en dit beteken: veertien huldigingsredes, veertien bedankingstoesprake - afgesien van die skriflesing en gebed, die verwelkoming, die seremoniemeester se flou grappies, die bedankings aan die einde en, les bes, die oorhandigings van blomme aan die dames.

Dié bykans twee-en-'n-half uur van akademiese luister bring 'n mens deur in uiterste liggaamlike ongerief. Die stoele in die Musaion is ontwerp om die oormoedige te teister. So ongeveer na 'n uur begin dit voel asof jy op 'n waatlemoen of 'n rugbybal sit, gestut deur 'n rugleuning wat, hoe jy jou ook wend en keer, dreig om jou rugstring te halveer.

Terwyl die een akademiese loftuiting op die ander volg, sypel die koue al dieper in die verkalkte gebeendere om ons in. Om tegelyk deftig en warm aangetrek te wees, is byna 'n onmoontlike opgaaf, en so word die aand 'n aanslag op die gehoor se gesondheid.

In een stadium het 'n vrou hier naby ons onbedaarlik aan die hoes geraak. Ek wonder of sy al opgehou het. Een van my kollegas het die hele aand met 'n afgryselike trek tussen die blaaie naby die deur gesit. Sy is Katoliek en sal die Here se hulp nodig hê.

Die aand word gekenmerk deur byna neurotiese beplanning. Op die plan van die verhoog wat saam met die uitnodigingskaartjie gestuur word, staan daar in bo-kas met pyltjies: BLOMME - STOELE - KLEIN TAFELTJIE - KATEDER - WATERBEKER - GLAS. Vir die swaksiendes en die vergeetagtiges. Die glas, hoor ek, het toe op die verkeerde plek gestaan.

'n Mens gaan nie ongestraf na 'n bekroningsplegtigheid van die Akademie nie. Die toesprake het bestaan uit die gewone akademiese eerbetoon, gevolg deur die gewone onderdanige akademiese bedankings. Byna almal het te lank gepraat, veral omdat 'n mens nie net 'n goeie vakman nie, maar ook 'n goeie mens moet wees om 'n Akademie-prys te kry.

Voeg hierby die tyd wat dit neem om ou bene by die trappies op na die verhoog te dra, en die aand word steeds langer.

Op die verhoog: professor Elize Botha, die voorsitter, staatspresidensiële toekenning op die hart, wat aan die begin van die verrigtinge saam met dr Louw Alberts met skrefiesoë die saal intuur. Langs hulle: die gashere doktore Tjaart van der Walt en Flip Smit, vergesel van hulle gades.

En dan die seremoniemeester, oor wie se gemoedelik-chauvinistiese aanpak ek tog iets meer wil sê. "Daar is ook mooi dames onder ons vanaand," het hy kans gesien om te sê toe hy een van die pryswenners, dr Hermien McCaul-Domisse, aan die gehoor voorstel.

Waarskynlik val so 'n opmerking nie eens op in 'n geselskap waar 'n vrou maar altyd saam met haar man opdaag nie. En deftig aangetrek, al het manlief die verveligste pak aan. By die Akademie-aand vra hulle nie aan 'n vrou wat sy doen nie, nee: hulle vra wat haar man doen.

Die aand is mooi netjies afgerond toe twee truttige mandjies-met-blommetjies oorhandig is aan mevroue doktore Van der Walt en Smit. Omdat hulle mans so oulik en gaaf is. Professor Botha, daarenteen, het haar eie mandjie blomme gekry, aangedra deur nog een van die drawwende dametjies-in-diens-van-doktor-Geldenhuys.

Of dit voor of ná die gebed was, weet ek nie meer nie, want ek het die heeltyd gewonder: waar is meneer professor Botha? en waar sy mandjie blomme?

Die voorsitter het in haar slotwoord die gehoor verseker dat die Akademie glo aan "dienslewering" aan die hele Suid-Afrikaanse gemeenskap. Wat ek die aand om my gesien het, was 'n uiters eksklusiewe, uiters Afrikaanse en uiters chauvinistiese klub, wat haar vermoedelik as 'n soort ere-man beskou.

By die onthaal ná die tyd is ons bygeloop deur 'n hoogs geleerde proleet wat dadelik begin het met 'n rassistiese grap oor die Hendrik Verwoerd-hospitaal. Toe hy my met 'n vriendin sien staan, wou hy dadelik weet of ek haar "goewerment" is.

Waarskynlik het hy aangeneem dat almal wat daar aanwesig was, sy waardesisteem sou deel. Die "nuwe Suid-Afrika" is waaragtig nog nie in sig van baie bekleders van leerstoele en houers van doktorsgrade in Akademie-geledere nie. Hulle eregas is nog dr Geoff Cronjé, die blatantste apologeet van apartheid ooit.

Toe ek terugry en die liggies van Johannesburg sien, het dit gevoel asof ek 'n skoen uittrek wat my die hele dag al gedruk het. Ek was al op baie plekke, maar nog nooit so ver van die huis af as nou die aand in die Musaion nie.

# Meer bek as binnegoed



**THE EVENING WOLVES**
**Deur Joan Chase**
**Methuen: R54,95 (hardeband)**

HAZEL WOODWARD

MISKIEN sou die titel "The Evening Dog" meer van pas gewees het, want van die geringe gevoel van bedreiging wat die boek by jou optoor, kom nooit iets nie. Dit verwys na die pa en sy verhouding met sy kinders, maar hy's meer bek as binnegoed. Hy kan nooit 'n regte egte wolf in sy kinders se lewens wees nie, omdat hy sy selfkennis met hulle deel. Hy word aanmekaar aangehaal deur die ander karakters - maar jy's nooit in sy kop nie.

Die leser spring wel in al die ander karakters se koppe rond, dié van sy vrou, sy seun en sy twee dogters, maar hulle is nie geloofwaardige figure soos die pa nie. Hy is 'n geheel: 'n goed-beskrewe, geronde figuur met 'n hele paar fasette en hang-ups.

Maar Joan Chase speel te veel pop met die vier vertellers. Die woorde wat sy in hulle monde sit, is nie geloofwaardig nie. Byvoorbeeld, die nuwe vrou praat van hoe 'n goeie vrou 'n man moet bystaan en die wonderwerke wat sy daarmee kan verrig. Goed, 'n vrou kan pligtelik haar man bystaan, maar 'n volwasse vrou kan tog nie glo dat sy hom op dié manier sal verander nie. Ek's jammer, dit klink eenvoudig nie eg nie. Sy's tog 'n weduwee, nie 'n jong meisietjie met sterretjies in haar oë nie. Sy weet mos, of behoort te weet: There are no good men.

En dit is maar waaroor die boek gaan.

PHAMBILI BOOKS CC
(Posbus 34521, Jeppestown, Johannesburg, 2000)
Boeke vir vandag
Kinderboeke
Fiksie
Geskiedenis
Filosofie
Wetenskap
Politiek
Sosiologie
Pleinstraat 22, tussen Rissik en Joubert



HUNT LASCARIS TBWA 005234

# Uiteindelik, 'n koerant wat niks as heilig beskou nie. Behalwe die waarheid.

Ons stel bekend: The Daily Mail. Oplaas, 'n oggendkoerant van gehalte wat die ganse nuusspektrum dek en vraagstukke kaalvuis aanvat. 'n Koerant wat meer insiggewend is. Meer indringend. Maar bowenal, 'n koerant wat onafhanklik is. Wat beteken dat daar geen beherende belangegroepe is nie.




Geen gevestigde politieke belange nie.

Geen heilige koeie nie. (Net ware feite om te herkou.)

Want ons beskou dit as 'n koerant wat mense laat dink — nie bloot hul vooroordele herrangskik nie.

**THE DAILY MAIL**

'N ONAFHANKLIKE DAGBLAD VIR 'N VERANDERENDE SUID-AFRIKA

## *Derduisende is lewendig begrawe*

# Aarbewing ruk in die hart van Iran

SERGE ARNOLD en SUZETTE BLOCH

TEHERAN - Die reuk van die dood hang oor Harzavil, 'n bedrywige dorpie in die noordweste van Iran, wat oornag in 'n spookdorp verander het. Verlede week se aardbewing het Iran tot in sy fondamente geskud.

'n Paar vroue dwaal soos swart skadu's deur die ruïnes, die sterk wind tel 'n strepie stof op, en 'n deur of twee klap verlate in die wind.

Harzavil het 'n bevolking van meer as 3 000 gehad. Huise in die gebied was van klip, steen en modder gebou, en die plat modderplafonne het nie veel kans gebied op oorlewing nie.

"Dit is soos 'n mynskag wat inmekaar tuimel", sê 'n Franse noodhulpwerker. "Mense is lewendig begrawe, sonder enige holtetjie om in te skuil."

Die aardbewing, wat Iran teen middernag getref het, het 7,3 op die Richterskaal geregistreer.

Amptelike syfers wat in Teheran vrygestel is, lui dat tot 50 000 mense in die aardbewing dood is en sowat 'n miljoen mense dakloos gelaat is.

Die mense van Harzavil wat die ramp oorleef het, sê sowat 2 000 mense is net in hulle dorpie beseer.

"Niks, niks, niks is oor nie," sê een van die inwoners wat noodhulpwerkers gesmeek het om verder tussen die bouvalle te soek in die hoop dat nog oorlewendes gevind word. Koeltrokke staan eenkant en wag om lyke te vervoer.

Twee seuntjies, met verbande om hul koppe, sit eenkant in 'n ambulans en wag terwyl hul moeder met handgebare verduidelik dat haar huis se dak op negentien mense ingetuimel het.

Reddingswerkers wat reeds deur die verafgeleë bergagtige gebiede na oorlewendes gesoek het, sê mense vra hulle om ook tussen die bouvalle na hul diere te soek omdat die winter voor die deur lê en hulle vir die komende maande voorsiening moet maak.

Intussen het 'n skerp rusie in Iran losgebars oor die buitelandse hulp wat die land binnestroom. Sowat 86 regerings het reeds hul hulp beloof en kos, tente, komberse, klere en medikasie kom daagliks in die land aan.

Die minister van binnelandse sake het sy dankbaarheid vir die internasionale hulp uitgespreek, maar van die onwrikbare anti-westerse politici waarsku dat dié hulp 'n soort sameswering kan wees.

President Rafsanjani sê "ons ken die streke van die buiteland wat die oomblik misbruik om teen ons saam te sweer en dan later weer vir ons te lag."

Een van die rubriekskrywers in Iran het daarop gewys dat "ons mense, selfs onder die rommel en bouvalle, prewel 'dood vir Amerika' en dring daarop aan dat die almagtige God die hande van die Amerikaners moet terughou - selfs dié wat ons wil help". - AFP



'n Lugfoto van die verwoesting wat in die Zanjan provinsie deur die aardbewing agtergelaat is.

(Foto: AP)

# Heksejag op demokrasie

FRED CHELA

LUSAKA - Grootskaalse oproer in die Zambiese hoofstad stel die regering van president Kenneth Kaunda voor sy grootste uitdaging nóg, met die opstand teen hoër voedselpryse duidelik gekoppel aan kritiek op die eenparty-stelsel.

Gevegte tussen die polisie, troepe en plunderaars het reeds sowat dertig lewens geëis en vele mense is beseer in die geweld wat Maandag losgebars het ná die prys van die stapelvoedsels in die land verdubbel het.

Veiligheidsmagte is ten volle ontplooi en winkels regdeur Lusaka en verskeie op die platteland word geplunder. Eiendom ter waarde van miljoene dollar is in die oproer verwoes, onder andere dié huis en voertuig wat president Kaunda in die stryd voor onafhanklikwording gebruik het en as nasionale monument verklaar het.

"Ons wil hê dat die regering moet ophou om die mense te verneuk en te sê dat die ekonomie verbeter as ons weet dat dit nie geval is nie", het 'n student gesê.

Die heksejag op voorstanders van 'n veelparty-stelsel in Zambië is goed op dreef - met die referendum waarin kiesers oor die behoud al dan nie van die 16-jaar oue eenpartystaat moet besluit, net om die draai.

In die afwesigheid van enige mededingende politieke partye, sal die pleitbesorgers van politieke pluralisme in alle waarskynlikheid organisasies soos die kerk en die vakbond-beweging wees. Die bewindhebbende Verenigde Nasionale Onafhanklikheidsparty (UNIP) is intussen op die uitkyk vir vyande van die eenparty-stelsel.

Tot dusver is die enigste organisasie wat steun vir die veelparty-stelsel uitgespreek het, die luidrugtige Zambiese Vakbondkongres (ZCTU). Dié kongres moes intussen bewering ontken dat hy van voorneme is om 'n arbeider-party te stig indien kiesers 'n terugkeer tot pluralistiese politiek sou steun.

ZCTU het nie net steun vir veelparty-politiek uitgespreek nie, maar ook onderneem om 'n veldtog te begin teen die voortsetting van die eenparty-stelsel. Die geldigheid van dié stelsel word sedert die val daarvan in Oos-Europa, oral bevraagteken.

UNIP weerhou hom daarvan om ZCTU sleg te maak net omdat die kongres die terugkeer tot 'n veelparty-stelsel bepleit. In die plek daarvan het UNIP besluit om allerhande onsmaaklike skelname vir ZCTU te gebruik - soos dwelmhandelaars en wanaangepastes.

Die arbeidsleiers het UNIP gedaag om aanklagte teen burgerlikes wat die veelparty-stelsel bo die huidige politieke stelsel verkies, te bewys. UNIP het nie die uitdaging aanvaar nie.

Ná die UNIP Nasionale Raad teen einde Mei besluit het om die vraag oor die politieke stelsel aan kiesers in 'n referendum te stel, is veldtogte vir of teen die eenparty-stelsel in Zambië verbied. Daar is besluit om 'n kommissie aan te stel om die werkinge van die referendum, waarvan die datum nog nie vasgestel is nie, te reguleer.

President Kenneth Kaunda, wat die land sedert onafhanklikheid 26 jaar gelede regeer, het die kommissie op 7 Junie aangestel en die vasstel van 'n datum vir die referendum aan die kommissie oorgelaat. Die kommissie staan onder voorsitterskap van die adjunk-hoofregter en voorsitter van die verkiesingskommissie, Mathew Ngulube.

Sedert die verbod op die referendum-veldtog aangekondig is, het leiers van die ZCTU baie min uitlatings oor die kwessie gemaak, terwyl party-leiers voortgaan om kiesers te oorreed om veelparty-politiek in die referendum te verwerp.

Grondwetlike kenners in Zambië beweer dat pres Kaunda van ongeoorloofde taktiek gebruik maak deur teenstanders van die eenparty-stelsel nie toe te laat om hul menings in die openbaar te lig soos wat UNIP doen nie.

Van die waarnemers sê dr Kaunda en sy mense gebruik regerings-middele om die eenparty-stelsel te propageer terwyl ander doodgesmoor word.

"Dit is 'n politieke klug om voor te gee dat jy demokraties is terwyl jy die teenoorgestelde doen," kla een van die kenners.

Tydens 'n onlangse provinsiale UNIP-kongres wat op Mansa gehou is, het dr Kaunda gewaarsku: "Ek sal nie toelaat dat die veelparty-stelsel gepropageer word as die referendum op 'n eenparty-stelsel besluit nie.

Lusaka is vol gerugte dat die name van ondersteuners van die veelparty-stelsel verskyn op die lys van mense wat deur agente van die regering geëlimineer moet word. - ANO.



Kenneth Kaunda

UNIVERSITEIT VAN KAAPSTAD

## Voorgraadse Toelating: 1991

**Aansoeke word ingewag vir voorgraadse studie aan die UK in 1991.**

### Studierigtings

UK bied 'n groot verskeidenheid voorgraadse programme aan. Dit sluit in:

- **Algemene grade in die Lettere & Wysbegeerte, Handel, Wetenskap en Sosiale Wetenskappe:**
  UK bied 50 hoofstudierigtings oor 'n breë spektrum aan, met inbegrip van programme vir studente wat verder wil studeer in die Opvoedkunde en die Regte.
- **Loopbaangerigte voorgraadse programme:**

Arbeidsterapie, Argitektuur, Ballet, Boubestuur, Bourekene, Chemiese Ingenieurswese, Elektrotegniese Ingenieurswese, Fisioterapie, Geneeskunde, Handelswetenskap, Landmeetkunde, Spraakheelkunde, Maatskaplike Werk, Materiaalingenieurswese, Meganiese Ingenieurswese, Musiek, Primêre Onderwys, Rekeningkunde, Siviele Ingenieurswese, Spraak & Drama, Skone Kunste, Verpleegkunde

### Sluitingsdatum vir aansoeke

Die sluitingsdatum vir voorgraadse aansoeke is **31 Augustus 1990.** Laat aansoeke vir die Fakulteit Geneeskunde kan, by die betaling van 'n bykomende heffing, tot 30 September 1990 ingedien word, en tot 31 Oktober 1990 vir alle ander Fakulteite. Alle kandidate word egter aangeraai om voor 31 Augustus 1990 aansoek te doen.

Aansoekgelde is:
Tot 31 Augustus R30
Tot 30 September R60
Tot 31 Oktober R110

### Studentebehuising

UK is in staat om aan 20% van sy studente huisvesting te verskaf — in koshuise, woonstelle en huise. Aansoekers wat huisvesting in Kaapstad verlang, moet nie later nie as **31 Oktober 1990** daarom aansoek doen. Laat aansoeke om huisvesting kan nie oorweeg word nie.

### Finansiële Bystand

Aansoekers wat nie die volle koste verbonde aan studie aan die UK kan dra nie, word sterk aangeraai om by soveel bronne as moontlik om finansiële bystand aansoek te doen. Meer inligting is op aanvraag beskikbaar.

Die sluitingsdatum vir aansoeke om UK-studiebeurse, -beurse en -lenings vir voorgraadse studie is **31 Oktober 1990.** Laat aansoeke om finansiële steun sal slegs vir lenings oorweeg word.

**Aansoekvorms en nader besonderhede is verkrygbaar van: Die Sentrale Toelatingskantoor, Universiteit van Kaapstad, Rondebosch 7700. Telefoon: (021) 650-2128.**

C68932/1191C

## 'My vyf weke in Lusaka'

# Besweer die ANC-monster

**DR BEN COETZEE, die "renegaat-Boer van Roodepoort" en broer van die omstrede moordbende-kaptein, Dirk Coetzee, het onlangs vyf weke in Lusaka deurgebring om sy broer se verhaal te dokumenteer. Hier vertel hy van wat hy in Lusaka gesien het en in die "binnekring" van die ANC meegemaak het**



*'I must now take the opportunity to thank the ANC for the privilege of living with the Movement for five weeks; for your beautiful hospitality; for the most inspiring and comforting political experience of my life; for a lesson in civilised conduct; and for allowing me to support my brother and in the process get to understand him as I had not understood him before.'*

IS dit werklik vandag nog denkbaar dat die wit en swart Suid-Afrikaners wat daagliks totaal verstrengel in Wit Suid-Afrika en in belang van Wit Suid-Afrika saamwerk, deur onafhanklike regerings beheer kan word - die wit minderheid as burgers en die swart meerderheid as buitelanders?

Dit is tog die alternatief vir staatspresident FW de Klerk se hervormings. Wat noop die meeste witmense om op so 'n alternatief staat te maak? Is dit 'n heilige trou aan 'n genetiese of kulturele erfenis? Is dit rasseweersin waaroor 'n mens nie te openlik na buite durf praat nie? Is dit vrees vir die ANC-monster?

Ek ken sulke strewes en vrese redelik goed, het hard gestoei met gedagtes oor kultureel-homogene nasionaliteite, en gebuk gegaan onder struikelblokke soos Afrikaanse Kleurlinge, Boere, Sjangaans, Chinese, Sotho's, Wit Eg Suid-Afrikaanse Engelse, Xhosas, Zoeloes en andere.

Vereenvoudig van ons verskeidenheid na die meer hanteerbare witmense, kleurlinge, Indiërs en 'n verskeidenheid van swart kulture kon steeds nie vir my die spul staatkundig ontstrengel nie, en dit is nie asof ek nie probeer het nie.

Die tans populêre Boere Republieke met, veronderstel ek, verdere vereenvoudiging tot Boere en Makander-witmens-burgers, buitelanders en verraaiers laat my soos 'n verraaier voel nog voor ek probeer verstaan.

Vir die ANC-monster was ek tot onlangs nog so bang dat ek KP's probeer afrokkel het om saam met my vir die DP te stem. Ek het gemeen as ons die land in 'n klomp etnies betreklik homogene federale state kon verdeel, die ANC geen kans sou staan nie. Selfs Buthelezi was 'n bok vir so-iets.

Die probleem hiermee vir die witmense was natuurlik dat hulle steeds nêrens in die meerderheid sou wees nie. Toe die laaste wit verkiesing aanbreek en die witmense die DP-opsie sterk verwerp, het ek geweet die ANC is ons voorland. Om hiermee vrede te maak was nie vir my maklik nie. My broer Dirk het my kort nadat hy by die ANC aangesluit het, gebel. Ek het hom goed genoeg geken om dadelik uit sy stories en gemoedstoestand af te lei dat die geselskap waarin hy homself bevind het, geestelik nie te rof daaraan toe was nie. Terloops, regter Harms, moenie die polisiemanne se datums vir die begin van Dirk se samewerking met die ANC glo nie. Dis "crap".

Ek het in elk geval nog steeds geglo die ANC is onverdraagsaam teenoor andersdenkendes, byvoorbeeld Inkatha. Ek het die indruk gehad van 'n suiwer militaristiese organisasie met 'n soort starre dissipline wat vir my wil voorskryf wat ek mag dink. Later het ek die vermetelheid gehad om dit so aan ANC-lede te stel en ek besef nou eers skaam dat mede-Boere vir my en ander met geweld wil voorskryf wat ons mag dink indien ons nie as verraaiers uitgekryt wil word nie.

Dit was omtrent die situasie toe my broer, Dirk, uit die ANC-kamp in Lusaka om hulp geroep het. Ek moes help om sy storie volledig te dokumenteer. In daardie stadium was die plan om dit as 'n beëdigde verklaring by die Harms-kommissie in te dien.

En daar trek dié renegaat-Boer van Roodepoort, woordverwerker onder die arm, dwarsdeur die vreemde omgewing van die internasionale vertreksaal, via Harare, na Lusaka, tot in die binnekringe van die ANC. Ek haal aan uit my brief wat ek onlangs aan 'n vriend in die ANC gaan gee het:

"I must now take the opportunity to thank the ANC for the privilege of living with the Movement for five weeks; for your beautiful hospitality; for the most inspiring and comforting political experience of my life; for a lesson in civilised conduct; and for allowing me to support my brother and in the process get to understand him as I had not understood him before."

In Lusaka het ek gou begryp waarom gespreksgroepe uit Suid-Afrika so eufories van die ANC af teruggekeer het. Destyds het ek gevoel die ANC draai die klomp kop-in-die-wolke akademici 'n rat voor die oë. Nadat ek egter met soveel van die kamerade onder soveel informele en ongekontroleerde omstandighede gemeng het, sou ek stommelik onnosel wees om nie anders oor die organisasie te dink nie en eweneens oneerlik om nie anders oor die organisasie te praat nie.

Daar was Lusaka en Londen, senior lede van die uitvoerende komitee, junior mense, regsgeleerdes, professionele politici, intelligensie-personeel, mense wat in transit was van wie-weet-waar na wie-weet-waar, mense wat my verwag het en mense waarmee ek onverwags en bloot toevallig te doen gehad het. Ek het met die mense gemeng in kantore, aan huis, in hotelle en ander verblyfplekke. Ek was betrokke by ernstige besprekings en reëlings; en het aan tafel gesit en luister na 'n warm debat oor die gehalte van sokker in Suid-Afrika.

En oral was daar dieselfde ryp, ek wil byna sê beleë, kultuur. Dit was asof in die moeilike omstandighede van stryd, ontbering en ballingskap 'n diamant gesmee is. Die ANC bedryf lank reeds met groot welslae sy eie sake volgens die model wat hy vir Suid-Afrika voorhou. Dit sluit in die grootste wedersydse respek deur die kamerade vir mekaar se kulturele en godsdienstige oortuigings en 'n sterk tradisie van eg beskaafde en demokratiese debatvoering en besluitneming. Ek praat nou nie van wat hulle my vertel het nie, maar van wat ek gesien en meegemaak het.

# Haarklowery oor sanksies



**Die huidige internasionale konflik en toutrekkery oor die afskaffing al dan nie van sanksies, is 'n tragiese, byna rampspoedige politieke gebeurtenis in Suid-Afrika, sê HENNIE SERFONTEIN. Hy gee hier sy mening oor die broeiende konflik**

DIS iets wat eintlik nie moes plaasgevind het nie. Veral nie op die huidige tydstip waar dit vir die eerste keer in dekades moontlik blyk te wees om 'n vreedsame onderhandelde skikking te bereik nie.

Want dié sanksie-konflik is sleg vir die Nasionale Party-regering. Dit is sleg vir die African National Congress. Bowenal is dit sleg vir die onderhandelingsproses wat nog maar aan die baie delikate beginstadium is. Hoewel belangrike deurbrake gemaak is, lê daar nog 'n moeisame weg voor, met baie politieke mynvelde wat uit die weg geruim moet word.

Die nuwe sanksie-debat beduiwel net die atmosfeer tussen die ANC-NP onderhandelaars. Dit verwar net miljoene swart en wit Suid-Afrikaners. Terwyl dit in die hande speel van die regse en linkse onbuigsame groepe wat graag die onderhandelingsproses sal wil verongeluk.

Ek is bevrees dat die leierskap van beide die ANC en NP in 'n meerdere of mindere mate verantwoordelik is vir die sanksie-fiasko. Dit is verstommend dat beide die ANC en die NP nie kon voorsien het dat die internasionale besoek van staatspresident FW De Klerk en ANC vise-president Nelson Mandela sou lei tot 'n hernieude geveg oor die sanksie-kwessie nie.

Dit sou in albei partye se belang gewees het om vooraf 'n ooreenkoms te bereik onder mekaar, dat sanksies nie tot 'n uitgerekte haarklowery op dié besoeke moes lei nie.

Dit behoort nie te moeilik te gewees het vir De Klerk en Mandela om 'n gesamentlike standpunt in te kon neem nie, wat op die volgende neerkom:

'Ons vra 'n internasionale moratorium oor sanksies. Dit is waar dat die ANC en die NP fundamenteel oor die saak verskil.

Maar in die onderhandelingsproses is reeds belangrike vordering gemaak. Ons is optimisties dat ons binne 'n maand die struikelblokke tot onderhandelings uit die weg geruim sal hê. En dat ons binne drie of vier maande die stadium sal bereik waar die werklike onderhandelings sal begin.

Dit sal beteken dat op daardie stadium die redes waarom sanksies ingestel was wegval en dat albei partye sal saamstem dat die opheffing daarvan kan begin.

Hoekom die twee partye nie tot die bogemelde hantering ooreengekom het nie, weet ek nie.

Die tragiek is dat dit in die huidige debat in Europa en die Verenigde State nie daaroor gaan of sanksies vir die volgende vyf jaar in stand gehou moet word nie. Dit gaan slegs maar oor 'n kwessie van maande.

Die NP sê: Ons het genoeg gedoen. Hef dit nou op.

Die ANC sê: Nee, die regering het nog nie gekom by die werklike onderhandelinge oor 'n grondwet nie.

Maar soos Vrye Weekblad verlede week berig het, is daar reeds 'n informele verstandhouding tussen die ANC en NP oor netelige sake soos 'n interim-regering en verkiesings vir 'n grondwetgewende vergadering. Ware onderhandelings teen die einde van die jaar is 'n werklike moontlikheid.

Ek persoonlik dink dat die probleem begin het met die subtiele en nie so subtiele pogings van die regering om tydens die De Klerk-besoek met stille diplomasie te probeer voorbrand maak dat die Europese gemeenskap reeds dié week sommige sanksies kan ophef.

In die openbaar het De Klerk herhaalde kere beklemtoon dat in gesprek met Europese staatshoofde die kwessies van sanksies hoegenaamd nie aangeroer is nie.

Maar dit was heel duidelik slegs 'n rookskerm in 'n slim beplande veldtog agter die skerms deur buitelandse sake minister Pik Botha en sy amptenare om die sanksie-vraagstuk op die spits te dryf. Vir die NP sou die gedeeltelike afskaffing sanksies op dié vroeë stadium as 'n geweldige internasionale deurbraak en oorwinning aan die wêreld, maar ook aan blank Suid-Afrika voorgehou kon word.

Na jare van internasionale isolasie en sanksies, smag die NP duidelik na so 'n diplomatieke oorwinning en aanvaarding deur die internasionale gemeenskap.

Dit weerspieël egter die onvermoë van beide die regering en die Engelse sake-establishment op dié stadium om nie te kan of wil begryp waarom die ANC nie nou alreeds kan toestem tot die opheffing van sanksies nie. Dit was die heel belangrikste instrument wat gelei het tot internasionale druk, een van die belangrikste redes vir die onderhandelingsproses vandag. Hulle moes ook geweet het dat hulle die geveg nie kon "wen" nie.

Maar hierdie anti-sanksie regeringsinisiatief het dan direk die mees bisarre tragiese situasie tot gevolg. Mandela op sy huidige besoek bevind hom waar hy ookal gaan in 'n posisie waar hy 'n groot deel van sy toesprake wy aan die noodsaaklikheid van die behoud van sanksies.

Nuusberigte, koerant artikels en televisie debatte word daardeur oorheers. Wie se standpunt gaan seevier: die ANC, of die regering.

"Mandela or De Klerk: Whose views on sanctions will carry the day?" lui een opskrif wat die huidige internasionale debat daaroor weergee.

Die indruk word verkeerdelik geskep dat die ANC en die NP, De Klerk en Mandela in 'n geveg om lewe en dood betrokke is.

Hierdie hele gekke en onnodige geveg trek die aandag af van wat reeds stilweg veral agter die skerms tussen die partye bereik is.

In dié situasie word Mandela en die ANC gedwing om uitsprake te maak wat sterker is oor wat hul werklike houding oor die saak is. Dit lyk ook soms of daar teenstrydighede in die ANC-standpunt is.

Wat ookal die meriete van die ANC standpunt, lei dit tot onbegrip in Europa en veral onder die Amerikaners met hul "quick fix" mentaliteit. Die ANC word, verkeerdelik glo ek, gesien as die halstarrig, onbuigsaam en met geen begrip vir die ekonomiese realiteite nie.

So word die internasionale beeld van die ANC geknou op 'n stadium wat hy dringend finansiële hulp nodig het om homself as party in Suid-Afrika te vestig.

De Klerk en Mandela moes hulle nooit in hierdie posisie bevind het nie, maar die twee persoonlikhede wat inderdaad reeds die twee hoof vennote van die vredesproses is, word as bittere vyande gesien. Beide hulle en Suid-Afrika moes en kon hierdie sanksie-episode gespaar gebly het.

*Bereddering van die apartheidsboedel*

# Die politiek was toe buite die parlement

**Die aankondigings van staatspresident FW de Klerk op 2 Februarie het 'n dramatiese grondslag vir die afgelope parlementêre sitting gelê. Maar parlementariërs moes nog steeds in koerante lees om uit te vind wat werklik in die politiek aan die gebeur is. Die Natalse DP-LP Peter Gastrow gee sy indrukke**



DIT word nou algemeen aanvaar dat die huidige grondwet met sy driekamer-parlement binne die volgende paar jaar met iets anders vervang gaan word. Die doodsvonnis oor die stelsel is gevel maar die teregstelling lê nog voor. Dit gee 'n LP in die parlement nogal 'n eienaardige gevoel van onsekerheid.

Die werksaamhede van hierdie sessie kan beskryf word as die administrasie en bereddering van die apartheidsboedel.

Ons het begrotings bespreek en goedgekeur, baie komiteevergaderings bygewoon, toesprake gehou, wette gwysig, politiek gepraat, koffie gedrink en hier en daar van uitstaande apartheidskuld, soos die Wet op die Aanwysing van Aparte Geriewe.

Maar wat LP's gedurende hierdie sessie met 'n nog groter intensiteit as in die verlede gedoen het, was om koerante te lees om uit te vind wat werklik in die politiek aan die gebeur is.

Wat nog duideliker was as vantevore, was dat ons land se politieke toekoms besig is om buite die parlement bepaal te word. 'n Paar keer het staatspresident FW de Klerk en van sy ministers ons in die grootsaal van die parlement kom toespreek om ons in te lig oor wat buite aangaan.

Buiteparlementêre gebeure en inisiatiewe het alles oorheers terwyl ons in die parlement hoofsaaklik met rubberstempelwerk besig was.

Die vrylating van Nelson Mandela, die ontbanning van die ANC, PAC en SAKP, gesprekke tussen De Klerk en swart leiers, die BSB, geweld in Natal, De Klerk en Mandela se buitelandse besoeke, die vrylating van gevangenes, die onderwyskrisis, die AWB en regse mobilisering, die ekonomiese debat, protesoptogte en rallies, gesprekke oor arbeidswetgewing - dit alles het niks met die parlement te doen gehad nie. In ons toesprake het ons maar probeer bybly deur op die gebeure kommentaar te lewer.

Desondanks was daar as gevolg van die nuwe politiek hierdie jaar groter begrip deur swart en wit vir "ordelike regering" en die rol wat die parlement daarin speel.

Die vrywaring van uitgewekenes moes deur die parlement goedgekeur word. Mandela het vir Hendrickse geskakel oor wetgewing. DP en NP LP's praat makliker met buiteparlementêre leiers oor wetgewing. En Cosatu het voor parlementêre komitees kom getuig.

Dit beteken nie 'n aanvaarding van die driekamerstelsel deur buiteparlementêre groepe nie, maar 'n groter bereidwilligheid om dit van buite af tot eie voordeel te beïnvloed.

As daar dus gepraat word oor 'n moontlike NP/ANC- alliansie of oor samewerking tussen die twee op spesifieke gebiede dan is die eerste aanduidings daar dat selfs in die parlement 'n klimaat daarvoor geskep kan word.

Natuurlik het gebeure daarbuite en die debatte wat binne gevoer is vir 'n interessante dinamika in die parlement gesorg. Die man wat alles met sy nuwe politiek oorheers het, was FW de Klerk. Nog nooit is daar gedurende 'n parlmentêre sessie - van alle partye af (behalwe die KP) - so baie lofliedere oor 'n NP-leier gesing nie. Hy is gelukgewens, gepaai, bewonder, aangemoedig en met komplimente oorlaai.

Apartheid se verlede is soms deur die Arbeidersparty en die DP-lede onder die loep geplaas, maar in die algemeen het 'n mens die gevoel gekry dat LP's liefs daarvan wil vergeet.

As 'n mens jouself vyf maande lank binne die parlement besig hou, is daar 'n geneigdheid om te vergeet dat die nuwe politiek vir die gewone man op straat tot nou toe nie baie beteken het nie. Die daaglikse omstandighede van die meerderheid van ons bevolking het nog nie verander nie.

Die fokus in die debatte was dus hoofsaaklik op die "nuwe Suid-Afrika" gerig, wat insigself 'n verbetering is op die debatte van die verlede. Daar gaan nie weer 'n blanke verkiesing onder die huidige grondwet plaasvind nie.

Daarom vererg die KP hom natuurlik. Hulle het met verontwaardiging volgehou dat die NP nie 'n mandaat het vir die stappe wat De Klerk geneem het nie. Hulle is reg, maar die NP het oor die afgelope veertig jaar al geen mandaat om namens alle Suid-Afrikaners besluite te neem nie. Vir sommige stappe wat die regering gedurende hierdie sessie geneem het, byvoorbeeld die afskaffing van aparte geriewe, het hulle vir die eerste keer met 'n breë mandaat van die meerderheid van ons bevolking te doen gehad.

Omdat daar nie weer 'n wit verkiesing gehou gaan word nie en omdat die spelreëls vir 'n toekomstige verkiesing nog nie bestaan nie, het die onsekerhede LP's en politieke partye genoodsaak om te loer na moontlike toekomstige vennote. Dit was 'n parlementêre sessie waar daar baie meer as in die verlede van alle kante af gevry is sonder dat vaste verhoudings aangeknoop is. Herskommelings gaan definitief vorentoe plaasvind.

Die probleem is dat ons politieke visie in die parlement so sterk bepaal word deur die eksklusiewe parlementêre politiek van die verlede dat te veels te min aandag gegee word aan die moontlike herskommelings wat buiteparlementêre groepe soos die ANC insluit. Die KP's was natuurlik nie deel van die nuwe vriendelike politiek in die parlement nie. Hulle het geraas, probeer keer en selfs gedreig om LP's te "donder".

Koos van der Merwe het na vore getree as iemand wat onder die regses nog 'n belangrike rol gaan speel. Hy is 'n man met 'n oorvloed van energie. Hy kan vriend en vyand opsweep en hy oordonder sy gehoor met 'n kombinasie van oortuiging en humor. Sy leier, dr Andries Treurnicht, het teleurgestel. Vir 'n partyleier was hy te reaksionêr - iets wat die NP laat hoop dat sommige verdwaalde KP-ondersteuners weer na die NP toe sal kom.

Nogtans het die KP 'n paar goeie debatteerders gehad wat menige NP-agterbankers en behoudendes partykeer laat twyfel het of De Klerk nie miskien besig is om die blankes uit te verkoop nie.

DP-lede het goed presteer met hul toesprake, maar die party het dit moeilik gevind om hom duidelik te posisioneer. Net soos met alle ander politieke groepe is die DP op 2 Februarie onkant gevang.

Die kaping deur die NP van DP-retoriek en beleidsaspekte word verwelkom, maar veroorsaak probleme vir die bepaling van DP-strategie en vir baie kiesers wat bittermin verskille tussen die DP en die NP sien.

Die Arbeidersparty het op staande komitees suksesse behaal. Die regering was hierdie jaar baie meer geneig as in die verlede om kompromieë aan te gaan sover dit wetgewing betref. Die arbeidersparty het dit gebruik om 'n hele aantal wysigings aanvaar te kry. Alles is van regeringskant af gedoen om te verhoed dat 'n konflik ontstaan wat vir De Klerk sou noodsaak om wetgewing vir 'n beslissing presidentsraad toe te stuur. Ons lewe mos in 'n tyd van onderhandeling en konsensus.

Waarna die arbeiders oppad is, is nie duidelik nie. Gaan hulle by De Klerk aansluit, verdwyn of 'n skikking met die ANC probeer bereik. Dit sukkel nog binne-in die party.

Ondanks die feit dat ander gebeure ons politiek oorheers het, was die parlementêre sessie tog interessant. Elke jaar wanneer ek teruggaan kiesafdeling toe, vra ek gewone mense in die straat om vir my 'n paar hoogtepunte van die vorige ses maande se politiek te noem.

Die antwoorde het dit duidelik gemaak dat as die parlement weer 'n sentrale rol in ons politiek wil speel, dit verteenwoordigend van ons totale bevolking moet wees. En hierdie sessie het my die hoop gegee dat ons stadig maar seker daarheen oppad is.

# Anekdotes van 'klein apartheid'




EK het onlangs in hierdie geselsie gepraat oor die einde van die Wet op die Aanwysing van Aparte Geriewe wat op 15 Oktober gaan plaasvind.

Die verskrikking (en die humor) wat met hierdie klein apartheid (sic!) gepaard gegaan het, mag egter nie net sommer toegelaat word om te verdwyn nie. Daarom wil ek voorstel dat lesers uitgenooi word om hulle anekdotes rondom hierdie tydperk van ons geskiedenis vir Vrye Weekblad aan te stuur.

Dan kan ons gerus maar nou en dan die gruwelikste of lekkerste hiervan publiseer, miskien nog met 'n "Afskeid aan apartheid"-bylaag vir 15 Oktober.

My storie gaan oor 'n classy bruinman, die Rob Ferreira-oord, die dorpie Christiana en die Kimberley Club. En dis ook nie so lank gelede nie, maar darem nog toe daar permitte nodig was as "anderskleuriges" in "oopgestelde" wit hotelle wou oorbly.

Ons held, 'n skakel- en verhoudingsman by 'n groot myngroep, word uitgenooi om met 'n klomp bruin maar bleek boere en sakemanne in die Suidwes-Transvaal oor menseverhoudings te gesels. Die plek waar die seminaar plaasvind is Rob Ferreira, daardie deel van die Transvaal se spoggerige uithangplek en deel van die blanke Overvaal-oorde.

(Het u al gedink hoe en wat Warmbad gaan word ná 15 Oktober? Maar dis 'n ander storie en 'n Saterdagmerrie duisend vir die Nasionale Party).

Alles gereël en agtermekaar vir 'n lekker kuier, ontdek iemand iewers dat die samesyn effens ongemaklik word omdat die spreker oor mense-verhoudinge (sy posisie en sy gespreksonderwerp ten spyt) nie kwalifiseer om by die oord oor te bly nie. Praat, eet, en kuier mag hy wel; swem en slaap nie.

Dus begin daar 'n soektog na blyplek op die omliggende dorpe - vir die gas uit Pretoria. Maar omliggend op die Suid-Afrikaanse platteland is deksels groot, en die hotel op Christiana is die naaste slaapplek. Alles goed en wel, maar as hulle hoor dis 'n "Kleurling" word dit skielik moeilik. Om verdere verleentheid en vernedering te bespaar, besluit die gas om maar sy toevlug te neem na die groot stad Kimberley. Hy moet in ieder geval tog van daar af met die vliegtuig vertrek, en kan hy ewe spoggerig tuisgaan in die Kimberley Club.

(Maar met Kimberley begin daar 'n verhaal tussen hakies oor die slag toe dieselfde spreker, nog as koerantman, gereël het om tuis te gaan by een van daardie hotelle waar "nie-blankes" met permitte gehuisves kon word. Die Arbeidersparty hou kongres, of iets.

Soos dit dikwels gaan as jy van Kimberley heen en weer reis, daag die joernalis die aand voordat die kongres begin, in plaas van die oggend van die kongres, in Kimberley op. Ewe rustig kom hy by die hotel aan, maar van inboek is daar geen sprake nie.

"Nee, Meneer," dis darem al meneer, "dis nou eers twintig oor nege en Meneer se permit is eers van middernag af geldig." Dus moet die bruin meneer maar iewers meer as twee uur gaan deurbring totdat hy volgens sy permit mag kom slaap).

Terug by verlede jaar. Die seminaar by Rob Ferreira verloop seepglad en die stoere manne van die kontrei ontdek dat die spreker naas 'n goeie spreker ook 'n heerlike storieverteller is en lekker kan kuier. Die middag se afsluiting verloop daarom heel langsaam en toe dit donker word, beraam al wat kongresganger is planne vir "die besoeker" om sommer in hulle kamer te oornag. Apartheid se moer so met die mampoer.

Maar met die aanvanklike vernedering oor die oord besluit hy om tog deur te skiet Kimberley toe. Dis laat, donker en baie stil toe hy opdaag by die eksklusiewe klub.

Alles gesluit en g'n deurwag om hom in te laat nie. Alweer Kimberley! Bo, agter wat kennelik dik, swaar gordyne uit 'n verbygegane era moet wees, gewaar hy 'n skemering van lig. Hy krap op die grond en raap 'n paar klippies op waarmee hy na die venster mik.

Nou is dit so dat baie mense kon dink dat vensters met klippe gooi deel van 'n Kaapse kultuur is, maar dis net een uit elke vyf of ses klippies wat die ruit tref. Uiteindelik maak die gordyne 'n beweging: 'n Engelse gesig loer uit en roep in geen onsekere taal uit dat die **!!%%## dronk **##@!$! moet padgee.

En woeps skuif die gordyne dig.

In die skemerte is daar geen klippies meer te sien nie en in moedeloosheid begin die besoeker uit die Goudstad maar kleingeld na die venster gooi. Vyfsente is te klein, maar tiensente en later twintigsente trek lekker en maak 'n ordentlike geluid.

Ná wat na ure gevoel het, en 'n aansienlike duik in sy beurs gemaak het, word die deur oopgemaak. Nog voor hy kan vertel dat hy regmatige aanspraak het, word hy uitgeskel. Dan eers verduidelik hy sy posisie, haal sy statusbewys uit sy sak en stap die heiligdom binne.

Maar voor hom in die gang hoor hy iemand iets fluister van die "bloody Kaffirs" en die dag se ironie word vir hom een te veel.

Hier loop hy hom bloedneus teen sy eie "Club", en daar anderkant het die boere wild en wakker saamgesweer om hom tuis te bring.

En voordat hulle wegraak in die sagte ruimtes van die binnekant van die klub, skree hy terug met jare se opgekropte woede wat hy nog altyd beheers het: "You white bastard".

Na 15 Oktober gaan daar seker nog baie só geroep word.

*Vrye* **Weekblad**

## Sterk leiding

STAATSPRESIDENT FW de Klerk en sy regering het hulself dié week weereens opnuut en onomwonde verbind tot die skepping van 'n "nuwe Suid-Afrika."

Dié hervormingsboodskap is luid en duidelik gestel, nieteenstaande groeiende regse verset, doodsdreigemente en ook kritiek vanuit swart geledere dat apartheid nog steeds in die praktyk bly voortbestaan.

President De Klerk het sterk standpunt ingeneem tydens 'n gesprek met 'n groep ultra-regse buite-parlementêre groepe onder leiding van die leier van die HNP, Jaap Marais.

Daartydens het hy die Staatspresident dit duidelik gestel dat hy geensins van plan is om terug te deins of om sy hervormingsplanne te verwater nie.

Hy het die huidige gesprek met die ANC verdedig as deel van die voorbereidingsproses tot ware onderhandelinge tussen alle politieke groepe, maar hy onderneem ook om die blankes te raadpleeg voor 'n nuwe grondwet finaal aanvaar word.

Hy het onverbiddellik alle geweldsdreigemente van beide links en regs as ongeregverdig verwerp. Onder geen omstandighede sal anargie geduld word nie. Pertinent het hy gewaarsku dat die regering sal optree teen sogenaamde Boerekommando's wat onwettig opereer.

Hy het sy standpunt herhaal dat die dae van minderheidsoorheersing iets van die verlede is.

Verder het President De Klerk in 'n televisie-onderhoud dit uitgespel hoe ver die regering bereid is om te gaan met 'n nuwe grondwet. Dit beteken beslis die afskaffing van die Wet op Bevolkingsregistrasie, wat allerweë aanvaar word as die hoeksteen van die beleid van apartheid.

Daardeur maak hy dus aan beide swart en wit dit absoluut duidelik hoe volkome en ingrypend sy hervormingsplanne met die afskaffing van apartheid is. Niks sal hom en sy regering van hul ingeslane weg laat afsien nie.

Derdens is daar die beleidstoespraak van Roelf Meyer, adjunk-minister van Staatkundige Ontwikkeling. Die regering het 'n visie van 'n "nuwe Suid-Afrika" met as vertrekpunt 'n onverdeelde Suid-Afrika met burgerskap vir al sy inwoners.

Dié sterk standpunte van President De Klerk en sy regering is duidelik die eerste skote in die inligtingsveldtog van die NP. Dis 'n desperate, maar vasbeslote poging om die hervormingsboodskap op "grassroot"-vlak aan hul verwarde ondersteuners en 'n onsekere blanke politiek te verduidelik.

Oor die grense van party-politiek heen hoop ons van harte dat die NP-leiding in hierdie veldtog sal slaag. Die sukses al dan nie van die hele onderhandelingsproses hang daarvan af.

In hierdie spanningsvolle tye verdien De Klerk ondersteuning vir sy onverskrokke standpunte van alle Suid-Afrikaners, swart en wit.

## Terreur

Te midde van heelwat agterdog dat sekere elemente van die Suid-Afrikaanse Polisie Staatpresident FW de Klerk se glasnost-stappe afkeur en selfs saboteer, was dit bemoedigend om te sien dat die Veiligheidspolisie onmiddelik en ywerig aan die werk gespring het met die ondersoek na verregse sameswerings om geweld en moord te pleeg.

Dit is ons indruk dat die span polisiemanne wat die saak waaroor Vrye Weekblad verlede week berig het, ondersoek, dit ywerig en professioneel doen soos dit polisiemanne betaam wie se taak dit is om misdaad te voorkom en die veiligheid van die publiek te verseker.

Ons hoop ook ander elemente van die polisie mag gaan mettertyd agterkom dat daar vir hulle net verdriet in lê om te heul met die bittere ver-regse gekonkel teen die staat en die openbare orde.

Sonder veiligheidsmagte wat deur die hele bevolking vertrou kan word, is 'n oorgang na 'n demokrasie en 'n voorspoedige gemeenskap kwalik moontlik.

Daar was egter dié week optredes deur hoë polisie-offisiere rondom die regse sameswering wat ernstige vrae laat ontstaan.

Die twee mees senior offisiere wat met die media skakel, brig Leon Mellet van die kantoor van die minister van Wet en Orde, en genl Herman Stadler, hoof van die polisie se skakelafdeling, het kort na die onthullings met 'n aktiewe disinformasie-veldtog begin.

Albei offisiere het hulle skuldig gemaak aan die vertel van blatante leuens en die verdagmaking van kosbare inligting wat waarskynlik binnekort van deurslaggewende belang in hofsake gaan wees.

Hul motivering is vir ons duister.

Vrye Weekblad het met die hoogste integriteit opgetree tydens die ondersoek wat tot die ontbloting van die sameswering gelei het. Ons het ook vroegtydig op die hoogste vlak die owerhede volledig van alle inligting en agtergrond voorsien, en 'n gees van begrip en samewerking gevestig.

Die genoemde twee offisiere het dié verstandhouding met hul onprofessionele optrede ondermyn.

Ons hoop hul hoofde neem kennis.




**BRIEWE**

***Vrye Weekblad plaas alle briewe wat nie die wet oortree of lasterlik is nie, mits die korrespondent se naam en volledige adres bygevoeg word as 'n skuilnaam gebruik word. Die redakteur behou die reg voor om briewe te verkort. Skryf aan: Die Redakteur, Vrye Weekblad, Posbus 177, Newtown 2113. Of bel met jou mening na (011) 836-2151.***

# Kiesers kyk oor hul regterskouers

**Henk Bester van Montagu skryf:**

Daar word nou veel gemaak van Umlazi: Wat het daardie tussenverkiesing onder andere bewys? Dit het bewys dat die DP-ondersteuners van die September '89 verkiesing nou die NP gehelp het om 'n beleid, met konflikmoontlikhede, te verslaan.

Dit is wat so kenmerkend is van daardie groep mense wat vandag die DP vorm - wanneer landsbelang vooropgestel word, dan stem hul so: Suid-Afrika eerste. Dit was ook die kenmerk van die partye wat bestaan het, waaruit die DP van vandag gebore is.

Wat in der waarheid moes gebeur het in die Umlazi-tussenverkiesing is dat, nadat 'n groot groep NP-ondersteuners hul by die KP geskaar het, die res die DP moes gesteun het. Dit was tog immers nie die DP wat sy September '89 verkiesingsmanifes verander het nie.

Die KP-aantygings teen die NP dat laasgenoemde nie voor die '89 algemene verkiesing sy planne duidelik aan die kiesers uitgespel het nie, is volgens my oordeel heeltemal regverdig. 'n Nat-vriend het onlangs aan my gesê dat, as sou die NP sy planne bekend gemaak het, sou hy minder stemme getrek het. Inderdaad wou dit dan voorkom dat dit takties is om eers 'n "mandaat" by die stembus te verkry en daarna met 'n "verkiesingsmanifes" vorendag te kom. Die KP behoort te weet - hy was mos darem self jare lank in die NP. Ek wonder net in welke mate FW sou beweeg het, sou die DP in die '89 verkiesing nie so 'n goeie vertoning gelewer het nie. Dan sou hy seker maar verplig gevoel het om taamlik oor die regterskouer te loer.

Aan die ander kant het die munisipale tussenverkiesing in Randburg getoon dat, waar daar nie 'n regse element betrokke is nie, die kieser bereid is om die vrye demokratiese reg wat hy vir homself opeis, ook aan ander te gun.

Die geval "Piet Skiet": Daar behoort heelwat applikante vir die R50 000 te wees: 'n mens kan mos die seun op varsity vir 'n paar jaar ondersteun en miskien nog, as hy goed presteer, 'n Uno'tjie belowe. Wat gaan Adderjan met die man maak as hy hom vang? Saam, glimlaggend vir 'n foto poseer? "Mentally sick" verklaar, in 'n Vyfsterplaas, omring deur spesialiste om oor sy gesondheidstoestand die wag te hou? Of gaan hy hom laat bandiet, sodat hy ten minste sy eie lewenskoste kan dek? 'n Beter idee is miskien om hom aan die BSB te skenk, natuurlik onder die wakende oog van Moeder Harmse. In rugbytaal hoor 'n mens die ge-ykte term "'n dodelike kombinasie." Dink net watter dodelike senter-kombinasie kan moontlik uit die Neethlings en Rudolphs saamgestel word.

Laastens, meneer Karel van der Merwe van Bezuidenhoutsvallei (Vrye Weekblad Briewe, 8 Junie 1990) net dit: "You're a poet, but you don't know it".

## Lugbesoedeling

**P.A. Pienaar van Glenstantia skryf:**

Lugbesoedeling is 'n ernstige omgewingsprobleem en u blad se kommer daaroor is te verwelkom. Die berig onder die opskrif "Gifkombers oor die Oos-Transvaal" (Vrye Weekblad, 8 Junie 1990), gaan egter mank aan geloofwaardigheid as gevolg van 'n ooglopende wanvoorstelling.

Pleks daarvan dat u foto's insluit van skoorstene wat die "giftige swaweldioksied die lug inpomp", plaas u twee prominente illustrasies van 'n kragsentrale se koeltorings waarin die noodwendige, dog skadelose waterdamp bokant die betrokke torings sigbaar is. Die volgende onderskrifte word geplaas: "Gifgasse word hier die lug ingepomp - in die naam van industriële vooruitgang", asook, "Die Eskom-torings hou nooit op nie - in die windstil wintermaande gaan lê die gasse soos 'n kombers oor die omgewing".

In dieselfde uitgawe (hoofberig, bladsy 20) word die standpunt (reg of verkeerd) van die hoofdirekteur van omgewingsbeheer (Dept. Nasionale Gesondheid and Bevolkingsontwikkeling) egter afgemaak as "'n tipiese arrogante uitspraak deur 'n staatsamptenaar". In die lig van u verslaggewer se ooglopende flater is die bogenoemde negatiewe kommentaar werklik 'n openbaring! Die "nuwe Suid-Afrika" wat u blad verteenwoordig kan goed sonder so 'n stukkie joernalistiek klaarkom.

## "Gruwelike mistasting"

**A. Pienaar van Parys skryf:**

Ek het 'n keer die Vrye Weekblad deurgeblaai maar vind dit absoluut aanstootlik.

Alles gaan oor die nuwe nasie (die verbroedering van almal) en die sogenaamde "nuwe Suid-Afrika" wat moet kom waar gelykheid op alle vlakke kamstig saligheid en ewige geluk vir die mensdom sal beteken. Wat 'n gruwelike mistasting is dit nie. Die regering is na my mening ook maar sosialisties - seker dié dat hulle so lekker met mnr. Mandela kan gesels - hulle dink seker maar dieselfde oor aangeleenthede.

Hierdie een nasie-gedagte in die nuwe Suid-Afrika met die vrede wat gaan kom is wensdenkery. Die vrede wat sal kom is die vrede van die new-age - dus die anti-chris se vrede waarmee ons niks te doen wil hê nie.

Ek gril as ek net dink aan die nuwe Suid-Afrika met al die wetteloosheid wat gaan heers. Ons sal ook nie die anti-chris aanbid (mens van sonde) met sy valse vrede en geregtigheid nie.

As gelowige smag ek ook na vrede en geregtigheid, maar nie ten koste van die waarheid nie. Vandag in Suid-Afrika word die waarheid so verdraai dat die leuens van satan (die wettelose) geglo word.

## "Wat 'n mooi taal"

**Lourens Human van Klerksdorp sê:**

Die mense kan dit "slang" noem. Maar wat sal ons nou worry oor wat die mense sê? Ons is dan die mense.

Ek noem dit 'n eie en oorspronklike taal - net so eie en oorspronklik as wat hierdie mooi land van ons oor 'n tydjie behoort te wees. Watter Engelse ou gaan jou nooi vir 'n barbeque? Nee, óns gaan braai man. En things is lately sommer lekker deurmekaar sal hy jou ook gou vertel.

En om van vloek nie te praat nie. Ek daag enigeen om my 'n taal te bring met 'n beter woordeskat in dié divisie. As die manne nog op 'n geestelike wavelength is, dan bly dit Xhosa, Engels of Portugaans. Maar as hulle beestelik word..... Nou ja.

Ai, en daai mooi uitdrukkings. As die fan losruk en in die popo vasvlieg. Wat kan mooier wees, of nee wag: Moenie die hoender uit die poepol uit ruk nie. Translate laasgenoemde 'n bietjie in enige ander taal - en 'n gesig wat lyk of dit poep geruik het - bevraagteken jou mooi uitdrukking.

Genoeg gesê. Wag, hoe kan ek die Amerikaner vergeet? Hy was mal oor die woord jaag. Dit was let me jaag jou hier en let me jaag jou daar. Hy het even vir jaag 'n oorspronklike - Yesterday I jaaged him - verlede tyd aangesit.

Dis nou eers genoeg uit hierdie meesterpen van my. Sal julle sien.

*Vervolg op bl 22*

# Vra my broer Jack, hy lieg nes ek



**BROLLOKS EN BITTERGAL**

WANNEER laas het soveel mense soveel twak in so 'n kort tydjie gepraat en geskryf?

Dit gaan nou oor Vrye Weekblad se berig laasweek van die ver-regses se gekonkel om Nelson Mandela te vermoor en allerlei soorte chaos te saai.

Voor in die koor staan twee senior polisie-offisiere: genl Herman Stadler, nie eintlik 'n man wat vir sy liberale sienswyses en entoesiasme vir FW de Klerk se hervorming bekend is nie; en brig Leon Mellet, 'n ervare spekskieter.

Stadler en Mellet verklaar die hele storie as "ongegrond", "gebaseer op emosionele uitsprake", sê die AWB-insypelaar, Jannie Smith, word nie deur die polisie opgepas nie en Vrye Weekblad het nooit vooraf bandopnames van regses se gesprekke aan die polisie gestuur nie. Vier leuens in een asem.

Vlak agter hulle staan drie joernaliste wie se gesiggies al klaar rooier en rooier begin word: Buks Pietersen en Johan Gagiano van Rapport, 'n onbekende vaalseun van Beeld en Shaun Johnson van die Daily Mail.

Buks en Gaggie se storie is die fraaiste. Die moordkomplot was "emosionele bierpraatjies" en het nooit bestaan nie, besluit hulle namens die ondersoekspan van die polisie, en die storie is iets uit 'n Pienk Pantherprent.

Nou moet ons darem onthou Gaggie is die vuurwarm ondersoekende joernalis wat 'n paar maande gelede dramaties aangekondig het dat oud-kaptein Dirk Coetzee half-mal en half-dood op 'n plaas buite Pretoria lê. Selfs toe dit uitkom Gaggie het die ganse storie uit sy duim gesuig, het hy soos 'n muil daarby gestaan.

Die teleurstelling was egter die Daily Mail, in sy eerste week van publikasie, wat onder die naam van Shaun Johnson die hele storie afmaak by monde van 'n KP-LP wat nie geïdentifiseer word nie. "Rightwing plot? It's a publicity stunt, says CP" is die opskrif op die Mail se voorblad. Geen feite, geen ondersoek, geen poging om agter die waarheid te kom nie. Skielik is die KP se woord oorgenoeg vir die Mail.

Die Mail se swak joernalistiek is waarskynlik nie veel meer as suur druiwe nie. Maar die ander liegbekke? Hoekom tree hulle so op? Dalk regse onderrokke wat uithang?

* 'n Mens wonder wat gaan dié knape sê en skryf as 'n dosyn mense binnekort weens die berigte in die hof staan?

## Kaptein Caprivi op Ermelo

'Skuus, maar Brolloks kon nie die versoeking weerstaan om weereens die storie te vertel van Leon Mellet se foefie wat so geboemerang het nie.

In 1978 was die brigadier, daardie dae die model wat die titelrol in 'n fotoboekie-reeks gespeel het, 'n misdaadverslaggewer by die Natal Mercury. Hy is toe saam met die polisie Swaziland toe om ANC-bedrywighede te ondersoek. Terug uit Swaziland trek hy toe sy Volksie op Ermelo se gholfbaan, waar kol Nick van Rensburg met sy polisiepistool 'n paar gate deur die motor skiet.

Die volgende dag skryf Leon ewe dramaties onder die opskrif "How they tried to kill us": "I had just got back into the car when a white Peugeot with two men inside sped past us from behind. Its lights were off and as it drew close to us, five shots were fired in quick succession.

"Three of the shots struck our car but we were not hit.

"We were unarmed and, fearing the gunmen would return, we raced off and hid in a house near Manzini till daybreak."

* En toe plaas Leon dié foto by die storie...

## Nie sleg nie,

Brolloks se vieserigheid oor Johnson se swak berig ten spyt, die nuwe Daily Mail wat uit die Weekly Mail ontstaan het, is darem maar spanne beter oggend-leesstof as die Citizen en Business Day, om nie van die Nasionale Pers se oggendblaaie te praat nie. Dis lekker om weer 'n kwaliteit-oggendkoerant te kan lees.

* Knap gedaan, kollegas. Mag dit net sterker gaan vorentoe.



MERCURY crime reporter Leon Mellet points to one of three bullet holes pumped into the offic car he used to visit ANC terrorist bases in Swaziland. All three bullets ripped through the car and came out the other side. The front bullet missed the petrol tanks by a few centimetres, the middle one narrowly missed an ANC official in the back of the car and the third shot was only a few centimetres away from vital parts of the engine.

## Lank lewe die BSB!

En wie kom toe weer uit die skaduwees gesluip nou dat Namibia onafhanklik is en niemand meer vir die moord op Anton Lubowski aangekla kan word nie? Onse liewe vriend Chappie Maree.

Hy was glo in Wes-Duitsland, maar is terug om te bly. In en uit die grense sonder dat 'n hand aan hom gelê is. En dit terwyl die polisie in ons buurstaat Namibia hom genoem het as 'n eerste verdagte in die Lubowski-moordsaak.

En het die Harms-kommissie vir Chappie as 'n getuie gedagvaar? Nie so dat enigiemand dit agtergekom het nie.

* Wat het geword van reg en geregtigheid in ons ou landjie? En dan is daar nog die geval Winnie ook...

## Goedkoop lewens

Rassisme loop darem maar baie diep deur ons gemeenskappe, almal van hulle.

Laas Donderdagaand kom die nuus: daar was 'n aardbewing in Iran, en minstens 35 000 mense is dood. Nie drie nie, nie honderd nie, nie duisend nie. 'n Hele 35 000 menselewens.

Vrydag kyk Bittergal vergeefs na die opskrifte op Suid-Afrika se dagblaaie vir nuus oor Iran: Engels, Afrikaans, wit, swart. Niks. Eers hier op bladsy vyf of verder is daar sulke klein beriggies.

Toe San Francisco so 'n tydjie gelede deur 'n ligte skudding getref is, was die opskrifte en foto's groot en dik en swart op die voorblaaie en het ons minute lank na TV-tonele daarvan gekyk. En net 'n handjievol is daar dood.

Die onderliggende boodskap is duidelik: 'n Iranees se lewe is minder werd as 'n Amerikaner s'n. Oorgeset synde: 'n Lewe uit die Derde Wêreld tel nie soveel soos 'n lewe uit die Eerste Wêreld nie.

* Die ander kant van die saak is darem dat Iran sy eie mense se lewens as goedkoop behandel deur praktyke soos openbare teregstellings en die afkap van mense se hande wat gesteel het.

# *Rewolusionêre Chippendales*

**HOE RYM DIT DAN?**



**EGBERTUS KLAAGVOORT**

VIVA, vrinde, die rewolusionêre vier hoogty. Selfs nie Madam de Klerk se man (ja, hy is nog steeds haar man) is so gewild by oupa Nelson soos konstabel Gadaffi, mister Castrol en die sjarmante Arafat nie.

Seg Moeder sy's nie verbaas nie, die vreemde troika is darem sulke aantreklike wesens.

Die cherrie on top is sommer ook die wêreld se best dressed revolutionary, Yasser is hom se naampie.

Moeder dink hy's dalk 'n Chippendale in disguise. Seg Oswald eerder 'n chipmunk sonder disguise, die man het die charisma van 'n waterskilpad.

Ja-nee, geliefdes, dit het hy gewis met broeder TerreBlanche in gemeen.

Maar 'n mens moet toegee dat die Arafat-glimlag onoortreflik is in grootte, lankdurigheid en afgryslikheid.

Vra Moeder of 'n mens darem lewend gesien kan word saam met die kêrel? Seg Miesies Klaagvoort dis onwaarskynlik, meeste mense wat saam met hom gesien word is dood.

Delikaat, hierdie binnekamer-gesel van Egbertus.

## Wanneer kom die wittebrood?

Intussen brand die vure hoog om die nasionale bruidskoek.

Nee vrinde, dis nie nog 'n fakkelfees nie, selfs nie die noodlot kan 'n nasie tweemaal aan so 'n gedoente onderwerp nie. Ek praat van vreugdevure. Die nuwe hoop vir 'n wit Zuid-Afrika het daarin geslaag om 'n bom ontplof te kry sonder om hul baarde te skroei of hulle boeppense te puncture.

Maar watter penarie besorg dit nie vir mister Vlok die Vrome en sy polieste nie!

Tradisioneel vang ons mos nie mense wat bomme en dinge van regs administreer nie, maar die sakie is effens gekompliseer deur die teiken: die goeie ou NP.

Praat van verdeelde lojaliteite. Die minister is seker nog meer verward as voorheen, as dit moontlik is.

Dis net 'n kwessie van tyd of hy gaan soek raad en bystand van Magnus PI, die bekende orator.

Terloops, dierbares, die nuwe salarisse vir die manne met die blink knope en minder blink idees het die wêreld se verskil in attitudes gebring: die polieste is opmerklik meer hulpvaardig, en nou staan hulle ook nie meer op as hulle met jou praat nie.

Die volk het die prooi van die burokrasie geword, ek sê vir julle.

## Skriftuurlike ekskuus

Die bomme en onsmaaklike geprewel oor geweld en staatsoorname is tragies.

Dat mense wat al die jare bevoorreg was ten koste van ander, en deur hul stemreg ander mense in onderdrukking kon hou, nou tot geweld oorgaan om hul voorregte te behou, is immoreel.

En onChristelik, al stem broeder Heyns seker nie saam nie. Is daar skriftuurlik verskoning vir diegene, broeder?

Laat weet tog maar per kerende pos, Egbertus is seker as daar 'n verskoning is, sal jy hom uitkrap.

## Intelligente flaters

Die Skoon Administrasie se verleentheid oor die onthullings omtrent hul baasspioen Professor Kaptein Admiraal Philip Nel is tog te sappig.

Gryp dit jou aan, 'n hele instituut aan onse volksuniversiteit dien as 'n front vir die intelligensiediens. Intelligensie is darem so 'n misnomer, maar iedergeval.

Sou dit alles beteken dat die regering die universiteit misbruik het, of was dit 007 se eie idee - of het die nuutgevonde bewonderaar van die ANC en sometime rektor die hele gespuis oogluikend toegelaat?

Akademiese vryheid kry voorwaar nuwe betekenis.

## Overtures sonder klank

Vir sulke mense om by die regsdenkendes te gaan vlerksleep is seker nie meer onwaarskynlik of immoreel as Doktor Sy Hoogdrawendheid B se overtures aan die KP nie.

Mens is nooit te oud om geskok te word nie, behalwe miskien Moeder. Ierdergeval, Inkatha is te prettig deesdae, 'n mens het eintlik 'n spesiale monitor nodig net om hulle manewales te boekstaaf.

Die jongste publisiteit-foefie om verlore veld te herwin was die onlangse optog om teen sanksies te protesteer. Shame. Dink die stomme siele en hul leier dat Mandela van sanksies hou?

Nou waarom bepleit hy dit? Daar's hy, vrinde, daar's 'n rede. En die rede kan selfs deur Inkatha gesnap word: hoe hewiger die sanksies, hoe groter Madam se man se nood. Dus beweeg hy vinniger na 'n apartheidvrye bestel.

En as hy eers daar is (hoe gouer, hoe beter) rol die buitelandse kapitaal en dies meer weer in. Die uiteindelike ekonomiese voordeel is direk verbind met die aanvanklike swaarkry.

Iedergeval, om nou hul ware Zulu karakter uit te beeld, loop die optoggangers toe deur die strate met hul tradisionele wapens: knopkieries, spiese, sambrele, hokkiestokke en buisligte.

Sy Hoogdrawendheid self was nie op die toneel nie, maar sou waarskynlik met die ou Volksheld se erekte vinger rondgepronk het.

## Bêre jou vinger

Uit Afrika, soos uit Oswald se tuin en Moeder se brein, altyd iets nuuts. Dr Mawema, self-erkende male chauvinist pig, bepleit wife-beating as 'n korrektiewe middel in die huwelik.

In Zimbabwe, voeg ek vinnig by, Miesies Klaagvoort tuur al te peinsend na my. En in Kenia, vrinde, het dit die afgelope tyd gewoonte geword om die berugte twee-vinger-teken te gee as pleit vir 'n tweede wettige politieke party.

Dit was nie baie gewild by die enigste party nie, met die gevolg dat een van die partyleiers voorgestel het dat mense wat die teken maak, se vingers afgekap moet word.

Vra Moeder of dit als beteken dat die ou Volksheld al die jare eintlik 'n eenparty-staat bepleit het? Of was sy ander vingers reeds afgekap?

## BRIEWE

### Uit Amerikaanse oog

**John J Willson van Billings in Montana, VSA, sê:**

During the second half of 1989, my wife and I had the privilege of spending a holiday in your lovely country.

Our extended travels took us through most of the metropolitan areas and cities and to almost all of your greater coastal areas, all of which we enjoyed tremendously.

By the way, we were most favourably impressed by the incredible advances and developments that have taken place, especially in the improvement of the standard of living among the Black and so-called Coloured people.

The purpose of my letter is to express my concern with the way that some subversive left-wing elements are permitted to carry on with their attempted breaking down of good order.

Before we arrived in South Africa at Jan Smuts Airport, we had some reservations regarding our safety, as we had gained the impression from TV reports, newspapers etc., that the country was in chaos and on the brink of civil war, as some people like bishop Tutu and Rev Boesak would have us believe.

Well, nothing could be farther from the truth, and we came to the conclusion that media reporting was inaccurate and very often biased out of all proportion, painting a picture for the international viewer that is totally in sympathy with the elements in your country who are trying anything to break down good law and order.

People like Boesak and Tutu can only be described as unsuccessful clowns who like to shout the odds and make themselves heard to anyone who has nothing better to do.

In our hostel room in Singapore, we saw snatches of the so-called protest march through the streets of Cape Town (one of the most beautiful cities we have ever seen and which we should like to visit again).

It is a great pity that such a pleasant and friendly city should be soiled by such irresponsible people like Tutu, Boesak and their cohorts.

South Africa does not need people like this. What South Africa needs is better understanding and more support from the international community.

On a previous visit, many years ago, I happened to listen to a speech made by the late dr H Verwoerd, in which he stated: "South Africa's problems are unique to South Africa, and therefore the solution to those problems will also be unique to South Africa." Those words, sir, stuck in my mind forever since and should be a shining example to the rest of the world to mind its own business.

*(Brief verkort - redakteur)*



" Hou net ŉ oomblik aan; daar's iemand op die ander lyn... "

# Kleinadvertensies

*Om 'n advertensie in hierdie kolomme te plaas, bel vir Clara of Cathy (011) 836-2151, fax (011) 838-5901, of skryf aan Posbus 177, Fordsburg 2113. Die spertyd vir kleinadvertensies is 5 nm op die Dinsdag voor publikasie.*

## PERSOONLIK

Die Takhare vir Vrede sê laai jou sanna met blomme

Bleskoppe teen Apartheid sê met geweld kan jy jou vinger in jou hol afbreek

Groete aan Ryk en Madiba in New York

UITDAGING: Geëmansipeerde, individualistiese, skraal, Christelike dame (40) wil ontwikkelde mans (40-48) ontmoet (platonies of andersins). Sy hou van alle vorme van kuns en stap. Geen MCP's, Piet Skiete of mans wat bedreig voel deur nagraadse kwalifikasies nie. Skakel Virginia Woolf saans en naweke: (011) 672-8544

## WOONPLEK

Gesoek: Vriendelike jong man om huis met arm akteur te deel. R250.00. Skakel Hennie (051) 80850

Woman wanted to share house in Vrededorp from 1st of July - R300.00 per month. For more information call Adri (011) 795 3337

GARDEN ROUTE: Riverside House, Great Brak River R50 per person per day B & B. Lunch/Dinner extra. River frontage. Splendid beach nearby. Phone (04442) 3387

CABANA Winkelspruit: 6 bed luxury from 29 June until 6 July 1990, R200 deposit plus R100 per day, for more information phone (012) 542-2630

BRIXTON: Nie-roker om 'n huis van 1 Augustus af te deel. R440 per maand. Vir meer inligting skakel Karen by (011) 839-1491

## DIENSTE

**AGGRIEVED BY AN UNFAIR DISMISSAL FROM WORK?**
You may legally claim compensation and/or re-instatement in your job.
Please contact: Tel (011) 609-3405. Fax (011) 609-3405 for immediate assistance

**REGTERBREIN-DINAMIKA**
Vermeerder jou kreatiwiteit, produktiwiteit, probleemoplossingsvermoë, intuïsie en kommunikasie dramaties. Werkswinkel van 67 aangename oefeninge aktiveer jou artistieke brein. Skakel (011) 643-4659

Bedrewe verwer. Huise, woonstelle, kantore. Uitstekende verwysings. Vir verdere inligting skakel (011) 728-4678 (Vrydae, Saterdae en Sondae) of skakel (011) 787-7734 Maandae

Tik- en vertaalwerk, bel Louise by (012) 46-6577

***TAROT readings***
Uncovering what you really are, of letting yourself be yourself, of letting everything that is not yourself, fall away. R30. Please phone Ushke at (011) 614-5398

Diensplig Adviesdiens. Vir gratis en onafhanklike advies op enige navrae oor diensplig. Skakel Durban (031) 301-5663 Richard (w), Pietermaritzburg (0331) 944079 Mark (h), Kaapstad (021) 689-1194 (5.30nm tot 7.30nm), Grahamstad (0461) 26067 Rudi (h), Oos-Londen (0431) 27713, Port Elizabeth (041) 56-1483, Pretoria (012) 320-2230 Alice (w), Johannesburg (011) 614 8106 Neil (h) of gaan na die Metodiste Kerk, Pritchardstraat 79 op Dinsdae van 4.30nm tot 7.00nm

POWA (People Opposing Women Abuse) is 'n ondersteuning- en inligtingsdiens vir mishandelde en verkragte vroue. Ons bied ook werkswinkels en opleidingsprogramme aan oor geweld teen vroue. Vir verdere inligting skakel (011) 642-4345

**Visual art courses**
Learning to see. Eye training to look at shape, form, colour dimension translated into drawing, painting, sculpture and crafts. Classes available day and evening for children and adults. Phone Maggie van Wezel at 614-7297 after 5pm

**Crafts**
Have you got some unusual knick-knacks to sell at the Flea Market? Tel Manfred at (011) 788 3994

The Institute For Philosophical Practical and Teaching offers the opportunity to gain perspective on existential crises and problems in living. For more information phone (011) 648-3079

**AFRICAN LANGUAGE:**
An introductory Zulu language and culture course will be commencing on Saturday the 7th of July 1990. The course will be 12 weeks in duration, and will comprise 12 consecutive mornings. Meetings will be held from 10am till 12pm, and the venue will be in Parktown. To secure a place phone Viv at 483 1572. All welcome

## GEBEURE

Die Charles Malan bewonderaarsklub vergader op 31-06-90 in die hoofgebou van die RGN om te besin oor die Katolieke aanslag uit Kalkbaai.

## SAKE

Borge word gesoek vir 'n ouetehuis-projek te Bloemfontein. Rev. Grant, Bus 4298, Bloemfontein

## MARK

**Illustrations, comics, logos and graphics designed and executed. Good, quick and cheap. Contact M Krouse and A Lord at (011) 339-6880 day and night**

**Kashgar**
**Handgeweefde dhurries (gestreepte katoensakke) en silwer juweliersware van Nepal, Indië en Thailand te koop. Winkel 68, The Firs, Rosebank. Tel: (011) 880-3566**

***Tarief: R15 vir 25 woorde of 'n gedeelte daarvan***

JACOB JRegoP

HELP OM VERLORE ENERGIE TERUG TE PLAAS DEUR DIE VOEDINGS-VITAMINES WAT VIR NORMALE LIGGAAMLIKE FUNKSIES VEREIS WORD, TE VERVANG

Stuur R20 (AVB ingesluit) vir 30 kapsules, saam met die koepon hieronder, aan: EMCOR, Posbus 582, Milnerton 7435. Tel (021) 551-4360

Naam: ............
Adres: ............
............
............ Poskode: ............
Telefoon: ............

OOK VERKRYGBAAR BY JOU NAASTE APTEEK

*SA se grotes pak mekaar twee jaar te laat*

# Johnny en Pierre: skouspel of spektakel?



Pierre Coetzer

TINUS HORN

RODNEY Berman-hulle hou nou al jare lank vol dat 'n geveg tussen Johnny du Plooy en Pierre Coetzer net die verloorder se loopbaan skade sal aandoen, en daarom buite die kwessie is. Nou hoor ons egter hulle pak mekaar in Augustus.

Dit dui op een van twee dinge: òf dat albei se loopbane in elk geval nêrens heen op pad is nie en die promotors hulle nou maar vir 'n bietjie publisiteit wil melk terwyl hulle kan, òf dat een van hulle nou maar ten koste van die ander een 'n hupstoot moet kry.

Die tweede moontlikheid is stellig nader aan die kol. Te oordeel na hul onlangse gevegte teen oorsese teenstanders, sal Johnny geen kans teen Pierre staan nie.

Wat met Johnny se loopbaan verkeerd geloop het, weet nugter. Hy het 'n oorvloed natuurlike talent, wat hy nog net by 'n paar rare geleenthede ten toon gestel het en hy is een van 'n uitgelese groepie swaargewigte wat 'n teenstander met 'n enkele hou droomland toe kan stuur.

Om 'n sukses in die kryt te wees, verg egter veel, veel meer. En met begrippe soos toewyding en harde werk in die gimnasium is Du Plooy nie eintlik vertroud nie.

Daar is egter nog hoop. Hy is maar 25 jaar oud, wat beteken dat hy nog vyf of meer goeie jare voor hom het: mits hy hom nóú begin regruk. Die bokswêreld is vol stories van has beens wat weer wenners word.

(George Foreman het op 40 weer begin boks en sal Johnny en Pierre albei op dieselfde aand slae gee).

Pierre is 'n bokser met baie beperkings. Hy is stadiger as Johnny en slaan ook nie so hard nie. Wat in sy guns tel, is die feit dat hy werklik probeer om die beste van sy loopbaan te maak. Sy onlangse geveg teen die Amerikaner Phil Brown was een van sy heel bestes nog, en het 'n mens laat wonder waarom Alan Toweel Coetzer se tyd so mors met teenstanders wat hom nie waardig is nie.

Hoewel hy die Suid-Afrikaanse kampioen is, kon hy tot dusver nog nie Johnny se skaduwee ontglip nie. Wanneer hulle op 4 Augustus deur die toue klim sal hy egter alle twyfel oor wie tans ons beste swaargewig is, uit die weg ruim.

Dis tog jammer dat die twee mekaar nie twee jaar terug al gepak het nie. Toe sou dit 'n groot gebeurtenis gewees het. Nou is dit net nog 'n geveg.



Johnny du Plooy


ONS IS DIE NUWE SUID-AFRIKA

**Vrye Weekblad**

Vrye Weekblad is 'n onafhanklike weeklikse koerant wat uitgegee word deur Wending Publikasies Beperk (Reg. no. 88/04168/06). Die direkteure van Wending Publikasies Beperk is Max du Preez, Christo Nel, Chris Otto, Van Zyl Slabbert en Sample Terreblanche. Die aandeelhouers van Wending Publikasies Beperk is die direkteure en werknemers van die maatskappy.

Wending Publikasies Beperk en Vrye Weekblad se adres is; Breëstraat 153, Newtown.
Die posadres is Posbus 177, Newtown 2113.
Die telefoonnommer is (011) 836-2151-9 en die faksnommer 838 5901.

**Redaksie**

**Redakteur: Max du Preez**
**Hoofredaksie: Elsabé Wessels, Jacques Pauw, Ina van der Linde en Hennie Serfontein**
**Nuusredaksie: Christelle Terreblanche, Christelle de Jager, Audrey Brown, Pearlie Joubert, Phineus Tshukudu, Irene Louw**
**Sub-redakteur: Ryk Hattingh**
**Ontwerp: Andrea Vinassa, Esma Anderson**
**Vrydag-redaksie: Andrea Vinassa, Koos Prinsloo**
**Sportredakteur: Tinus Horn**
**Vrye Weekblad Boeke/Books: Koos Prinsloo, Ryk Hattingh**

**Bestuur**

**Advertensies en bemarking: Manie Eagar, Kee-Leen King**
**Administrasie en verspreiding: Kee-Leen King**
**Redaksionele assistent: Cathy Fennessy**
**Navorsing en biblioteek: Laetitia Pople.**
**Boekhouding: Clara Nkutha**
**Kantoorbestuur: Joseph Moetesi, Vernon Zulu, Hazel Woodward**

**Buitekantore**

**Kaapstad-kantoor: Christelle Terreblanche.**
**Tel (021) 24 8049 / 23-2722**
**Pretoria-kantoor: Ina van der Linde. Tel (012) 834 879**

Vrye Weekblad kos R1,33 plus 17c AVB. Dit kos R75 (AVB ingesluit) om vir 'n jaar lank in te teken, en R40 (AVB ingesluit) vir ses maande. In Namibia, Swaziland, Lesotho en Botswana kos die koerant R1,50 plus verkoopbelasting. Tariewe vir buitelandse intekenare is op navraag by (011) 497-2911 beskikbaar. Probleme met verspreiding moet gerig word aan Cathy Fennessy by (011) 836 2151.


# Eer op spel vir Namibia

**DIE rugbyspan van Namibia gaan al die erkenning wat hy met sy puik vertonings teen Wallis verdien het, prysgee as hy weer môre teen Frankryk verloor.**

Namibia het verlede week in die eerste toets teen die Franse swak gespeel en boonop is sy kaptein, Gerhard Mans, beseer. Drie spelers is summier uitgesmyt, wat beteken dat môre se span heelwat anders as verlede week s'n lyk.

Shaun McCulley vervang Moolman Olivier op losskakel; Vince du Toit maak plek vir Johan Swart in die middelveld en die veteraan Eben Beukes is terug op haker in die plek van Hakies Smith.

Maar is anders noodwendig beter? Kenners in Namibia is bekommerd oor die feit dat die keurders nie die span se grootste probleem - 'n gebrek aan spoed na die afbreekpunte - aangespreek het nie.

Net Theo Oosthuizen het verlede Saterdag by die losballe uitgekom, en hy is nie groot of sterk genoeg om gesag teen die blitsige Franse trio af te dwing nie.

Veral Marc Cecillon het verlede week skitterend gespeel. Die Namibiese verdediging het geen raad met sy kragtige dryfspel gehad nie, en sy vermoë om die bal elke keer aan sy spanmaats beskikbaar te stel, het verseker dat sy agterlyn goeie losballe gekry het waarmee hulle kon aanval.

Die groot held agterlangs was die jong losskakel Pierre Montlar, wat glo grootgemaak word om volgende jaar die nommer 10-trui in die Vyfnasie-reeks te dra.

Sy lang kantlynskoppe het Namibia diep in sy eie helfte van die veld vasgepen.

Gelukkig is McCulley, die man wat hulle in Namibia Kanonpoot noem, môre terug. Hy kan, soos Montlaar, sommer 60, 70 meter veld wen met 'n enkele skop.

Die 20-jarige heelagter van Namibia, Jaco Coetzee, is briljant op die aanval, maar 'n skopper van Montlar se gehalte buit sy gebrek aan ervaring uit. Montlar het Coetzee verlede week van die een kant van die veld na die ander gejaag en so groot druk op die tuisspan geplaas.

Hawie Engels, wat die beseerde Mans vervang, moet maar agter help keer.

'n Mens moet in gedagte hou dat dit eintlik die Franse se tweede span is wat in Namibia toer (hul uitsoekspan is in Australië). Wallis se span was ongetwyfeld sterker.

Namibia behoort dus môre te kan wen - mits hy speel soos in die tweede toets teen Wallis.

Bl 23: Johnny en Pierre: Skouspel of spektakel?

*OP kan boet vir keurders se waagstuk*

# Uitslag in Michael se hande

Berigte deur
TINUS HORN

IETS is nie pluis in Transvaal en die Oostelike Provinsie se rugbyspanne nie; albei speel deesdae deksels goed. Hopelik sal hul kragmeting in die reeks om die Lionbeker môre nuwe lig op dié vreemde verskynsel werp.

Transvaal se nuutgevonde welslae is hoofsaaklik te danke aan sy pak voorspelers, wat twee weke gelede met Noord-Transvaal se agttal gemors en verlede week ook korte mette met die WP gemaak het.

Die OP is op die wenpad omdat hy nou weer met die soort durf en selfvertroue speel wat 'n mens in 1981 van hom gesien het. Nege maer jare het sedertdien verloop. Môre moet hy wys dat sy skokoorwinning oor die Vrystaat verlede week geen gelukskoot was nie.

Die OP-keurders se koppe werk darem snaaks (indien hulle enigsins werk). Die losskakel Morris Olivier was verlede week die groot held in Bloemfontein. Vandeesweek kry hy die trekpas sodat Michael du Plessis weer in sy gunsteling posisie kan speel.

Dis bitter onregverdig teenoor Olivier, wat seker nie verbaas sou wees as hulle hom na sy swak vertonings teen Noord-Vrystaat en die Westelike Provinsie weggelaat het nie.

En 'n mens torring mos nie aan 'n span wat die Vrystaat in Bloemfontein klop nie, magtig!

Oor Michael se vermoëns kan daar geen twyfel wees nie. Die vraag is of 'n onvoorspelbare rugbygenie op losskakel môre meer werd gaan wees as 'n betroubare stelskopper.

Francois Langeberg, vir wie skopwerk maar 'n mog-het-troffe-affêre is, moet nou stellig dié belangrike rol vervul.

Die agterlyn lyk darem nou sterker. En as dinge die dag vir Du Plessis reg verloop, is hy onstuitbaar.

(Dit is nou duidelik dat die OP die wenners was in hul "ruiltransaksie" met die WP aan die begin van die jaar. Dis egter moeilik om te sê of hulle so goed speel omdat Du Plessis nou in die Baai is, of omdat Danie Gerber weg is WP toe).

Noudat die OP aan homself bewys het dat hy ook wegwedstryde kan wen, is daar geen rede waarom hy nie die "nuwe" Transvaal ook kan klop nie (behalwe natuurlik Du Plessis se bovermelde wispelturigheid).

Nie die OP se voorry, slotte of losmanne hoef vir Transvaal terug te staan nie en sy agterlyn lyk heelwat sterker as die tuisspan s'n.

Die skrums gaan interessant wees.

Die Transvaalse vaskop, Johan le Roux, wat al drie jaar lank as een van die sterkste stutte in die land aan ons voorgehou word, het in sy laaste twee wedstryde uitstekend geskrum, maar hy moet eers sy man teen Frans Erasmus staan voor ons kan opgewonde raak.

As 'n mens die spanne teen mekaar opweeg lyk dit asof die OP Transvaal uit sy pad moet kan vee. Toe hulle mekaar vroeër vanjaar op Ellispark gepak het, was die OP 70 minute lank baas. Dit was egter Transvaal wat met die twee belangrike wedstrydpunte weggestap het.

Natal en die Vrystaat, wat albei verlede Saterdag in die Curriebeker-reeks slae gekry het, pak mekaar in Bloemfontein.

Die Piesangboere, van wie daar vroeër in die seisoen sulke hoë verwagtinge gekoester is, is nou onder groot druk om te wen. Nog 'n neerlaag sal almal laat wonder waaroor die groot bohaai eintlik was.

Die Natallers se verskoning is dat hulle deur beserings gery is en dat hul span nou ver van volle sterkte af is. Ons harte bloei vir hulle, maar is dit nie maar almal se lot nie?

Die Lionbeker-kampioen, WP, kan nie te gerus wees oor sy kragmeting met Wes-Transvaal op Potchefstroom nie. Die Mielieboere kon nog nie 'n wedstryd in die Curriebeker-reeks wen nie, maar het drie weke gelede teen die Vrystaat gelykop gespeel.

Vanaand se wedstryd tussen Noord-Transvaal en Verre Noord is 'n mors van dertig spelers, 'n klompie reserwes, 'n skeidsregter en twee grensregters se tyd.



Michael du Plessis

## Bloues terug op koers

**DIT kyk asof ons vanjaar maar weer net gaan wonder wie Noord-Transvaal se teenstander in die Curriebeker-eindstyd gaan wees. As die Blou Bulle die vorm kan behou wat hulle verlede week teen Natal ten toon gestel het, keer niemand hulle nie.**

**'n Mens kon byna nie glo dit was dieselfde span wat die vorige week so teen Transvaal gesukkel het nie. Die feit dat Jan Lock afgejaag is, en die Noorde met Rudolf Straeuli op vaskop steeds die beste daaraan toe was in die skrums, is merkwaardig.**

**Sy groot skrik teen Transvaal het hom die wêreld se goed gedoen.**

**Die wedloop om die tweede plek in die reeks gaan nog baie, baie interessant verloop.**

**'n Sleutelwedstryd is dié tussen Natal en die OP, wat òf op 7, òf op 14 Julie plaasvind, afhangende van hul welslae in die Lionbeker-reeks. (As een van hulle wen, speel hy op 7 Julie in die Lion-halfeind).**

**Wen Natal, behou hy die tweede plek op die puntelys, maar as hy verloor skuif hy af in die derde plek, met die OP dan tweede.**

**Transvaal se sege oor die WP het ook nuwe lewe in sy aanslag geblaas. Hy het egter reeds drie keer verloor wat beteken dat hy nie eintlik nog 'n nederlaag kan bekostig nie. En hy het drie moeilike wegwedstryde wat wag: Natal in Durban, die WP op Nuweland en die OP in die Baai.**

**Die Vrystaat se doppie is so te sê geklink, en dieselfde geld vir die WP. Al wat hulle nou nog kan doen, is om te sit en wag dat die ander spanne verloor.**

## 'Veldslag': Ian Roberts staan sy man teen vroue van formaat

# 'Afrikanerskap is nie ter sprake nie'

***Hoe voel vroue oor oorlog? Dit is min of meer die oorkoepelende tema van Danie Odendaal - die regisseur van SAUK-TV-programme soos 'Dennekruin 12', 'Gallery' en 'Saartjie' - se nuwe mini-reeks. Gegrond op Karel Schoeman se 1959-roman, 'Veldslag', speel die reeks tydens die Tweede Boere-oorlog in 'n fiktiewe Suid-Vrystaatse dorpie af. ANDREA VINASSA het met die regisseur gesels***

"EK het die roman ("Veldslag") jare gelede gelees en gedink dit sou 'n goeie produksie maak, want dit is onwerklik visueel geskryf. En 'n liefdesverhaal het altyd aantrekkingskrag," sê Odendaal wat vinnig besef het die onderwerp is te omvangryk vir die formaat van 'n enkeldrama. Dit is nou 'n mini-reeks van vier aflewerings wat iewers in Augustus, waarskynlik na Jan Scholtz se "Binnekring", op TV1 gebeeldsaai sal word.

Dit was vir Odendaal nie 'n eenvoudige taak om by hierdie punt uit te kom nie. "Niemand dink dit is 'n gewilde verhaal nie." Maar Odendaal het gesmag om vir 'n verandering te kon "asemhaal". Na 'n produksie "wat iets om die lyf het."

Die afgelope paar jaar het Odendaal hom besig gehou met aksie-belaaide reekse en kinderreekse. "Veldslag" lê hom na aan die hart, nie net omdat dit drie jaar se onderhandelinge geverg het om dit te verwerklik nie.

Maar verveel die Boere-oorlog ons nie teen dié tyd nie?

"Dis nie 'n Boere-oorlogverhaal nie. Dit gaan ook nie oor die arme Afrikaner nie. Ons kom nooit naby die oorlog nie en Afrikanerskap is nie ter sprake nie.

"Dit is die verhaal van 'n vrou wat teruggebring word na die lewe nadat die dood van haar man haar emosioneel afgestomp het. Dit handel oor vrouens wie se lewens een honderd persent deur hul mans gedefinieer word. Hul lewens verloor definisie as die mans weg is.

"Dit is die storie van Esther en Frans en nie 'n stelling oor die Afrikaner se stryd nie. Dit is relevant - as jy relevansie soek - van 'n tiental vrouens se houding teenoor oorlog." Esther, wie se man voor die oorlog dood is en nog rou, word gespeel deur Michelle Burgers, terwyl Frans, die beseerde besoeker, deur "Arende" se Sloet Steenkamp... Ian Roberts vertolk word.

"Sonder om didakties te word, gee dit alle skakerings van hoe mense tydens 'n nasionale krisis optree. Daar is min karakters wie se gedrag jy afkeur." Karel Schoeman beoordeel nie sy karakters nie. En Odendaal het Schoeman se noukeurige herskepping van die tydperk - met sy bedompige stemming, donker Viktoriaanse huisies en verlate Vrystaatse vlaktes - waar die vrouens wroeg oor hul mans op die slagveld, eg probeer weergee.

"Esther is emosioneel getraumatiseer. Alles gaan by haar verby. Sy is heeltemal onverskillig tot Frans in haar lewe verskyn. Ek dink die feit dat dit 'n mán is wat haar wakker maak, nie chauvinisties is nie."

Odendaal het vir hom 'n imposante rolverdeling gekies: Wilma Stockenström speel Tant Mart, Trix Pienaar is mev Dokter, Lida botha speel Tant Maria - "Sy het haar enigste seun vroeg in die oorlog verloor." - Milla Louw speel mev Dominee, Alida Theron speel Tant Johanna - "Sy gebruik die oorlog net om geld te maak." - Catherine Thompson speel Hettie - "Sy gebruik dit as voorwendsel vir 'n flankeerdery." - en Anna-Mart van der Merwe speel Dolly.

"Elkeen van die vroue het 'n groot oomblik wanneer hulle deur middel van 'n lang monoloog hul obsessies kan blootlê.

"Hierdie is aktrises van formaat. Dus moes die akteur wat Frans sou speel, iemand wees wat sy man kon staan. Dit is 'n a-tipiese rol vir Ian. Aanvanklik moes dit vir hom frustrerend gewees het, dit was fisiek moeilik om in 'n bed te moes lê en net van sy Adamsappel af boontoe toneel te speel.

"Frans het sy skouer beseer... so hy kon nie sy arms gebruik nie. En as 'n aksie-speler - Ian sal dit enige tyd self vir jou sê - moes hy daarteen baklei en daarom was dit vir hom een van die grootste uitdagings van sy loopbaan.

"Dit is maklik om die macho Camel-man te wees. Maar Frans se karakter is passief, sinies, wêreldmoeg en sonder enige illusies oor die oorlog. Die konflik (tussen Roberts se aksiebeeld en die karakter) het dit interessanter gemaak."

Frans is 'n advokaat van die Kaap en sluit by die oorlog aan in 'n poging om uit 'n ongelukkige verhouding (met Hettie) te ontsnap. Frans kom beseer by Esther en haar skoonma se huis aan en hulle versorg hom. Daar ontstaan 'n verhouding - wat nòg in woord nòg in aksie voltrek word - tussen Frans en Esther. En die interaksie tussen Roberts en Burgers het aspekte opgelewer waaraan Odendaal nie gedink het nie.

Dit is 'n verhaal waarin omtrent niks gebeur nie, tog meen hy die reeks is geensins "indulgent" nie. "Dit is so gestroop dat daar niks onnodigs in is nie. Daar is 'n strakheid wat byna klaustrofobies is.

"Esther kon maklik egosentries oorgekom het omdat sy hierdie obsessie met haar verlies het. Maar Michelle het deernis daaraan gegee en soos Esther weer mens begin word, het sy gewerk om deernis aan haar medemens uit te straal."

"Veldslag" speel in die Suid-Vrystaat af en die soektog na 'n lokaal vir die verfilming was vir Odendaal 'n ander soort slag. Al die lokale vir die verfilming was nie in een enkele dorp te vinde nie. Die kerk, die landroskantoor, die skool, die winkel en die pastorie is in drie verskillende dorpe gekry: Phillepolis, Smithfield en Waterberg, maar Odendaal kon nooit vir Esther 'n straat laat afstap nie.

"Dit was ontnugterend. Die Vrystaat waaroor Schoeman geskryf het, bestaan nie meer nie. Nie een straatblok is bewaar nie. Daarom is ons nogal beperk in ons verfilming.

"Dis 'n periodestuk, maar die sentimente is tydloos. Esther se dilemma is een waarmee enige vrou kan identifiseer." Dit is tydloos in die sin dat dit die verknorsing van mense uitbeeld wat as gevolg van hul sosiale status gedwing word om passief te wees.

Die uitdaging vir Odendaal was om binne 'n tydperk te werk en te sorg dat "Veldslag" nie as kostuumdrama gelees sou word nie. "'n Mens word altyd vervreem deur koetse en pruike."

Hy wou seker maak dat sy gehoor onbewus bly van die periode, dat die inkleding so onderbeklemtoon is, dat dit nie "tussen jou en die onderwerp tree nie."



*Michelle Burgers en Ian Roberts*

*Fynproe*

NETTIE PIKEUR

# Traan die oog en pêrel die voorkop

## *Brand sal ons brand (deel 1)*



DAAR is twee soorte mense in die wêreld: die wat hou van kos met byt en die wat liewer gestoomde blomkool eet.

Rissies. Rooipeper, Tabasco, knoffel, gemmer, kerrie, mosterd ... by die eerste proe van die salige skerp kruie verbly die hart van die brandkosliefhebber. Hy koop outomaties 'n boek met hot en spicy in die titel. Dink hulle aan Indonesië, Indië, die res van Afrika en Karibbiese eilande, dink hulle dadelik aan kos.

Ons snuif en die sweet pêrel op ons voorhoofde, maar ons glo saam met die Indiërs dat kerriekos jou afkoel.

Eers 'n paar riglyne oor jou bestanddele: rooi en groen rissies, droog of vars, moet met respek behandel word. Haal eers die pitjies uit, hulle brand erg. Hou jou hande van jou oë en mond weg as jy met rissies werk.

Die paprika wat ons hier kan koop, is 'n vaal weergawe van regte Hongaarse paprika. Probeer 'n knypie of twee rissiepoeier by elke teelepel of so paprika.

Kommersiële kerriepoeier koop jy glad nie. Vra jou speseryhandelaar uit oor masalas, en wat jy nog byvoeg as jy kerrie kook.

Mosterd: koop een sterke soos Colmans se Engelse mosterd, een milde een soos 'n goeie Franse kruie-een, asook vars swart mosterdsaad.

As jy kan, bedel 'n bietjie wasabi-sous by 'n Japannees. Dis 'n blitswarm mengsel van peperwortel en nog ander goed, en 'n mespuntvol laat jou oë heerlik traan.

Is dit nodig om te sê: koop jou peper en maal dit self. Peper verslaan gou, vervang dus jou voorraad dikwels.

Tabasco-sous is heerlik by omtrent alles wat byt vereis, van avo op brood met sout en suurlemoensap, tot 'n gebakte eieregereg.

Sojasous is onmisbaar en as jy nuuskierig is, eksperimenteer met die oulike botteltjies ketjaps en sambals uit Indonesië.

Ons begin by 'n perfekte laatoggendgereg vir 'n Sondag.

### Huevos Rancheros

Smoor 'n paar uie, 'n huisie knoffel en 'n spul tamaties in 'n swaarboompot tot alles mooi sag is. Voeg by een vars groen rissie, fyngekap. Jy kan ook 'n bossie koljanderblare (dhania) fynkap en byvoeg.

Maak holtes in die mengsel en breek heel eiers daarin.

Sit 'n deksel op en kook tot die eiers net mooi gaar is.

Skep vir elkeen 'n eier en tamatiemush op roosterbrood, en sprinkel ekstra Tabasco-sous bo-oor as jy lus het. Skerp Cheddarkaas bo-oor gerasper is ook lekker.

### Rissie-kasjoes

Wie onthou nog die vierkantige blikke vol heerlike Amendoa de Cajú wat ons nog destyds in Mosambiek gekoop het?

In Suid-Amerika maak hulle so met kasjoe-neute: braai die heel neute in 'n bietjie olie tot goudbruin. Strooi dan sowat 1 teelepel rooi rissiepoeier oor, en geur met growwe sout.

### Moors and Christians

Nee, dominee, ek weet nie hoekom die gereg so genoem word nie. Dis afkomstig uit die Karibbiese eilande, waar hulle Ingels praat.

Jy benodig eerstens twee koppiesvol gaar droë boontjies, maak nie saak watter soort. Daar anderkant gebruik hulle black beans, wat ons nie ken nie.

Braai 'n ui in olie tot sag, voeg twee huisies knoffel by asook repies soet groenrissie na smaak. Voeg nou 300 g goeie rys soos basmati by en braai saggies tot die rys deurskynend is. Giet 500 ml water by, plus die boontjies en heelwat vars swart peper, en natuurlik sout.

Kook tot die rys gaar en droog is. Dis aandkos, sê hulle.

### Hoender-paté

Een heerlike weergawe van die klassieke Indonesiese gereg.

Marineer ses hoenderborsies in 4 lepels sojasous, 2 lepels suurlemoensap, een fyngestampte huisie knoffel en 'n bietjie olie.

Hou oornag in die yskas en sny die volgende dag die hoender in stukkies soos vir sosaties.

Braai oor 'n oop vuur, en verf die sous bo-oor met 'n harde kwas - dié het jy mos lankal van jou skoonpa vasgelê, of van jou skildervriend ...

### Sookhee aloo

Onse pa was tog so lief vir die Indiese bykos, en hoe meer byt, hoe gelukkiger was pa.

Jy benodig 'n spul gekookte afgeskilde aartappels. Verhit eers 10 lepels olie in 'n swaar ysterpot. Nou voeg jy by, een vir een, 'n lepelvol fennelsaad, komynsaad, mosterdsaad, en fenegriek. Kook 'n minuut of wat elk (moenie aanbrand nie) en voeg 'n gekapte rooi rissie by, of meer as jy kans sien.

Sny die aartappels in groterige stukke, en gooi in die pot. 'n Halwe teelepeltjie borrie gee kleur en nog smaak. Moenie sout vergeet nie.

Braai alles stadig mooi bruin, en roer aanhoudend met 'n houtlepel. Proe self: as dit erg brand, waarsku jou gaste om nie op rissies te byt nie.

Volgende week meer oor brandsousies.


dié week by die

**MARK-TEATER**

MARK-TEATER

Maan - Vry: 8nm. Sa: 6nm & 9nm

CURL UP & DYE - deur Susan Pam

- terug op openbare aanvraag

UPSTAIRS-TEATER

A ROOM WITH A REVIEW - deur Mark Banks - 'n Solo-exposé van alles van Kaapstad na Pick 'n Pay"

Ma tot Vry: 8.15nm, Sa 6.15nm & 9.15nm

DIE LAAGER

MRS KLEIN - Nicholas Wright se hoog aangeprese stuk - 'uitsonderlik en treffend'

"Ma tot Vr: 8.15nm Sa: 6 en 9nm

WAREHOUSE BY DIE MARK

Janice Honeyman se DOUBLE THICK DREAMS - Ma tot Vr: 7nm vir 8.30nm. Sa: 5.45nm & 8nm vir 9.30nm

KIPPIES BY DIE MARK

Di tot So: 9nm

Robert Nkosi se groep - 832-1646

MARKGALERYE

Groot Galery

Mark-Teater-Stigting se permanente versameling

Klein Galery

"Freedom Now" deur Kaapstadse gemeenskapkunstenaar

Eksperimentele muur - "Prints" deur Kelly van der Merwe

Telefoon 832-1641

Bespreek by enige Computicket, tel 28-3040

Johannesburgse Vlooimark: Elke Saterdag van 9.00 vm tot 4.00 nm

Nuwe mark in Pimstraat van 9.00 vm tot 4.00 nm. Sondae by die Mary Fitzgeraldplein van 9.00 vm tot 4.00 nm.


# Vonkelwater

*BJ LANKWARDEN*

THE world's best known sparkling mineral water has returned to our shores. Perrier has been sadly missed by most winers and diners, as a truly fine meal or winetasting is so enhanced by the splendid water in the familiar green bottle.

The new production, as it reads on the lower label, is completely free of any benzene. Not that the previous Perrier was laden with it, not by any means, but when higher than permitted levels were found in the United States and some European countries, the company ordered a global recall of all their water. This amounted to some 55 000 litres in South Africa alone. That is a very costly exercise especially if one considers that the bottles here were totally safe. But such is the concern of the parent company that there should be no doubt over the quality of Perrier water anywhere at all. The prompt recall of the water even in uneffected areas has drawn a very positive consumer response and now that the bottles are back, sales should continue where they left off.

There is always a risk, that some folk have found some other waters during the absense of Perrier and will stick to those now. Let me assure those people, one glass of the new Perrier will change your mind immediately. The clean, clear, almost dry perfect taste of Perrier is enough to prove why it is the biggest selling sparkling water brand in the world.

The only change in the marketing here is that the litre bottle has been replaced with the 750 ml size. The bottle shape of Perrier is not just a design which originated at a marketing workshop.

In the early part of this century, the Perrier company was owned by Dr Louis Perrier, who sold it to St John Harmsworth, brother of Lord Northcliffe, founder of the London Daily Mail.

Harmsworth had had a bad car accident, which left him paralysed from the waist down. He got the idea for the bottle shape from the Indian clubs with which he exercised. Under his guidance Perrier water was exported to the far corners of the British Empire. Whisky and soda was very much in vogue and the local waters were not always suitable.

In 1947 the company came once again under French control and now it owns almost a dozen mineral waters and is the biggest producer and distributor of water. Mineral water is here tot stay, in many parts of the world it is the fastest growing beverage, and Perrier will no doubt take up its prominent place again.



# Hoe lank kan jy depressed bly?

**STORMY MONDAY**
**Met Melanie Griffith, Sean Bean, Sting, Tommy Lee Jones**
**Regie en draaiboek: Mike Figgis**

**ANDREA VINASSA**

"They call it stormy Monday..." Jy't die song gehoor, gaan kyk nou die movie.

Elke paar jaar of wat sien jy 'n prent waaroor jy voel soos jy oor Jean-Jacques Beneix se "Diva" gevoel het. Jy voel jouself tuis in die chaos van beelde en klanke. En dan gaan doen jy jou opleeswerk.

Eers: "Stormy Monday". Dis 'n verleidelike, broeiende neo-noir-riller waarvan die musiek, die lokale en die karakteriserings van veel groter belang is as die storie.

Newcastle Engeland se bouvallige "dockland"-gebied - dis propvol jazz-klubs en is die woongebied van 'n groterige Poolse immigrante-bevolking - is die stemmingsvolle verhoog vir 'n genuanseerde stelling oor die euwels van Amerikaanse imperialisme.

Maar die regisseur Mike Figgis, oud-inboorling van Newcastle en self 'n musikant, bemoei hom nie met vervelige preke nie. Dis "Amerika-week" in dié ekonomies depressiewe stad wat nie Amerikaners se geld nodig het nie. Dis nou almal behalwe die eienaar van die Key Club. Finney word gespeel deur Sting met 'n stoppelbaard en 'n onsmaaklike geaardheid in sy beste vertolking tot dusver. Interessant. Sting... uhm... Gordon Sumner kom ook van Newcastle en speel 'n hemelse bas-solo nadat hy die boewe op hul plek gesit het.

Die owerboef is ene Cosmo (Tommy Lee Jones se vertolking is die enigste oordrewe onderdeel van 'n andersins onderbeklemtoonde prent). Hy probeer vir Finney oorreed om sy klub aan hom te verkoop.

Twee onskuldiges raak verlief op mekaar en raak verwikkel in die gewelddadige onderhandelinge: Brendan (Sean Bean) werk vir Finney en dis sy taak om die idiosinkratiese Krakow Jazz-Ensemble op te pas. (Die Krakow se weergawe van die Star Spangled Banner is een van "Stormy Monday" se satiriese hoogtepunte.)

Sean Bean is daardie seldsame ding: 'n Britse hunk. Hy het die Afrikaner gespeel in die plaaslike prent, "Windprints", en ook die verdoemde lover in Derek Jarman se "Caravaggio". Hy het sy verhoogdebuut gemaak as Tybalt in "Romeo and Juliet".

Nou ja, Brendan raak verlief op Cosmo se oud-minnares - Kate is 'n Amerikaanse kelnerin gespeel deur Melanie Griffith wat jou herinner aan haar "Something Wild"-dae. Sy is, soos gebruiklik gewoon en uitsonderlik, taai en kwesbaar en slaag daarin om al die clichés van dié paradoksale beskrywing te vermy.

"Stormy Monday" is Mike Figgis se eerste prent vir die silwerdoek, maar dis nie sommer enige hierjy-regisseur se debuut nie. 'n Mens is nie verbaas nie as jy ontdek Figgis was eers 'n jazz-musikant voor hy 'n bekroonde eksperimentele teater-skrywer en -regisseur geword het. Hy is in Europa bekend vir sy oorspronklike, visueel aangrypende verhoogopvoerings waarin hy musiek, rolprente en "performance" vermeng.

Ondanks 'n waaghalsige regie-aanslag kry 'n mens nooit die gevoel dat Figgis sommer "eksperimenteer" nie. Hy oefen die soort dissipline uit wat 'n jazz-musikant sonder 'n musiekpartituur op sy stof moet uitoefen.

Daar is niks oorbodigs in die draaiboek nie en Figgis kies alles, van die prente van Miles Davis en Billy Holliday op die klub se mure, tot die restaurant waarin Kate werk, sodat dit tot die betekenis van die noir-tema bydra.

Die restaurant se naam is Weegee's. Weegee (Oftewel Arthur Fellig, Oostenrykse Jood) was 'n uitsonderlike misdaadfotograaf wat saam met die New Yorkse polisie gewerk het. Weegee se teenwoordigheid in beeld lewer kritiek op stedelike, vervalle, magtige, geldgierige Amerika en herinner jou aan die mens se sterflikheid. Figgis verweef talle soortgelyke sydelingse en subliminale verwysings tussen die gebeurde. Hy het selfs vir die jazz-legende BB King gekry om die titelliedjie te speel.

Met 'n verstommende visuele flair slaag Figgis daarin om 'n stemming van onheil te handhaaf waarteen Brendan en Kate se verhouding kan afspeel. Romanties, ja.

"Stormy Monday" sal jou miskien 'n rukkie lank die blues en koue rillings gee, maar 'n mens kan nie lank depressed wees oor 'n talentvolle nuwe regisseur nie. Sy werk verdien die soort kultus-aanhang van Beneix, voor hy begin het om droog te maak.



*Sting speel bas in sy tuisdorp*

## Demea kry na 30 jaar lewe

DEMEA, 'n toneelstuk wat oor die dertig jaar gelede deur Guy Butler geskryf is, kom vanjaar by die Standard Bank Nasionale Kunstefees op Grahamstad die heel eerste keer op die planke. Vyf opvoerings daarvan vind môre, Sondag en Maandag in die Rhodes-Teater plaas.

Demea, 'n allegoriese blik op Suid-Afrikaanse rasseverhoudinge, is op die Medea van Euripides geskoei. Vanweë Apartheidswetgewing kon die stuk nie in 1959 opgevoer word nie, aangesien die rolverdeling noodwendig veelrassig is.

Die regisseur Dieter Reible, wat in noue samewerking met Butler die teks aangepas en verwerk het, hou egter vol dat die drama tans geensins minder toepaslik of insiggewend is nie as toe dit eers geskryf is.

"Soveel poltieke teater wat oor rassewrywing handel, gaan gebuk onder 'n swaar las dogmatiese stellinge. Wat van hierdie stuk iets besonders maak, is die gebruik van tydlose klassieke mitologie om die konflik in breër, algemeen- menslike terme verstaanbaar te maak." Aldus Reible.

Die rolverdeling in hierdie Truk-aanbieding sluit in Graham Hopkins, Dale Cutts, Bill Curry, Nomsa Nene en Louis van Niekerk.

# Van der Walt oorrompel in Pretoria

## *Johannesburg sit droëbek*

***HENNING VILJOEN het hom pas by VryDag! se (ad hoc) kunsspan aangesluit. Hy is die afgelope 16 jaar reeds 'n opera-resensent en is op die beoordeelaarspanele van die Nederburg Opera-prys en die AA Vita-prys. Hy skryf vandeesweek oor Doen van der Walt se uitvoering in Pretoria***

IN die jaarlikse musiekkalender vind daar tussen die opwindende en minder opwindende musiekgebeure daardie uitsonderlike "Sternstunde" plaas, waar kunstenaar en kuns tot 'n sublieme eenmalige ervaring kulmineer.

Deon van der Walt - die jong Suid-Afrikaanse tenoor wat vinnig besig is om een van die voorste liriese tenore in die wêreld te word - se onlangse liederuitvoering in die Staatsteater in Pretoria, saam met Albie van Schalkwyk as begeleier, het gesorg vir een van die onvergeetlike bakens in die musiekkalender.

In die veeleisende program bestaande uit Beethoven se "An die ferne Geliebte", Schumann se "Dichterliebe" en sewe lieder van Richard Strauss, is daar 'n sintese tussen sanger en klavier bewerkstellig waarin die geheelsbelewenis groter geword het as die samestellende dele - 'n belewenis wat gedreig het om 'n mens emosioneel te oorrompel. Dis ook 'n belewenis wat jou in stille verwondering gelaat het oor vertolkings waarin die universele waarhede van geloof-twyfel, hoop-wanhoop en liefde-haat wat in die onderskeie lieder opgesluit lê, meesterlik na vore gebring was.

Deon van der Walt se stem het 'n warmte en volheid bygekry wat aan sy stem 'n groter klankpalet verleen waarmee hy meer geskakeerd tonaal skilder. Hy het geweldig beïndruk met sy stem- en stylbeheer wat van elke lied 'n kosbare kleinood gemaak het.

Hoewel hy aanvanklik 'n ruk geneem het om werklik met sy vertolking van Beethoven se "An die ferne Geliebte" in die musiek in te kom, kon 'n mens aan die einde letterlik gehoor gee aan die versoek van die laaste lied "Nimm sie hin denn, diese Lieder" - om hierdie lieder met jou saam te dra.

Dit is egter in die groep Strauss-lieder waar dit moeilik word om die sielsverrykende ervaring te kan verwoord. Dis met die verinnerlikte emosionaliteit in lieder soos "Die Nacht", "Traum durch die Dämmerung", "Freundliche Vision" en "Morgen" waar Van der Walt met sy fynsinnige genuanseerde vertolkings die skanse van 'n mens se eie emosies deurdring het. Hoe graag



*Deon van der Walt*

sou ek nie sy vertolking van "Morgen" op plaat vasgelê wou gehad het nie - 'n vertolking waarin die "...sonnenatmenden Erde" bykans sintuiglik beleef kon word en waar die geluk van die liefdeshoop net in swyende stilte verdwyn... 'n stilte wat jammerlik deur die volgende lied onderbreek moes word.

In Schumann se "Dichterliebe" het sanger en pianis met sensitiewe inspeling op mekaar daarin geslaag om 'n ontroerende vertolking tot stand te bring. Die wisselende emosionele stemmings van die onderskeie lieder, wat wissel van dromerige meditasie en verlange tot bittere ironie en ontnugtering, is meesterlik saamgeweef om 'n hoogtepunt te bereik in die laaste lied waarmee al die smart en liefde van die voorafgaande liefde besweer en begrawe word. Die pregnante stilte wat op die roerende naspel van die laaste lied "Die alten, bösen lieder" gevolg het, het my laat wens dat ek die saal net in stilte sou kon verlaat het.

Dit is veral in die Schumann-siklus waar Albie van Schalkwyk se fyn aanvoeling vir die teks en die musikale struktuur van die onderskeie lieder Van der Walt se deurleefde vertolkings skitterend gekompleteer het.

Na hierdie grootse musikale belewenis voel ek te meer gesteurd oor die feit dat die SAUK Deon van der Walt se liederuitvoering in die Linder-ouditorium in Johannesburg gekanselleer het, omdat daar oënskynlik nie genoeg belangstelling vir die uitvoering sou gewees het nie.

Indien dit waar is, word die wrange vrugte van die sterwende belangstelling in ernstige musiek in Johannesburg gepluk, wat grootliks die gevolg is van die langdurige "tydelike" sluiting van die Stadskouburg, asook die feit dat musiekinstansies nie wil besef dat ernstige musiek ook baie aggressief bemark moet word nie. Die mens is by uitstek 'n gewoonte-wese - 'n wese wie se belangstelling sal kwyn as hy nie gereeld daaraan blootgestel word nie. Na die sluiting van die Stadskouburg is die sporadiese aanbiedings nie genoeg om 'n lewende belange in ernstige musiek in Johannesburg in stand te hou nie. Verder moet besef word dat as dit in 'n musiekstad soos Wenen noodsaaklik gevind word om liederuitvoerings van Jessye Norman, Christa Ludwig, Peter Schreier of Dietrich Fischer-Dieskau maande vooraf te bemark, hoeveel te meer nog hier ter plaatse waar Voortrekkers en Rapportryers vir hogere kultuur aangesien word.

# Zabalaza op dreef in Londen

*MOIRA LEVY skryf uit Londen*

**MEER as 100 Suid-Afrikaners het in Londen aangekom om Zabalaza, 'n progressiewe kuns- en kultuurfees van twee weke, by te woon.**

Zabalaza skop Sondag af met 'n partytjie by die Institute of Contemporary Art waar die fees gehou word.

Maandag tree die ANC-koor, Mzwakhe Mbuli, Sakhile en Ella Mental in "First of Light" op en Dinsdag open Winnie Mandela die fees se besprekingsprogram waaraan Nadine Gordimer, filmmakers Halle Sarima, Elaine Proctor, Joyce Sikakane, die regisseur Lionel Ngakane, asook Frank Meintjies en die rap-digter Freddy Macha deelneem. (Sakhile sal na hul toer in Finland, dié naweek in en om Londen speel.)

Die besprekings eindig in 'n forum, "Towards a Post Apartheid culture", met Mandla Langa, die ANC se kulturele attaché in Londen, en Breyten Breytenbach en Ben Mokoena van die ANC se departement van kuns en kultuur.

'n SA dramafees bied agt nuwe stukke, onder meer Peter Ngwenya se "Jabavu", Victor Shingwenyana en Peter Mgaga se "Don't try, do it".

Fotograwe en kunstenaars stel hulle werk by die ICA en verskeie lokale in Oxford ten toon.

Daar is ook 'n rolprentfees: "Windprints", "On the Wire", "The Fourth Reich" en "Flela's Child" word vertoon, asook dokumentêre en 16mm-prente.

Opleiding is 'n belangrike aspek van die fees. Ses SA filmmakers sal in Londen aanbly vir 'n video-opleidingskursus van ses weke by die Association of Cinematographical Technicians, die London School of Printing en die Bristol Film School. Die Royal National Theatre se opleidingsbeampte bied werkwinkels aan, terwyl kunskenners van Londen, Wes-Afrika, Amerika en Europa ook hul vaardighede in werkwinkels en besprekings sal meedeel.

# Moenie ons verwar nie

EN waar het die solstis u getref? Ek hoop nie ook netjies tussen die oë nie. Hier by ons het dit rof gegaan, afgesien van die ontstellende, nee angswekkende gedagte dat die media dalk nie die waarheid om ons reflekteer nie.

Dat ek en u, eensaam soos Hitler in sy bunker, sit met as enigste geselskap Eva en die koerante waarin sy skim-agtige oorwinnings die een na die ander aangeteken word.

## Skewe beeld

Weet julle Pieter Mulder van die KP sê ons koerante en TV is aan dieselfde sonde skuldig. Hulle wil die werklikheid skep instede van dit te reflekteer. Vat nou maar Beeld en praat na, ekskies saam.

Broer Pieter op die kassie swaai die gewraakte dokument vir almal om te sien wie dit geteken het: een van die verwarde base van Beeld verduidelik nee, hulle verwarde jong verslaggewers moet na die opposisie-partye se vergaderings gaan en luister of hulle iets verregaande of belagliks hoor, of mense sien slaap.

En by die NP se vergaderings, veral as entoesiasme ontbreek, moet hulle 'n bietjie skryf oor die verhoogversierings en so.

## Bitter na

Die SAUK het intussen 'n vaste besluit geneem om bitter na aan die waarheid te bly. 'n Mens kan dit reeds sien aan hul verwysings na die "sogenaamde gewapende stryd".

Nie dat dit maklik was nie. Hulle het 'n studie onderneem en tot die slotsom gekom die SAUK behoort universeel die belange van alle Suid-Afrikaners te dien.

Ek kan net sidder as ek dink hoeveel so 'n studie moes gekos het, nie net aan geld nie, maar ook aan waagmoed.

Het julle nie ook die skadu van die groot krokodil sien flikker oor die "vryheid van die pers"-program - of soos ons weerbaarheidsonderwyser oom Wimpie hom so delikaat genoem het: "die vorige staatshoof" nie?

## Jy blink vreeslik

In dieselfde luim het die FAK-Mimiekfees toe tog sy glibberige vingers oor my skerm gesteek en my 'n verskriklike lyn toegevoeg: "soos 'n ongebyte appel blink jy".

Hei jou!

## Is mos

En ons raad aan al die Nuwe Agente wie se sterre hierdie solstis uit die Vis in die Waterdraer ingedraai het, bly kalm.

Soos hulle sê, don't forget it's a lifestyle. O ja, ons laaste Inner City-sendingsprys word gedeel tussen Rosemary "Heaven is mos multi'racial" Sookdheo van Londen en Sakkie Cronje vir sy Praise March deur Ermelo.



**VICTOR MUNNIK skryf oor TV**

## Wriemel

Well, ek weet darem nie of Billy Idol herbore kan wees nie. Ha ahum, rock the cradle of love, ahum, sing hy vir so 'n swiet klein meisietjie en ek kry die gevoel sy gaan hom enige oomblik begin glo, veral toe sy so begin wriemel.

# Stryd tussen skaap en bok in Namibia

NAMIBIA se lang en dikwels bloedige stryd om onafhanklikheid kom vanjaar op die Randfees onder die soeklig wanneer Dorian Haarhoff sy jongste, aangrypende geskiedkundige drama, "Guerilla Goatherd", by die Standard Bank Nasionale Kunstefees op Grahamstad aanbied.

Die drama speel af tydens die opstand van die Bondelswarts in 1921-2. Hierdie aanbieding deur die Kunsteskool van die Universiteit van Namibia poog uit teologiese oogpunt om die etiese verhouding tussen onderdrukking en weerstand te ondersoek.

Die sentrale gebeure van "Guerilla Goatherd" is die bombardering van 'n klein gemeenskap bokboere deur die SA Lugmag, nadat Abraham Morris (die "guerilla- bokwagter" van die titel) uit ballingskap terugkeer om sy volk se opstand teen die Smuts-regering te lei.

Die tematiese spanning wat die grondslag van die drama vorm, is die Bybelse skeiding van die skape en die bokke. Dit word reg aan die begin onderstreep deur die Pastoor in 'n besielende beroep op die gemeenskap, soos hy hulle aanmoedig: "...en Hy sal hulle die een van die ander skei soos 'n herder die bokke van die skappe skei."

Die Bondelswarts is egter 'n stam wat juis met bokke boer. Hierdie praktiese feit, plus die feit dat hulle onder kwaai druk geplaas word deur die kolonialistiese karakoelbedryf, dwing hulle om hul tradisionele godsdienstige neiging tot die lydsame leerstellinge van hul onderdrukkers, waar die skaap in die middelpunt staan, te heroorweeg.

Die steeds toenemende polariteit tussen hul ekonomiese bestaan en hul godsdienstige geloof lewer hulle uit aan 'n verpletterende tweespalt wat sy verskriklike eindpunt bereik in die bombarderingstoneel.

'n Belangrike doelwit waarna hierdie skeppende werkwinkel-aanbieding mik, is om die verhoudinge en spannige tussen sekere oersimboliese waardes te ondersoek, verduidelik die reisseur van die stuk, Aldo Behrens.

Die tragedie van die opstand van die Bondelswarts onderstreep Afrika se jongste volk se dringende behoefte om die gebruiklike oersimbole te heroorweeg.

*Verlede week het Johannes Kerkorrel besluit hy hou van die Belge. Hier is die tweede aflewering van sy ervaringe tydens sy Europese toer*

# Tuis in 'n time-warp

LATER gaan ek in Amsterdam na die SACCC, 'n organisasie vir exiles. Hulle dra gedigte voor - ek voel tuis en ietwat in 'n time-warp, die gehoor lyk soos 'n Black Sun-gehoor in Johannesburg, twee jaar gelede. Mzwakhe Mbuli dra gedigte voor. Ek sing heelwat later en hulle reageer ook presies dieselfde op die Afrikaanse blues as twee jaar terug se Jo'burg-gehoor. Ek kom agter dat hulle lankal as in Suid-Afrika was.

Die Suid-Afrikaners wil almal weet hoe dit by die huis gaan. Hulle is gretig om terug te kom, almal maak planne om voor die einde van die jaar terug te wees. Wil gretig weet of diegene met besware teen diensplig in die land toegelaat sal word.

Ek doen dié Sondag 'n onderhoud met Veronique, 'n onafhanklike Nederlandse TV-sender. Die TV-gebou is ontwerp deur 'n vooraanstaande Nederlandse argitek. Van buite is dit heel onpretensieus en eenvoudig, maar binne groot en ruim.

Saam met my op die program is daar 'n reggae-groep uit Nederland, 'n heavy-metal groep, 'n sakeman en 'n middeljarige shlager-sanger in 'n rolstoel, ene Koos Alberts. 'n Shlager is iemand wat stroperige liedjies sing, a la Bles. Hy is al 30 jaar aan die gang, was onlangs in 'n motor-ongeluk. Sedert hy in 'n rystoel optree, kry hy weer groot gehore. Die TV-gasvrou vra my wat ek daarvan dink dat swartmense nie op dieselfde strande as blankes mag swem nie. Ek begin praat: aanvanklik is die gehoor in die ateljee raserig, maar aan die einde van die onderhoud kan jy 'n speld hoor val. Daar is 'n swart vleuelklavier met 'n groen palm waaragter 'n kamerapersoon wegkruip. Ek speel "Hillbrow": 'Johannes Kerkorgel, 'n naam wat u moet onthou,' sê die gasvrou na die tyd. Ek kry daardie Potpourri-gevoel.

Daar is 'n groot binnehof met 'n glaskoepel



wat elektronies kan oplig as die weer dit toelaat. Twee dansers oefen met lang gestileerde hale 'n tango op die spierwit teëls. 'n Klomp van die tegniese personeel en van die gaste staan in 'n sirkel en kyk. Teen die muur is twee groot kleurvolle skilderye van harlekyne wat op stoele sit. Die lig uit die koepel verlig die toneel. Koos Alberts klap hande in sy rystoel.

Dit is 'n land van skilders. Toerbusse en verkeerskno pe elke dag by die Vincent van Gogh-uitstalling. Vermeer, Rubens en Brueghel. Daar is van Gogh-poskaarte vir diegene wat sat is vir die Vincent-manie: Vincent met 'n paar Ray Bans op, Vincent met 'n Walkman.

Dit is in om in 'n gekraakte huis te bly. Ek gaan na 'n klub vir krakers met die naam Frankrijk. Die krakers beset leë geboue, breek dit oop en bewoon dit. Gewoonlik jongmense wat nêrens anders kan kry om te bly nie. Daar is organisasies vir steun, en as jy eers in is, is dit baie moeilik vir die owerhede om jou weer uit te kry. Op die TV sien ek hoe 'n groep mense wat enige dag in Yeoville kon bly uit 'n gebou gegooi word. Die polisie is gewapen met skilde en knuppels en rewolwers. Die krakers is ongewapen. Ek het die reg dat 'n vrou my arresteer, skreeu 'n kraker-meisie, voor sy ru die vangwa ingebondel word.

Ek gaan na 'n konsert vir Radio Freedom in Amsterdam. Bevrijdingspop. Daar is badges te koop: Mandela vrij, nu Zuid-Afrika nog. Ook T-shirts. Nou en dan op die wieke van die wind, die reuk van hash. Dis nie onwettig nie. 'n Amerikaanse gospel-groep sing gospel met 'n reggae-beat.

Die twee groot issues vir Nederlanders en Belge is: Koop geen Suid-Afrikaanse vrugte nie, en Shell is anti-apartheidteiken nommer een. Daar is protesoptogte "naar de pomp" en slogans soos "elke skelp kan gebroken word". Intussen spring die Ultra Cities in Suid-Afrika op langs elke nuwe tolpad en oorleef die sogenaamde alternatiewe pers met elke week se volblad Shell-advertensie.

Ons gaan na die Concertgebauw om Dollar Brand te sien. 'n Groot oomblik vir my: Abdullah Ibrhahim, die man van Mannenberg. Hy speel 'n groot swart Steinway tussen die marmer, kandelare en rooi fluweel. Komplekse jazz-lopies, die ritmes uit die Kaap, "African Wedding" en aan die einde twee encores, die laaste Mannenberg. 'n Ontroerende ervaring, ek kry hoendervleis.

Hy beveel aan dat die Nederlandse anti-apartheidsaktiviste hulle aandag wy aan Australië, noudat Suid-Afrika op die regte pad is. Ek ontmoet twee van die oud-stryders, Connie Braam en Fons Geerlings: hulle werk al vyftien jaar aan die saak en wil nou graag vir die eerste keer kom kyk hoe lyk die land waaraan hulle soveel energie spandeer het.

Daar is baie Suid-Afrikaners, van alle skakerings, by die konsert. Almal ken mekaar. Abdullah Ibrahim nooi ons na die tyd na sy hotel en ons sit en gesels tot laat in die nag. Oor die musiekbedryf in Europa en Amerika, die lewe van 'n exile en politiek. Hy wil terugkom saam met Hugh Masekela, Letta Mbulu, en die res van die uitgeweke musikale elite. Hy het opwindende planne vir 'n musiekskool in Kaapstad. Ons praat Afrikaans en ek verlang na die Kaap.

Terug in België ontmoet ek Helene Passtoors by 'n Mandela-konsert in Sint Niklaas. Sy werk al sedert 1968 in Afrika en het min ooghare vir die Europeërs. Ek doen drie nommers, en kry na die tyd 'n ruiker. Sy sê dit is vir haar lekker om Afrikaans te hoor. Sy het dit geleer by die bewaarders in die tronk in Kroonstad. Die ANC se nuwe verteenwoordiger in Brussel, Sisa Ngombane, hou 'n toespraak. Na die tyd praat ons oor die Transkei, hy kom van Tsolo.

Nou begin my reeks solo-optredes. Ek speel by die Kafe 't Karrewiel in Merchtem, 'n klein dorpie noord van Brussel. Die plek is stampvol. Die gehoor is entoesiasties. Tussen die songs deur vertel ek vir hulle hoe dit voel om 'n blanke Afrikaanssprekende Suid-Afrikaner te wees, in Engels, want ek het geleer dat sekere Afrikaanse woorde soms vreemde betekenisse vir hulle kan aanneem. Een en elk vertel graag bv. dat die woord Pik by hulle penis beteken. Sodat almal elke keer op die grond rondrol as 'n sekere Suid-Afrikaanse politikus op die TV-skerm verskyn.

Ek speel in Eeklo, Mechelen, Brussel. Die laaste aand is in Brugge, 'n mooi middeleeuse dorp naby die kus. Die gehoor klap lank na die tyd. Ek gesels met twee joernaliste van De Roode Vaan, 'n kommunistiese koerant. Ek hoor dat die noodtoestand afgeskaf word, behalwe in Natal. Almal in Europa is opgewonde daaroor. Sondag hoor ons oor die radionuus dat Miriam Makeba op pad terug is na Suid-Afrika.

Maandag terug op die vliegtuig na Suid-Afrika via Londen. Twaalf ure later lê Suidwes se landskap onder ons as die son opkom. Ongerep, wild en leeg. In Europa het ek nêrens 'n stuk land gesien wat nie deur mensehande aangeraak is nie. Die vliegtuig land op Jan Smuts, 'n wolkelose blou dag. Dis goed om terug te wees. Die SAL het my bagasie iewers langs die pad verloor. You don't know how lucky you are boys, back in the USSR...

***VryDag! wens Robert Hodgins geluk met sy 70ste verjaardag***

# Seks en leuens bied hoop

***'sex, lies and videotape' is 'n rigtingwyser, eksponent van 'n 'nuwe' soort etiese verbeelding in Amerikaanse rolprente. JAN KONTERDANS kyk krities na die prent waaroor die Franse by verlede jaar se Cannes-fees gaande was***



*Andie McDowell as Ann en James Spader as Graham in 'sex, lies and videotape'*

"SEX, LIES AND VIDEOTAPE" is nie 'n "groot" rolprent soos, sê maar "Paris, Texas" van Wim Wenders waarmee dit by wyse van teenstelling vergelyk kan word nie, maar verdien aandag vir sy uitmuntende karaktervertolkings en vars aanslag.

Kritiek kan 'n mens volop hê. Veral die einde is miskien te fassiel en die rolprent kan moontlik deur die ongesofistikeerde kyker geniet word as een van die clichés wat dit graag wil ontmasker.

Maar beskou as 'n "post-moderne" rolprent, wat dit in vele opsigte is, en omdat die regisseur maar 26 jaar oud is, kan dit dui op 'n verrassende "nuwe" wending in die Amerikaanse rolprentbedryf. As die jare later sy jeugdige onderrok 'n bietjie inspelt, kan Steven Soderberg 'n regisseur van formaat word.

Die prent speel teen die milieu van die moderne verbruikerskultuur af, waarin valsheid en die cliché die norm geword het en die gesag van morele kontekste, soos godsdiens, onherroeplik verlore is.

Dis 'n kunsmatige wêreld wat ontneem is van enige "werklike" ervaring. Die mens is 'n verbruikersproduk - vervangbaar en eindeloos herhaalbaar soos Andy Warhol se sopblikke, en het 'n blote afbeelding geword van die mens langs hom of die "plat een" op die televisieskerm.

Die mens se mensheid is in die post-moderne bestaan gedekonstrueer om nie meer in hom- of haarself geleë te wees nie, maar in relasies, soos dit hoort. Dié "verlies" verleen homself egter ongelukkig tot die vervlakking van menslikheid, en die fast foods media-kultuur hou gevolglik die mens aan homself voor as 'n blote visuele beeld.

Soos Graham (James Spader), een van die karakters in die prent, van sy ma sê: "She was a prisoner of public television". Dit gebeur wanneer hy homself aan Ann (Andie McDowell), sy prokureurvriend se vrou, voorstel en sy op 'n snaakse en onbeholpe manier 'n geselsie aan die gang probeer kry met: "Oh Graham, an unusual name..." Dit stel die kritiese toon van die rolprent: die lewe is 'n eindelose tête-à-tête waarin mense sukkel om hul unieke mensheid te herstel.

Die videokamera is die groot gelykmaker in hierdie wêreld. Waarheid is nie meer 'n vasgelegde inhoud in die post-moderne tyd nie. Dit op sigself is nie te betreur nie, maar die feit verleen homself tot 'n geestelike prostitusie - "waarheid" word weggegooi of versin soos dit die verbruikersmens pas. Die prokureur in "sex, lies and videotape" is 'n agent van hierdie "prostitusie".

Nou kan 'n mens vra, what's new? Maar Soderberg se prent rig homself met kinderlike erns tot hierdie probleem met die doel om dit die hoof te bied. Is dit moontlik om nog mens te wees in 'n wêreld waarin die leuen in die sin van bedrog en mense as "afdrukke" oorheers, en waar menslikheid in 'n moeras van robotagtige taalfunksies wegsink?

In die wêreld wat hierdie prent uitbeeld, is vriende en lovers so oppervlakkig soos 'n waslap en word hulle min of meer op dieselfde wyse deurgetrek.

"sex, lies and videotape" sê niks oorspronkliks van die verbruikerskultuur nie, maar wend 'n moedige en oortuigende poging aan om daarvan te ontsnap. Hieraan het die prent sy sukses te danke. Die gewone mens soek na hierdie soort antwoord.

Te midde mensonterende kommoditeitsprosesse, die kultus van nabootsing en gelykmaking en die afwesigheid van betroubare waardes word die mens gekonfronteer met 'n "beeld" wat wel iets tasbaar is en wat nie ontken kan word nie: die bestaan van 'n ander mens, wat 'n etiese respons van ander éis. In 'n wêreld waarin alles verander, bly een ding vasstaan: daar is iemand anders wat eis om raakgesien te word en nie gereduseer kan word tot 'n ignoreerbare *dieselfde*, omdat sy (hy) iemand *anders* is nie.

En dis nie dat Soderberg "back track" deur te gryp na ou waardes wat nie meer sin maak nie. Hoe post-modern "sex, lies" is - meer in tema as struktuur - kan gesien word in vergelyking met "Paris, Texas", wat by uitstek tot hierdie genre behoort.

Soos Travis in laasgenoemde prent na sy geboortedorp, Paris in Texas, terugkeer op soek na sy geheue en genesing, keer Graham ook na sy jeugdorp terug waar hy 'n ongelukkige verhouding gehad het wat sy lewe verander het - op soek na genesing en voltooidheid.

Travis kan egter nie sy geboortedorp onthou nie, en die situasie waarheen Graham teruggaan is onherroeplik anders. Die betroubare oorsprong is verlore, soos die "oorsprong" van die geskiedenis self en van betekenis.

Travis en Graham het albei hul rug op die American Dream gedraai - eersgenoemde verlaat die hoofweg en strompel die woestyn in en laasgenoemde word 'n drifter en nie 'n prokureur met 'n mooi huis soos sy vriend nie.

Albei soek na die fragmente van 'n vorige bestaan, Travis met 'n foto in die hand, en Graham met 'n videokamera.

Die film beeld die parodiese aard van die hedendaagse bestaan, waarin die soeke na waarheid slegs 'n sirkel oplewer, goed uit: Graham sê: "You should not believe anyone you haven't slept with". Ann, op wie hy verlief gaan raak, antwoord: "But I haven't slept with you, therefore I cannot believe what you just said..." Nie eers onsekerheid is seker nie.

Die karakters Ann, haar man John, en haar suster Cynthia is vervreemd van 'n morele konteks wat nie meer as 'n konteks bestaan nie. Ann dra byvoorbeeld 'n goue kruis om haar nek, maar as haar sielkundige haar vra waarom sy haar man nooit sal verneuk nie, sê sy nie dis teen haar godsdienstige beginsels nie - dit kom nie by haar op nie - sy sê dis wat haar suster sou doen en sy wil nie soos sy wees nie. Die rolprent beeld hierdie faset deurlopend uit.

Die Amerikaanse - en by implikasie - westerse kultuur is van sy morele voedingsbron vervreemd en gebare leef voort in 'n eklektiese chaos.

Dis egter die verskil in die twee rolprente wat insiggewend is. Travis spoor wel die vrou wat hy soek op, maar land weer op die hoofweg, weg van haar, sy ou afgebroke, onvolledige self - en die filmmaker se siening van die moderne mens.

In die geval van Graham word 'n oplossing gegee. Of hy van sy impotensie genees gaan word is nog nie seker nie, maar daar word gewys hoe dit moontlik is. Die filmmaker sou wou sê: deur middel van 'n *ander* mens, wat hom benader as iemand met 'n geskiedenis en probleme, en nie slegs as 'n visuele beeld (image) op 'n videoband nie kan alles verander.

"Paris, Texas" soos vele post-moderne rolprente, is deur en deur pessimisties oor die moderne mens. Travis herwin nie sy verlede nie, maar Graham wel. Hy kry weliswaar nie sy voormalige verhouding terug nie, maar die "oorsprong" waarna hy gesoek het word hersaamgestel in 'n nuwe verhouding.

Die videokamera het 'n spesiale betekenis ten opsigte van Graham. Hy was 'n patologiese leuenaar wat sy meisie verneuk het soos John nou met sy vrou maak. Sy skuldgevoel het hom in 'n situasie laat beland waar hy impotent is in die teenwoordigheid van 'n *ander* mens - die ewige *ander* wat hy verraai het.

Sy gewete straf hom sodat hy sy eie seksualiteit en dié van ander eendimensionaal moet ervaar - op videoband. Hy het dus deur sy optrede 'n gevangene van die verbruikerskultuur geword omdat hy 'n werklike mens agter die beeld misken het.

Die rolprent maak 'n morele stelling deur die mens-as-kommoditeit as 'n leuen te ontbloot. Maar dis nie 'n behoudende moraliteit nie, veel eerder bevrydend. Die werklik konserwatiewe karakter is John, die swendelaar en leuenaar wat altyd verlore sal wees.

Die rolprent toon oortuigend die enigste manier om nie 'n eendimensionele kommoditeit soos John te word nie, is om 'n gewete teenoor ander te hê, want sodoende skep jy jouself. Dis Graham se gewete wat hom ook 'n geskiedenis gee, 'n mens agter die beeld maak, en die afwesigheid daarvan by John wat van hom 'n karikatuur maak.

Net Graham en Ann is nie clichés nie, en dis insiggewend dat dit hul bereidwilligheid is, om as mense van mekaar afhanklik te word, wat maak dat hulle hierdie slaggat vermy.

John en Cynthia, met wie hy 'n buite-egtelike verhouding het, vergestalt die kapitalistiese mite van selfstandigheid: 'n Mens verdien "selfstandigheid" deur goeie produksie. Dié mite laat 'n mens die genesende kant van dekonstruksie insien, wat sê die betekenis van iets - of dit nou 'n mens of 'n idee is, is nie in homself geleë nie, maar het sy bestaan aan die bestaan van "ander" dinge te danke.

Die rolprentmedium is by uitstek die kommunikasiemiddel van die post-moderne era met sy verbruikerskultuur en cliché-*gebondenheid*. Juis dié vraag oor sy eie medium word deur Soderberg aangepak: Hoe kan 'n rolprent die valsheid van clichés vernietig deur middel van parodie - die visuele beeld - terwyl dit sy eie valsheid beklemtoon omdat dit "beeld" is?

Om die filosoof Deleuze aan te haal: "How can cinema hope to denounce the sinister organisation of clichés when it participates in their fabrication?" Óf die rolprent word willens en wetens deel van die bestaan van die cliché, òf hy negeer die cliché en ontbloot sodoende 'n niet - soos Wenders doen - waaruit 'n nuwe soort cliché outomaties opstaan: nihilisme. Want hoe meer 'n rolprent oor nihilisme sê, hoe meer verloor hy betekenis.

Deleuze stel 'n "mutasie" voor wat 'n nuwe, besinnende soort beeld sal skep en die rolprentverbeelding uit die spiraal van negatiewe parodie sal verlos en instel op *commitment*.

Rolprent is die beliggaming van betekenis as weerspieëling, maar behoort, volgens Deleuze, weerspieëlend-spekulatief te wees, pleks van bloot weerspieëlend. 'n Kritiese dimensie kom by en die prent weerspieël sy eie funksionering van binne.

Die videoband in "sex, lies" toon hierdie rolprent-binne-'n-rolprent-strategie, wat 'n kommentaar is op die rolprentproses. En om die rolprent-proses te kritiseer, is om die funksionering van die hedendaagse bestaan te kritiseer, want hulle werk op dieselfde manier. "sex, lies" slaag daarin om albei te doen, en wel op 'n wyse wat nie tot nihilisme lei nie. Daarom is dit 'n vars briesie.

Hoe oorwin dié rolprent die cliché? In die slottoneel sit Graham en Ann, nou nuwe lovers, op 'n trappie en die een sê: "I don't think it is going to rain". Die ander antwoord, so pittig: "Yes, I think so". Op die oog af 'n ultimate cliché, maar tog ingrypend anders as die clichés in die res van die prent: dit het 'n lewende, simboliese relevansie in hul lewens gekry.

Dis wanneer 'n gebaar of optrede nie meer die netwerk van menslike relasies laat vibreer nie dat dit sy simboliese waarde verloor en 'n cliché word. Dis hierteen wat Soderberg se "sex, lies" op eenvoudige en toeganklike wyse stelling inneem en nie skaam is daaroor dat hy nuwe hoop soek én wil vind nie.

## TEATER

### JOHANNESBURG

Susan Pam se uitmuntende CURL UP AND DYE is terug by die *Mark-Teater*. Tel (011) 832-1641.

By die *Laager, Mark-Teater* kan Fiona Ramsey, Charlotte Bulter en Shelagh Holliday in MRS KLEIN gesien word. Tel: (011) 832-1641.

By die *Mark-Teater* se *Warehouse* is Janice Honeyman se DOUBLE THICK DREAMS te sien. Met Gaby Lomberg, Tobie Cronje, Tonia Selly en Lana Green. Tel: (011) 832-1641.

By die *Mark* se *Upstairs-Teater* is MARK BANKS - A ROOM WITH A REVUE. Tel: (011) 832-1641.

By die *Alhambra-Teater* kan Gordon Mulholland en Rex Garner in MOVEOVER MRS MARKHAM gesien word. Tel: (011) 402-7726.

SEXTET met Tim Plewman, Paul Ditchfield en Paul Andrews open vanaand om 8.15 by die *André Hugeunet-Teater*. Tel: (011) 725-6300.

By die *Leonard Rayne-Teater* word die riller DANGEROUS OBSESSION met Russel Savadier, Janet du Plessis en Errol Hart opgevoer.

WE'LL MEET AGAIN is terug by die *Soundstage* in Midrand, omdat die mense dit so wil hê, sê hulle. Met Dianne Chandler. Tel: (011) 805-1845.

By die *Alexander-Teater* is Richard Loring in JOSEPH AND THE AMAZING TECHNICOLOR DREAMCOAT te sien. Tot 7 Julie.

### KAAPSTAD

*Baxter-Teater*, Mainstraat: *Studio*: Die jeug kunsfees is nog vandag en Saterdag aan die gang. Tel: (021) 685-7880.

*Theatre*: ONE FLEW OVER THE CUCKOO'S NEST deur The Sons of England Dramatic Society is van 3 tot 21 Julie hier te sien. Tel: (021) 685-7880.

*Studio*: AT THE EDGE is tot 14 Julie te sien. EAST begin 19 Julie. Tel: (021) 685-7880.

*Concert*: HANZEL AND GRETEL. Van 14 Julie word Andrew Buckland se THING! opgevoer. Tel: (021) 685-7880.

*Theatre on the Bay*, Seepunt: Kom kyk in die brein van 'n Chippendale is nie die naam van die opvoering nie, dis net plain common THE CHIPPENDALES. Tot 7 Julie. Tel: (021) 438-3301.

*Nico Malan-Teater: Theatre*: VIRGINIA WOOLF begin 27 Junie. Tot 21 Julie. Met Michael McGovern en Christine Basson. Tel: (021) 21-5470.

*Opera*: SWEENEY TODD begin 30 Junie en wissel af met die vertoning CANDIDE. Tot 28 Julie. THE RAPE OF LUCRETIA open 28 Julie. Tot 5 Augustus. Tel: (021) 21-5470.

In die *Opera* se voorportaal en in die *Arena* word twee kindervertonings vir die duur van die skoolvakansie aangebied. Hulle is THE FANTASTIC MR FOX en WISE TRALITZIAS CANNOT FLY. Tel: (021) 21-5470.



"Who's Afraid of Virginia Woolf?" met Michael McGovern en Christine Basson is van vanaand in die Nico Malan-teater te sien.


**NU METRO THEATRES**

NOW SHOWING: 29 JUNE-5 JULY
* Main Feature starts 15 minutes after advertised times * BOOK AT COMPUTICKET

**NU METRO 1-6 HYDE PARK 447-3091**
- PRETTY WOMAN — Richard Gere, Julia Roberts (2-14) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
- JOE VERSUS THE VOLCANO — Tom Hanks, Meg Ryan (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
- STANLEY & IRIS — Jane Fonda, Robert DeNiro (2-12) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
- MADAME SOUSATZKA — Shirley MacLaine, Peggy Ashcroft (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
- INTERNAL AFFAIRS — Richard Gere, Andy Garcia (2-19) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
- SEX, LIES AND VIDEOTAPE — James Spader, Andie MacDowell (2-18) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

**NU METRO 1-6 BEDFORDVIEW 616-6828**
- JOE VERSUS THE VOLCANO — Tom Hanks, Meg Ryan (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
- ODD BALL HALL — Don Ameche, Burgess Meredith (A) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
- THE DELINQUENTS — Kylie Minogue, Charlie Schlatter (2-14) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
- SKI PATROL — Roger Rose, Martin Mull (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
- INTERNAL AFFAIRS — Richard Gere, Andy Garcia (2-19) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
- SHIRLEY VALENTINE — Pauline Collins, Tom Conti (2-16) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

**NU METRO CITY 1-8 (Formerly Ster City) Cnr. CLAIM/PLEIN ST. 337-3033/23-5871 Parking at Jack Mincer**
- PRETTY WOMAN — Richard Gere, Julia Roberts (2-14) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
- JOE VERSUS THE VOLCANO — Tom Hanks, Meg Ryan (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
- ODD BALL HALL — Don Ameche, Burgess Meredith (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
- SKI PATROL — Roger Rose, Martin Mull (A) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
- HARD TO KILL — Steven Seagal, Kelly Le Brock (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
- CRY FREEDOM — Denzel Washington, Kevin Kline (2-19) DAILY: 10.00, 2.00, 5.15, 8.45
- INTERNAL AFFAIRS — Richard Gere, Andy Garcia (2-19) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
- THE DELINQUENTS — Kylie Minogue, Charlie Schlatter (2-14) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

**NU METRO 1-7 HILLBROW 724-2511**
- JOE VERSUS THE VOLCANO — Tom Hanks, Meg Ryan (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
- ODD BALL HALL — Don Ameche, Burgess Meredith (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
- SKI PATROL — Roger Rose, Martin Mull (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
- THE DELINQUENTS — Kylie Minogue, Charlie Schlatter (2-14) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
- INTERNAL AFFAIRS — Richard Gere, Andy Garcia (2-19) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
- SEX, LIES AND VIDEOTAPE — James Spader, Andie MacDowell (2-18) DAILY. 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
- MADAME SOUSATZKA — Shirley MacLaine, Peggy Ashcroft (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

**NU METRO RANDBURG 787-0340**
- JOE VERSUS THE VOLCANO — Tom Hanks, Meg Ryan (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

**7 ARTS NORWOOD 483-1680**
- DREAMS — A Film by Akira Kurosawa (A) DAILY 2.00, 6.00, 8.00, 10.00

**NU METRO 1-2 BALFOUR PARK 887-8548**
- PRETTY WOMAN — Richard Gere, Julia Roberts (2-14) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
- MADAME SOUSATZKA — Shirley MacLaine, Peggy Ashcroft (A) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

**SHARE THEATRES 494-1137 1-8 ALL ADMISSIONS R2,50**
- NEXT OF KIN — Patrick Swayze, Helen Hunt (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
- CRY FREEDOM — Denzel Washington, Kevin Kline (2-19) DAILY: 10.00, 2.00, 5.15, 8.45
- JUDGMENT IN BERLIN — Martin Sheen, Sean Penn (A) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
- SHIRLEY VALENTINE — Pauline Collins, Tom Conti (2-16) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10,00
- SEX, LIES AND VIDEOTAPE — James Spader, Andie MacDowell (2-18) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
- ALWAYS — Richard Dreyfuss, Holly Hunter (A) DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
- HARD TO KILL — Steven Seagal, Kelly Le Brock (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
- NIGHTGAME — Roy Scheider, Karen Young (2-16) DAILY. 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

**NU METRO 1-2 ALBERTON 907-2362**
- PRETTY WOMAN — Richard Gere, Julia Roberts (2-14) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
- SKI PATROL — Roger Rose, Martin Mull (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

**LEBA KLERKSDORP (018) 24564**
- THE DELINQUENTS — Kylie Minogue, Charlie Schlatter (2-14) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
- JOE VERSUS THE VOLCANO — Tom Hanks, Meg Ryan (A) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

**VAAL VEREENIGING (016) 21-1339**
- JOE VERSUS THE VOLCANO — Tom Hanks, Meg Ryan (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
- IN COUNTRY — Bruce Willis, Emily Lloyd (2-16) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

**MIDRAND CONSTANTIA (011) 805-4266**
- 400 HARD TO KILL — Steven Seagal, Kelly Le Brock (2-18) MON-FRI 6.00, 8.30 SAT 2.30, 6.00, 8.30
- 150 THE DELINQUENTS — Kylie Minogue, Charlie Schlatter (2-14) MON-FRI 6.00, 8.30 SAT 2.30, 6.00 8.30

**MEGACITY NU METRO MMABATHO (0140) 2-3553**
MON-SAT: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45 10.00 SUN: 12.15, 2.45, 5.15, 7.45, 10.00
- CRY FREEDOM — Denzel Washington, Kevin Kline (2-19)
- ALWAYS — Richard Dreyfuss, Holly Hunter (A)
- IN COUNTRY — Bruce Willis, Emily Lloyd (2-16)
- COOKIE — Peter Falk Dianne Wiest (2-16)

**CINE MMABATHO SUN HOTEL (0140) 2-1144 EXT. 2830**
NOW SHOWING: Michael J. Fox CASUALTIES OF WAR Drama (2-19)



**NU METRO THEATRES PRETORIA**

Now Showing 29 June-5 July

**NU METRO OSCAR Jeppe Street, Sunnyside 341-7682**
- INTERNAL AFFAIRS — Action (2-19) Richard Gere, Andy Garcia DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

**NU METRO SUNNYSIDE Esselen Street 44-9867**
- Joe Versus The Volcano — Action Comedy (A) Meg Ryan, Tom Hanks DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

**NU METRO VILLAGE 1-2 Sunnyside 44-6096**
- ODD BALL HALL — A Wacky Comedy (A) Don Ameche, Burgess Meredith DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
- Gone With The Wind — Special 50th Anniversary Presentation (A) Clark Gable, Vivien Leigh DAILY 10.00, 2.30, 7.30

**NU METRO 1-7 Menlyn Park 47-4568**
- Pretty Woman — Romantic Comedy (2-14) Richard Gere, Julia Roberts DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
- Joe Versus The Volcano — Action Comedy (A) Meg Ryan, Tom Hanks DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
- Stanley & Iris — A Heart-Warming Drama (2-12) Jane Fonda, Robert DeNiro DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
- ODD BALL HALL — A Wacky Comedy (A) Don Ameche, Burgess Meredith DAILY. 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
- CAT CHASER — A Sexy Crime Thriller (2-19) Peter Weller, Kelly McGillis DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
- sex, lies and videotape — Award Winning Sex Drama (2-18) James Spader, Andie MacDowell DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
- ALWAYS — Romantic Adventure (A) Richard Dreyfuss, Holly Hunter DAILY 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15

**MIDRAND CONSTANTIA (011) 805-4266**
- 400 HARD TO KILL — Explosive Action Thriller (2-18) Steven Seagal, Kelly Le Brock MON-FRI: 6.00, 8.30. SAT 2.30, 6.00, 8.30
- 150 The Delinquents — An Absorbing Teenage Drama (2-14) Kylie Minogue, Charlie Schlatter MON-FRI: 6.00, 8.30. SAT: 2.30, 6.00, 8.30

**NU METRO NELSPRUIT 1-3 The Promenade (01311) 25767**
- HARD TO KILL — Explosive Action Thriller (2-18) Steven Seagal, Kelly Le Brock DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
- MYSTIC PIZZA — A Romantic Comedy (2-16) William R Moses, Julia Roberts DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
- RELENTLESS — Thriller (2-18) Judd Nelson, Meg Foster DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

BOOK AT COMPUTICKET



**NU METRO THEATRES**

NOW SHOWING 29 June-5 July

**NU METRO STUTTAFORDS 1-3 TOWN SQUARE 26-1818**
- Pretty Woman — Romantic Comedy (2-14) Richard Gere, Julia Roberts DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
- Joe Versus The Volcano — Action Comedy (A) Meg. Ryan, Tom Hanks DAILY. 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
- Without A Clue — Crime Thriller (A) Michael Caine, Ben Kingsley DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

**NU METRO FISH HOEK 1-3 TOWN SQUARE 82-2404**
- Pretty Woman — Romantic Comedy (2-14) Richard Gere, Julia Roberts DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
- Joe Versus The Volcano — Action Comedy (A) Meg. Ryan, Tom Hanks DAILY. 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
- The Little Mermaid — A Walt Disney Adventure (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

**NU METRO SEA POINT 1-4 MAIN ROAD 434-7951**
- Pretty Woman — Romantic Comedy (2-14) Richard Gere, Julia Roberts DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
- The Little Mermaid — A Walt Disney Adventure (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
- Joe Versus The Volcano — Action Comedy (A) Meg. Ryan, Tom Hanks DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
- DAD — Drama (A) Jack Lemmon, Ted Danson DAILY. 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

**NU METRO BRACKENFELL 1-4 CHECKERS CENTRE 981-8100**
- The Little Mermaid — A Walt Disney Adventure (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
- Joe Versus The Volcano — Action Comedy (A) Meg. Ryan, Tom Hanks DAILY. 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
- Pretty Woman — Romantic Comedy (2-14) Richard Gere, Julia Roberts DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
- INTERNAL AFFAIRS — Action (2-19) Richard Gere, Andy Garcia DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

**NU METRO OSCAR ADDERLEY STREET 45-2585**
- TALK RADIO — A Film from Oliver Stone (2-16) Eric Bogosian, Alec Baldwin DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

**NU METRO 1-2 MITCHELL'S PLAIN 32-2040**
- WAR LORDS — Action (2-16) David Carradine PLUS LOCK UP — Action (2-18) Sylvester Stallone MON-FRI. 9.30 2.00, 7.30 SAT. 11.00 3.30, 8.00
- The Lives Of A Cat — Drama (2-18) George Gotz PLUS Teenage Mutant Ninja Turtles — Action Comedy (A) Judith Hoag, Elias Koteaz MON-FRI 9.30 2.00 7.30 SAT. 11.00 3.30 8.00

**NU METRO RONDEBOSCH MAIN ROAD 685-4569**
- sex, lies and videotape — Award Winning Sex Drama (2-18) James Spader, Andie MacDowell DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

BOOK AT COMPUTICKET EXCEPT MITCHELL'S PLAIN


## GALERYE

### JOHANNESBURG

*Karen KcKerron-galery*, Bryanston: Uitstalling van werke deur Clifford Mpai en Mandla Nani. Tot 11 Julie.
*Barbican Studio*, Johannesburg: Uitstalling deur verskeie kunstenaars. Tot 17 Julie.
*Les Art International*, Rosebank: Uitstalling van etse en kunswerke deur verskeie kunstenaars. Tot einde Augustus.
*The Everard Read Gallery*, Rosebank: Uitstalling deur verskeie kunstenaars. Tot 30 Junie.
*East Urquhart-galery*, Melville: Uitstalling van blomme-skilderye deur Sharland East-Urquhart. Tel (011) 726-6677.
*Kim Sacks-galery*, Yeoville: Op die laaste Sondag van elke maand hou die galery 'n oop dag wanneer die publiek die geleentheid kry om kunstenaars in aksie te sien. Mandjiemaak-demonstrasies en so aan. Tel: (011) 648-6107.
*Gertrude Posel-galery*, Wits: Uitstalling van werk deur Peter Schutz wat deel is van die Wits Herfsfees. Tot 30 Junie.
*Theresa Jo se Workshop*, Bizarre-sentrum, Yeoville: Handgemaakte juweliersware en 'n verskeidenheid van etse deur Theresa Naude.
*African Magic*: Inheemse handwerk en kunsartikels. Ongewoon en outentiek. *Rockeystraat 20*, Bellevue, Johannesburg, en Milkwoodsentrum 9a, Plettenbergbaai.
*Zona*. Naïewe Afrika-kuns en -appliek; inheemse handwerk en kuns. Grantlaan 64, Norwood, Johannesburg. Uistalling deur Samson Mudzunga.

### KAAPSTAD

*Baxter-Galery*: Groepuitstalling getiteld Poster as Art. Tot 30 Junie.
*Art Scene*, Seepunt: Gemengde galery-uitstalling. Tot einde Junie.
*Chelsea-galery*, Waterlooweg 51, Wynberg: Uitstalling deur verskeie plaaslike kunstenaars. Tot 30 Junie.
*Gallery 709*, Adderleystraat: Uitstalling getiteld Contemporary Trends II. Galeryversameling wat beeldhouwerke en skilderye deur plaaslike en internasionale kunstenaars insluit, onder andere: Judith Mason-Attwood, Philippa Hobbs en André Naude. Tot einde Junie.
*Kunskamer*, Bergstraat 14: Suid-Afrikaanse kunstenaars soos Pierneef, Maud Sumner, Maggie Laubser, Irma Stern, Preller, Welz, Kibel, Caldecott en Boonzaaier.
*Gallery International*, St Georges-sentrum: Algemene uitstalling.

## MUSIEK

### JOHANNESBURG

*Jamesons*, Commissionerstraat: Die jol is weer aan met groepe soos die African Jazz Pioneers, Mike Faure en Steam Machine en baie ander wat gereeld hier optree.
*Piccadilly Bar*, Highstraat, Brixton: Vanaand: Little Sister. Woensdag: Diamond Dogs. Saterdag: Jack Hammer. Tel: (011) 726-6019.
*Roxy Rhythm Bar*, Melville: Maandag: Count Ash, Dinsdag: Little Sister, Woensdag: Fat City, Donderdag: Tananas, Vrydag: Neil Solomon, Saterdag: Diamond Dogs. Tel: (011) 726-6019.
*Rumours*, Rockeystraat: Woensdag: Louis Levy, Donderdag: Stan Jones (klavier) en Art Kelly (bas). Hulle tree ook Sondae saam met Gil Anderson (tromme) op.
*Radium Beer Hall*, Louis Bothalaan: Sondae: The Fat Sound Big Band tree hier op. Bel om uit te vind watter Sondae: (011) 728-3866.
*Kippies*, Mark-Teater, Newtown: Township-jazz se voorstedelike tuiste. (Toe op Maandae, die res van die week oop van sewe-uur - en naweke van vyf-uur - tot laat.)
*The Junction*, h/v Breë- en Claimstraat: "Ouer" rock en new wave met 'n aparte vertrek vir "live" groepe, 'n daktuin en video- en pool-kamer. Welkome afleiding van die disko-twak op ander plekke. Chris Prior is soms Saterdagaande die platejoggie. Vir "denkende" jollers.
*Rumours*, Rockeystraat: 'n Tipiese Rockeystraatse laataand-"joint" vir mense wat soms werk en van jazz hou.
*Late Nite Duke's*, Melville: Laatnag-alternatief vir middelstedelinge. Oop van vyfuur smiddags tot baie laat saans en Saterdae vir middagete. Etes word sewe dae van die week tot laataand bedien.
*Club Manzattan*, Moletsane, Soweto: Hoër-inkomstegroep disko. Oop van 11 nm. Maandae en Dinsdae is toegang gratis. Twee gratis biere op aande wanneer toegang gevra word. Alle soorte musiek.
*Blues*, Marshallstraat 165: Wesens van die noordelike voorstede (ouderdom tussen 25 en 35) se uithangplek. Disko-musiek, flitsende ligte, spieëls, mense met grimering... daai soort van ding.

### KAAPSTAD

BASE: Sondag is Jazz Denn. Tel (021) 23-3667 vir inligting oor wat in die week daar aangaan.

# FILMS

******Voortreflik*
*****Sterk aanbeveel*
****Sien gerus*
***So-so*
**Vermy as jy nugter is*
*Prente sonder sterretjies is nog nie beoordeel nie*

***** *A HANDFUL OF DUST* - Merchant-Ivory se uitmuntende rolprentweergawe van Evelyn Waugh se meedoënlose roman.

***** *SEX, LIES AND VIDEOTAPE* - Andie McDowell speel die rol van 'n ongelukkige huisvrou en James Spader speel 'n soort hippie met seksuele probleme in die wonderlike fliek wat 'n Palm D'Or by die Cannes-filmfees ingepalm het.

***** *MY LEFT FOOT* - Met Daniel Day Lewis in die hoofrol as 'n paraplegiese skrywer en kunstenaar in die fliek wat vir verskeie toekennings benoem is.

**** *SHIRLEY VALENTINE* - 'n Huisvrou los die skottelgoed vir 'n minuut of twee en vat die pad Griekeland toe waar sy verlief raak op die lewe. Met Pauline Collins.

**** *DREAMS* - Die meester-rolprentmaker Akira Kurosawa se rolprentweergawe van 'n paar van sy drome. Prekerig maar tog iets besonders. Steven Spielberg is die vervaardiger.

*** *STANLEY AND IRIS* - Jane Fonda en Robert de Niro in 'n fliek ver verwyder van haar politieke wroegings en sy mal Taxi Driver-dae.

*** *THE FABULOUS BAKER BOYS* - 'n Lekker agteroorsit-fliek oor 'n pragtige sangeres (Michelle Pfeiffer) wat twee broers se lewe (en bankbalans) opkikker met haar pragtige stem en lyf. Ook met Jeff en Beau Bridges.

*** *DAD* - Die man wat onlangs R47 miljoen aangebied is vir nog 'n reeks van Cheers, Ted Danson, speel in die fliek oor 'n pa (Jack Lemmon) wat besig is om dood te gaan en sy seun, kleinseun en vrou se onderskeie verhoudings met hom. Ook met Olympia Dukakis en Ethan Hawke.

*** *DRIVING MISS DAISY* - 'n Fliek oor 'n oueriige dame wat noodgedwonge vir haar 'n motorbestuurder moet aanskaf.

*** *LOOK WHO'S TALKING* - John Travolta in 'n baie snaakse en die eerste suksesvolle fliek in 'n baie lang tyd oor 'n meisie en 'n kind.

*** *THAT SUMMER OF WHITE ROSES* - 'n Man probeer wys dat hy nog 'n man is, dis oorlog, 'n mooi vrou raak op hom verlief en op 'n stadium is daar baie spanning. Gebaseer op 'n ware verhaal. Met Tom Conti en Susan George.

** *MANIKA, MANIKA* - 'n Verhaal van 'n jong meisie wat in haar tweede lewe haar vorige man ontmoet. Met Julian Sands.

** *SHE DEVIL* - Meryl Streep is die "pienk" skrywer van aaklige romanse en Roseanne Barr die vet lelike ma en vrou met 'n moesie tussen haar neus en bo-lip wat oor 'n man baklei.

** *INTERNAL AFFAIRS* - 'n Fliek oor polisiemanne wat mekaar se bloed soek. Richard Gere speel die rol van 'n polisieman wat van korrupsie verdink word. Ook met Andy Garcia.

* *ALWAYS* - 'n Vrou se man sterf in 'n vliegongeluk en sy en hul beste vriend is vreeslik hartseer, maar hulle was al drie so na aan mekaar dat hulle hom altyd na aan hulle voel, al is hy dood, of so iets. Met Holly Hunter, John Goodman en Richard Dreyfuss.

* *NEXT OF KIN* - Nog 'n fliek met Patrick Swayze wat 'n plattelande polisieman is wat op die 'plattelandse manier' warm op die spoor van sy broer se moordenaar is. Ook met Adam Baldwin.

*QUEEN OF HEARTS* - 'n Seun onthou sy jeugjare, verander sy familie se lewe tydens een aand se kaartspeel en verlang na die cuppuchino-masjien. Met Anita Zagaria, Joseph Long en Ian Hawkes.

*MADAME SOUSATZKA* - Shirley MacLaine speel die hoofrol en dit alleen regverdig 'n kuiertjie by die fliek.

*GETTING IT RIGHT* - 'n 31-jarige maagd (hy's boonop 'n man) besluit dat hy moeg is om nie te weet waarom alles (behalwe geld) in die lewe draai nie. Met Lynn Redgrave en Jesse Birdsall.

*CHINA O'BRIEN* - Cynthia Rothrock vertolk die rol van 'n vroulike Bruce Lee tipe karakter wat almal karate chops gee.

*SKI PATROL* - 'n Vreeslike vervelige fliek oor 'n klomp jong Amerikaners wat die winter in die berge deurbring (waar dit baie sneeu) en hoe hulle 'n skioord uit die kloue van 'n klomp gretige boewe red.

*IN COUNTRY* - Bruce Willis en Emily Lloyd speel die hoofrolle in die fliek oor 'n familie te midde van die Viëtnam-oorlog. Glo goed.

*FANTASIA* - Die 50ste herdenking van Walt Disney se fantasie-film met Leopold Stokowski en die Philadelphia-orkes.

*THE PACKAGE* - 'n Politieke drama met planne om 'n wêreldleier om die lewe te bring. Met Gene Hackman en Joanna Cassidy.

*IMMEDIATE FAMILY* - 'n Emosionele film met Glenn Close in 'n baie ongewone rol. 'n Getroude paartjie wat nie kinders kan hê nie, besluit om die baba van 'n verwagtende tiener aan te neem. Ook met James Woods.

*STORMY MONDAY* - Melanie Griffith, Tommy Lee Jones en Sting speel in die romantiese riller.

*DELINQUENTS* - Kylie Minoque in 'n fliek oor twee tieners wat nie hulle mind kan opmaak of hulle wil of nie wil nie, en dis al. Charlie Schlatter is die tienerseun wat die probleem deel.

(Vervolg op bl B8)


## Kaapstad

**SK WORD NOU VERTOON** VRYDAG en SATERDAG 29 en 30 JUNIE 1990
**ROLPRENTE**
**TEATERS** VOORUITBESPREKING BY COMPUTICKET (NAVRAE (021) 21-4715)

### Blue Route Tokai
Blouroetesentrum, Tel. 75-3030
DAAGLIKS: 9.45 vm, 12.00, 2.15, 5.45, 7.45, 10.00 nm
HELLO! ONS IS HIER
**TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES**
LENIG, GROEN EN OP DIE GROOT SILWERDOEK (Almal)

DAAGLIKS: 10.00 vm, 12.30, 2.45, 5.45, 8.15, 10.15 nm
RICHARD GERE ● JULIA ROBERTS
**PRETTY WOMAN**
SUPER – ROMANTIESE KOMEDIE (2-14)

DAAGLIKS: 10.00 vm, 12.30, 2.45, 5.45, 8.15, 10.15 nm
– WALT DISNEY SE HUMORISTIESE AVONTUUR –
**THE LITTLE MERMAID**
Verbysterend — Genotvolle tekenprent vir ALMAL

DAAGLIKS: 10.00 vm, 12.30, 2.45, 5.45, 8.15, 10 15 nm
**BLIND FURY**
SPANNEND – AKSIE – RILLER (2-14)

DAAGLIKS: 9.45 vm, 12 00, 2.15, 5.15, 7.45, 10.00 nm
**IMMEDIATE FAMILY**
AANGRYPENDE FAMILIE DRAMA (2-12)

DAAGLIKS: 9.45 vm, 12.00 en 2.15 nm ALLEEN
● As dit nog warmer word, is dit nie meer dans nie!!!
**LAMBADA!** THE FORBIDDEN DANCE
VOEL DIE HITTE OP DIE SILWERDOEK (O.T. 2-10)

SAANS: 5.15, 7.45, 10.00 nm
**INTERNAL AFFAIRS**
AKSIE POLISIE-RILLER – (2-19)

### Maynard Mall Wynberg
HOOFWEG, TEL. 761-0131
DAAGLIKS: 9.45 vm, 12.00, 2.15, 5.45, 7.45, 10.00 nm
HELLO! ONS IS HIER
**TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES**
LENIG, GROEN EN OP DIE GROOT SILWERDOEK (Almal)

DAAGLIKS: 10.00 vm, 12.30, 2 45, 5 45, 8.15, 10.15 nm
**PRETTY WOMAN**
SUPER – ROMANTIESE KOMEDIE (2-14)

DAAGLIKS: 10.00 vm, 12.30, 2.45, 5.45, 8.15, 10.15 nm
– WALT DISNEY SE HUMORISTIESE AVONTUUR –
**THE LITTLE MERMAID**
Verbysterend — Genotvolle tekenprent vir ALMAL

DAAGLIKS: 9.45 vm, 12.00 en 2 15 nm ALLEEN
**CHINA O'BRIEN**
AVONTUUR – (O.T. 2-8)

SAANS: 5.15, 7.45, 10.00 nm
**THE PACKAGE** (2-14)

### Monte Carlo
STRANDGEBIED, TEL. 25-3052
DAAGLIKS: 9.45 vm, 12.00, 2.15, 5.15, 7.45, 10.00 nm
– WALT DISNEY SE KLASSIEKE MEESTERSTUK –
**FANTASIA**
WONDERLIKE MUSIKALE ONDERVINDING (Almal)

DAAGLIKS: 10 00 vm, 12.30, 2.45, 5.45, 8.15, 10.15 nm
MELANIE GRIFFITH ● TOMMY LEE JONES
**STORMY MONDAY**
Mede-spelers –STING– Aksie Riller (2-16)

### Protea Claremont
HOOFWEG, TEL. 61-7979
DAAGLIKS: 9.45 vm, 12.00, 2.15, 5.45, 7.45, 10.00 nm
HELLO! ONS IS HIER
**TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES**
LENIG, GROEN EN OP DIE GROOT SILWERDOEK (Almal)

DAAGLIKS: 10.00 vm, 12.30, 2.45, 5.45, 8.15, 10.15 nm
RICHARD GERE ● JULIA ROBERTS
**PRETTY WOMAN**
SUPER – ROMANTIESE KOMEDIE (2-14)

DAAGLIKS: 10.00 vm, 12.30, 2.45, 5 45, 8.15, 10.15 nm
– WALT DISNEY SE HUMORISTIESE AVONTUUR –
**THE LITTLE MERMAID**
Verbysterend — Genotvolle tekenprent vir ALMAL

### Constantia Rosebank
HOOFWEG, TEL. 686-6649
DAAGLIKS: 9.45 vm, 12.00, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 nm
'N RYK KOMEDIE VOL HERINNERINGSVOLLE KARAKTERS
**QUEEN OF HEARTS**
DIE SEISOEN SE SOETSTE VERRASSING (Almal)

DAAGLIKS: 9.45 vm, 12.00, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 nm
**THAT SUMMER OF WHITE ROSES**

DAAGLIKS: 10 00 vm, 12 15, 2.45, 5 45, 8 15, 10.30 nm
**TROP BELLE POUR TOI** (2-18)

### Goue Akker
MIDDESTAD, TEL. 25-2720
DAAGLIKS: 9.45 vm, 12.00, 2.15, 5.45, 7.45, 10.00 nm
HELLO! ONS IS HIER
**TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES**
LENIG, GROEN EN OP DIE GROOT SILWERDOEK (Almal)

DAAGLIKS: 10.00 vm, 12.30, 2.45, 5 45, 8.15, 10.15 nm
– WALT DISNEY SE HUMORISTIESE AVONTUUR –
**THE LITTLE MERMAID**
Verbysterend — Genotvolle tekenprent vir ALMAL

DAAGLIKS: 10.00 vm, 12.30 en 2.45 nm ALLEEN
**IMMEDIATE FAMILY**
AANGRYPENDE FAMILIE DRAMA (2-12)

SAANS: 5.45, 8.15 en 10.15 nm ALLEEN
**THE FABULOUS BAKER BOYS**
VOLWASSENES DRAMA (2-18)

### Tygervallei
Tygervalleisentrum, Bellville Tel. 948-6710
DAAGLIKS: 9.45 vm, 12.00, 2.15, 5.45, 7.45, 10.00 nm
HELLO! ONS IS HIER
**TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES**
LENIG, GROEN EN OP DIE GROOT SILWERDOEK (Almal)

DAAGLIKS: 10.00 vm, 12.30, 2.45, 5.45, 8.15, 10.15 nm
RICHARD GERE ● JULIA ROBERTS
**PRETTY WOMAN**
SUPER – ROMANTIESE KOMEDIE (2-14)

DAAGLIKS: 10.00 vm, 12.30, 2.45, 5.45, 8.15, 10.15 nm
– WALT DISNEY SE HUMORISTIESE AVONTUUR –
**THE LITTLE MERMAID**
Verbysterend — Genotvolle tekenprent vir ALMAL

DAAGLIKS: 9 45 vm, 12 00 en 2.15 nm ALLEEN
**CHINA O'BRIEN**
AVONTUUR – (O.T. 2-8)

SAANS: 5.15, 7.45 en 10.00 nm ALLEEN
JEFF BRIDGES ● MICHELLE PFEIFFER ● BEAU BRIDGES
**THE FABULOUS BAKER BOYS**
VOLWASSENES DRAMA (2-18)

### Kine Parow
Sanlamsentrum, Parow Tel. 92-5126
DAAGLIKS: 9.45 vm, 12.00, 2.15, 5.45, 7.45, 10 00 nm
HELLO! ONS IS HIER
**TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES**
LENIG, GROEN EN OP DIE GROOT SILWERDOEK (Almal)

DAAGLIKS: 10.00 vm, 12.30, 2.45, 5.45, 8.15, 10.15 nm
– WALT DISNEY SE HUMORISTIESE AVONTUUR –
**THE LITTLE MERMAID**
Verbysterend — Genotvolle tekenprent vir ALMAL

### Somerset-Wes
TEL. (024) 51-5581
DAAGLIKS: 9.45 vm, 11.45, 2.00, 4.30, 6.45, 9.00 nm
HELLO! ONS IS HIER
**TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES**
LENIG, GROEN EN OP DIE GROOT SILWERDOEK (Almal)

DAAGLIKS: 10.15 vm, 12.15, 2.30, 5.00, 7.00, 9.15 nm
– WALT DISNEY SE HUMORISTIESE AVONTUUR –
**THE LITTLE MERMAID**
Verbysterend — Genotvolle tekenprent vir ALMAL

### Stellenbosch
TEL. (02231) 4464
DAAGLIKS: 11.00 vm, 2.00, 4.15, 6.30, 8.45 nm
RICHARD GERE ● JULIA ROBERTS
**PRETTY WOMAN**
SUPER – ROMANTIESE KOMEDIE (2-14)

DAAGLIKS: 10.30 vm, 2.00, 4.30, 6 45, 9.00 nm
● TOM HANKS ●
**JOE VERSUS THE VULCANO**
SPANNENDE ROMAN – KOMEDIE AVONTUUR (Almal)

DAAGLIKS: 11.00 vm, 2.00, 4 15, 6.30, 8.45 nm
GENE HACKMAN ● JOANNA CASSIDY
**THE PACKAGE**
PLOFBARE RILLER – (2-14)

DAAGLIKS: 10.30 vm, 2.00, 4.30, 6.45, 9.00 nm
**CINEMA PARADISO**
Italianse Drama met Engelse onderskrifte (Almal)

**IN-RY** ★ SAANS OM 7.30 nm ★
★ R11,00 per Motor, Kombi of Bakkie vir 2 Rolprente ★

**Goodwood-Tel 54-4339** – Langs Goodwood Skougrond
TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES (Almal) — LAMBADA THE FORBIDDEN DANCE (O.T. 2-12)

**Seabreeze - Tel 701-3309** – Pollsmoorweg, TOKAI
ALL DOGS GO TO HEAVEN (Almal) — SHE'S OUT OF CONTROL (O.T. 2-10)

**Skyvue - Tel 903-5130** – Hoofweg, KUILSRIVIER
THE LITTLE MERMAID (Almal) — HONEY I SHRUNK THE KIDS (Almal)

ONS NUWE "WINTER WENNER" aanbod:
Heerlike 100 g Kaas-burger, warm aartappelskyfies en koffie vir slegs R5,00 AVB uitgesluit. ● BESKIKBAAR BY ALLE IN-RY TEATERS

---

**SK STER-KINEKOR** 29 JUNIE – 5 JULIE
VROEË BESPREKINGS BY COMPUTICKET
NAVRAE (011) 331-9991 – ALMAL WELKOM
**ROLPRENTE**
LET WEL: ALLE ROLPRENTE VERANDER VRYDAE
PRETORIA COMPUTICKET NAVRAE (012) 322-7460

## SENTRAAL

### KINE ENTERTAINMENT CENTRE 331-3841/2
Maan-Don: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
Vry-Sat: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.30 nm
TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES (A) – HULLE IS HIER! AKSIE EN AVONTUUR! MOET DIT NIE MISLOOP NIE!
PRETTY WOMAN (2-14) – RICHARD GERE EN JULIA ROBERTS IN DIE ROMANTIESE KOMEDIE!
JOE VS THE VOLCANO (A) – TOM HANKS EN MEG RYAN IN DIE ROMANTIESE AVONTUUR KOMEDIE!
BLIND FURY (2-14) – 'N AKSIE-BELAAIDE DRAMA MET RUTGER HAUER!
CHINA O'BRIEN (VV2-8)
HARD TO KILL (2-18)
THE DELINQUENTS (2-14)
INTERNAL AFFAIRS (2-19)
STORMY MONDAY (2-16)
VOLGENDE AANBIEDINGS: 6 Jul – LISTEN TO ME (2-14); 6 Jul – LITTLE MERMAID (A); 6 Jul – BACK TO THE FUTURE 3 (A)
ONDERDAK PARKERING BESKIKBAAR BY VOORSTE INGANG NA KINE CENTRE

### KINE HILLBROW 1-3 725-3134/724-4116
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES (A) – HULLE IS HIER! AKSIE EN AVONTUUR! MOET DIT NIE MISLOOP NIE!
PRETTY WOMAN (2-14) – RICHARD GERE EN JULIA ROBERTS IN DIE ROMANTIESE KOMEDIE!
BLIND FURY (2-14) – 'N AKSIE-BELAAIDE DRAMA MET RUTGER HAUER!

## NOORD

### SANDTON CITY 1-9 783-4430/1
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 nm – PRETTY WOMAN (2-14) – RICHARD GERE EN JULIA ROBERTS IN DIE ROMANTIESE KOMEDIE!
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm – TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES (A) – HULLE IS HIER! AKSIE EN AVONTUUR! MOET DIT NIE MISLOOP NIE!
BLIND FURY (2-14) – 'N AKSIE-BELAAIDE DRAMA MET RUTGER HAUER!
IMMEDIATE FAMILY (2-12) – 'N ROERENDE DRAMA MET GLENN CLOSE EN JAMES WOODS!
STORMY MONDAY (2-16) – MELANIE GRIFFITHS (WORKING GIRL), TOMMY LEE JONES EN STING IN DIE SPANNENDE AKSIE RILLER!
ALWAYS (A) – 'N ROMANTIESE AVONTUUR DRAMA MET RICHARD DREYFUSS EN HOLLY HUNTER!
THE PACKAGE (2-14) – GENE HACKMAN, JOANNA CASSIDY & TOMMY LEE JONES IN DIE AKSIE RILLER!
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 nm – THE FABULOUS BAKER BOYS (2-18)
LOOK WHO'S TALKING (2-12)
VOLGENDE AANBIEDINGS: 6 Jul – LISTEN TO ME (2-14); 6 Jul – BACK TO THE FUTURE 3 (A); 6 Jul – LITTLE MERMAID (A)

**SK DIE MEKKA VAN GEHALTE FILMS**
Pensioenaris konsessies slegs geldig Maan tot Don om 10.00 vm, 12.15 & 2.30 nm by Constantia en The Mall
VOLGENDE AANBIEDINGS: REUNION; ERIK, THE VIKING; JESUS OF MONTREAL; 84 CHARLIE MOPIC; LOOKING FOR EILEEN; STELLA; MOUNTAINS OF THE MOON

### THE MALL ROSEBANK 880-2866/7
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 nm – QUEEN OF HEARTS (A)
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 nm – THAT SUMMER OF WHITE ROSES (2-18)
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 nm – TROP BELLE POUR TOI (2-18) (FRANSE DIALOOG – Engelse byskrifte)
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 nm – GETTING IT RIGHT (2-16)
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 nm – MANIKA, MANIKA (A)
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30 nm – DRIVING MISS DAISY (A)
Daagliks: 5.30, 8.00, 10.15 nm – MY LEFT FOOT (VV2-12) – WENNER VAN 2 OSCARS – FINALE WEEK!

### CONSTANTIA ROSEBANK 788-4300
Daagliks: 9.45, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.30 nm – FANTASIA (A) – 'N KLASSIEKE STROKIESPRENT VAN WALT DISNEY!
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 nm – A CHORUS OF DISAPPROVAL (A)
Onderdak parkering beskikbaar by ingang agter Constantia-sentrum

### NOORD – CRESTA RANDBURG 476-3802
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES (A) – HULLE IS HIER! AKSIE EN AVONTUUR! MOET DIT NIE MISLOOP NIE!
IMMEDIATE FAMILY (2-12) – 'N ROERENDE DRAMA MET GLENN CLOSE EN JAMES WOODS!
THE FABULOUS BAKER BOYS (2-18)
VOLGENDE AANBIEDING: 6 Jul – LITTLE MERMAID (A)

### KINE RANDBURG 1 & 2 787-5446
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES (A) – HULLE IS HIER! AKSIE EN AVONTUUR! MOET DIT NIE MISLOOP NIE!
PRETTY WOMAN (2-14) – RICHARD GERE EN JULIA ROBERTS IN DIE ROMANTIESE KOMEDIE!
ONDERDAK PARKERING BESKIKBAAR

### NORTHCLIFF 1 & 2 782-6816
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
PRETTY WOMAN (2-14) – RICHARD GERE EN JULIA ROBERTS IN DIE ROMANTIESE KOMEDIE!
FANTASIA (A) – 'N KLASSIEKE STROKIESPRENT VAN WALT DISNEY!
VOLGENDE AANBIEDING: 6 Jul – LISTEN TO ME (2-14)

## OOS

### EASTGATE 1-6 622-3617/8
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 nm – PRETTY WOMAN (2-14) – RICHARD GERE EN JULIA ROBERTS IN DIE ROMANTIESE KOMEDIE!
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm – TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES (A) – HULLE IS HIER! AKSIE EN AVONTUUR! MOET DIT NIE MISLOOP NIE!
BLIND FURY (2-14) – 'N AKSIE BELAAIDE DRAMA MET RUTGER HAUER!
IMMEDIATE FAMILY (2-12) – 'N ROERENDE DRAMA MET GLENN CLOSE EN JAMES WOODS!
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 nm – THE FABULOUS BAKER BOYS (2-18)
Daagliks: 10.00, 2.30, 8.00 nm – LOOK WHO'S TALKING (2-12)
Daagliks: 12.15, 5.30, 10.00 nm – THE PACKAGE (2-14)
VOLGENDE AANBIEDINGS: 6 Jul – LISTEN TO ME (2-14); 6 Jul – LITTLE MERMAID (A)

### KEMPTON PARK 1 & 2 975-5023
Maan-Don: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45 nm
Vry-Sat: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES (A) – HULLE IS HIER! AKSIE EN AVONTUUR! MOET DIT NIE MISLOOP NIE!
CHINA O'BRIEN (VV2-8)
VOLGENDE AANBIEDING: 6 Jul – LITTLE MERMAID (A)

### CONSTANTIA BENONI 422-3305
Maan-Don: 12.15, 2.30, 5.30, 7.45 nm
Vry: 12 15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
Sat: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
PRETTY WOMAN (2-14) – RICHARD GERE EN JULIA ROBERTS IN DIE ROMANTIESE KOMEDIE!
ONDERDAK PARKERING BESKIKBAAR BY BENONI PLAZA

### PALM SPRINGS 1 & 2 56-3223
Maan-Don: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45 nm
Vry-Sat: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES (A) – HULLE IS HIER! AKSIE EN AVONTUUR! MOET DIT NIE MISLOOP NIE!
BLIND FURY (2-14) – 'N AKSIE-BELAAIDE DRAMA MET RUTGER HAUER!
VOLGENDE AANBIEDING: 6 Jul – LISTEN TO ME (2-14)

### POTCH – KINE POTCHEFSTROOM 930378
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES (A) – HULLE IS HIER! AKSIE EN AVONTUUR! MOET DIT NIE MISLOOP NIE!
THE FABULOUS BAKER BOYS (2-18) – ROMANSE, DRAMA, KOMEDIE EN MUSIEK MET MICHELLE PFEIFFER, JEFF BRIDGES & BEAU BRIDGES!
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 7.45, 10.00 nm – FIELD OF DREAMS (A)
Daagliks: 5 30 nm – STARS AND BARS (2-18)
VOLGENDE AANBIEDINGS: 6 Jul – LISTEN TO ME (2-14); 6 Jul – LITTLE MERMAID (A)

## WES

### WESTGATE 1-6 764-2530
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES (A) – HULLE IS HIER! AKSIE EN AVONTUUR! MOET DIT NIE MISLOOP NIE!
PRETTY WOMAN (2-14) – RICHARD GERE EN JULIA ROBERTS IN DIE ROMANTIESE KOMEDIE!
JOE VS THE VOLCANO (A) – TOM HANKS EN MEG RYAN IN DIE ROMANTIESE AVONTUUR KOMEDIE!
THE FABULOUS BAKER BOYS (2-18)
CHINA O'BRIEN (VV2-8)
LOOK WHO'S TALKING (2-12)
VOLGENDE AANBIEDINGS: 6 Jul – LISTEN TO ME (2-14); 6 Jul – LITTLE MERMAID (A); 6 Jul – BACK TO THE FUTURE 3 (A)

### KINE FLORA 1 & 2 472-1658
Daagliks: 10.00, 12 15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES (A) – HULLE IS HIER! AKSIE EN AVONTUUR! MOET DIT NIE MISLOOP NIE!
THE PACKAGE (2-14)
VOLGENDE AANBIEDING: 6 Jul – BACK TO THE FUTURE 3 (A)

### CINE HIGHGATE 1-5 474-2013
Kaartjies: Volwassenes R6,00. Skoliere R4,00
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES (A) – HULLE IS HIER! AKSIE EN AVONTUUR! MOET DIT NIE MISLOOP NIE!
PRETTY WOMAN (2-14) – RICHARD GERE EN JULIA ROBERTS!
BLIND FURY (2-14) – 'N AKSIE-BELAAIDE DRAMA MET RUTGER HAUER!
THE DELINQUENTS (2-14)
THE PACKAGE (2-14)
VOLGENDE AANBIEDING: 6 Jul – LITTLE MERMAID (A)

### KINE KRUGERSDORP 665-5330
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
JOE VS THE VOLCANO (A) – TOM HANKS EN MEG RYAN IN DIE ROMANTIESE AVONTUUR KOMEDIE!
IMMEDIATE FAMILY (2-12)
VOLGENDE AANBIEDING: 6 Jul – LITTLE MERMAID (A)

### VAAL – RIVERSQUARE VEREENIGING 016-46928
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES (A) – HULLE IS HIER! AKSIE EN AVONTUUR! MOET DIT NIE MISLOOP NIE!
IMMEDIATE FAMILY (2-12)
VOLGENDE AANBIEDING: 6 Jul – LISTEN TO ME (2-14)

### KINE VANDERBIJLPARK 016-330072
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
PRETTY WOMAN (2-14) – RICHARD GERE EN JULIA ROBERTS!
THE PACKAGE (2-14)
VOLGENDE AANBIEDING: 6 Jul – LITTLE MERMAID (A)

## PRETORIA

### STERLAND 1-8 341-7568/9
Daagliks: 10.00, 12 15, 2.30, 5.30, 7 45, 10.00 nm
TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES (A) – HULLE IS HIER! AKSIE EN AVONTUUR! MOET DIT NIE MISLOOP NIE!
BLIND FURY (2-14) – 'N AKSIE-BELAAIDE DRAMA MET RUTGER HAUER!
IMMEDIATE FAMILY (2-12) – 'N ROERENDE DRAMA MET GLENN CLOSE EN JAMES WOODS!
THE PACKAGE (2-14) – GENE HACKMAN, JOANNA CASSIDY & TOMMY LEE JONES IN DIE AKSIE RILLER!
CHINA O'BRIEN (VV2-8) – 'N AKSIE-BELAAIDE AVONTUUR MET CYNTHIA ROTHROCK!
HARD TO KILL (2-18) – 'N AKSIE BELAAIDE RILLER MET STEVEN SEAGAL EN KELLY LE BROCK!
LOOK WHO'S TALKING (2-12)
STORMY MONDAY (2-16)
VOLGENDE AANBIEDING: 6 Jul – LISTEN TO ME (2-14)

### SUNNYPARK 1-3 44-4069
Daagliks: 10.00, 12 15, 2.30, 5.30, 7.45, 10 00 nm
PRETTY WOMAN (2-14) – RICHARD GERE EN JULIA ROBERTS IN DIE ROMANTIESE KOMEDIE!
FANTASIA (A) – 'N KLASSIEKE STROKIESPRENT VAN WALT DISNEY!
THE FABULOUS BAKER BOYS (2-18)
VOLGENDE AANBIEDING: 6 Jul – LITTLE MERMAID (A)

### TRANSVALIA 26-8387
Maan-Woens: 2.30, 5.30, 8.15 nm
Don-Vry: 2.30, 8.00 nm
Sat: 10.00, 2.30, 5.00, 8.00 nm
THE WAR OF THE ROSES (2-17)

### VERWOERDBURGSTAD 663-2034
Maan-Don: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45 nm
Vry-Sat: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES (A) – HULLE IS HIER! AKSIE EN AVONTUUR! MOET DIT NIE MISLOOP NIE!
PRETTY WOMAN (2-14) – RICHARD GERE EN JULIA ROBERTS IN DIE ROMANTIESE KOMEDIE!

### ICE-RINK 44-5253
PUBLIEK SKAATS
MAANDAE – SATERDAE
1ste Sessie: 10.00-12.30 nm
2de Sessie: 2.00-5.00 nm
Son. 2.00-5.00 nm – 7.30-10.30 nm

### Sun City Teaters 014651-21174
WORD TANS VERTOON: OOP 7 DAE PER WEEK
CINE 3: BLAZE (2-18); SHE-DEVIL (2-14)
CINE 1: THE OTHER SIDE OF JULIE (Volwasse); MIRANDA (Volwasse)
CINE 2: THE MISTRESS (Volwasse); SCREW LOOSE (Volwasse)

## SK STER-KINEKOR 29 Jun – 5 Jul INRYE

INRYE SE VERTONINGS BEGIN 7 nm
HEKKE EN KAFETERIA OPEN 6 nm
NET R12 PER MOTOR, KOMBI OF BAKKIE

**TOP STAR (STAD) 412-1843/493-5877**: TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES (A); SHE'S OUT OF CONTROL (VV2-10)

**VELSKOEN (RANDBURG) 412-1843/793-2812**: TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES (A); SHE'S OUT OF CONTROL (VV2-10)

**ATLAS (BRENTWOOD PARK) 973-1017**: TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES (A); GHOSTBUSTERS 2 (A)

**STADIUM (MALVERN) 615-1131**: MERYL STREEP IN DIE SUPER KOMEDIE! SHE-DEVIL (2-14); THE PACKAGE (2-14); 6 Jul: DELINQUENTS/TURNER & HOOCH

**5-STAR (HONEYDEW) 412-1843/794-1386**: STEVEN SEAGAL EN KELLY LE BROCK IN DIE AKSIE-BELAAIDE DRAMA! HARD TO KILL (2-18); BLAZE (2-18); 6 Jul: LISTEN TO ME/FIELD OF DREAMS

**KEMPTON PARK 976-4905**: KYLIE MINOGUE THE DELINQUENTS (2-14) PLUS DIE AKSIE RILLER! RELENTLESS (2-18); 6 Jul: BACK TO THE FUTURE 3

**GERMISTON 902-1607/8**: KYLIE MINOGUE! THE DELINQUENTS (2-14) PLUS DIE AKSIE RILLER! RELENTLESS (2-18); 6 Jul: JOE VS THE VOLCANO

**VEREENIGING 12-3211**: RICHARD GERE EN ANDY GARCIA! INTERNAL AFFAIRS (2-19); THE JANUARY MAN (2-18); 6 Jul: LOOK WHO'S TALKING/OH SCHUCKS, IT'S SCHUSTER

**STERLIG (ROODEPOORT) 412-1843/764-2468**: KYLIE MINOGUE THE DELINQUENTS (2-14); TANGO & CASH (2-16); 6 Jul: SCANDAL/BORN ON THE FOURTH OF JULY

**BRAKPAN 915-3907**: MERYL STREEP IN DIE LAGWEKKENDE KOMEDIE! SHE-DEVIL (2-14); LAMBADA – THE FORBIDDEN DANCE (VV2-10); 6 Jul: WALT DISNEY SE "LITTLE MERMAID"

**SPEEDYS (SOUTH HILLS) 613-4129**: DIE TREFFER KOMEDIE VAN DIE JAAR! JOHN TRAVOLTA & KIRSTIE ALLEY! LOOK WHO'S TALKING (2-12); ALL DOGS GO TO HEAVEN (A); 6 Jul: BACK TO THE FUTURE 3

**MEIRINGSPARK (KLERKSDORP) (018) 91060**: MICHAEL DOUGLAS & KATHLEEN TURNER! THE WAR OF THE ROSES (2-17); LOVERBOY (2-14); 6 Jul: LOOK WHO'S TALKING/OH SCHUCKS, IT'S SCHUSTER

**HILLFOX (FLORIDA) 412-1843/679-1212**: DOLF LUNDGREN – AKSIE-BELAAIDE AVONTUUR! RED SCORPION (2-14); RIVER OF DEATH (2-18); 6 Jul: LOOK WHO'S TALKING/ALL DOGS GO TO HEAVEN

**SPRINGBOK (SPRINGS) 813-4138**: KYLIE MINOGUE! THE DELINQUENTS (2-14); TANGO & CASH (2-16); 6 Jul: CHINA O'BRIEN/THE PACKAGE

**PANORAMA (MONDEOR) 412-1843/682-3411**: STEVEN SEAGAL EN KELLY LE BROCK! HARD TO KILL (2-18); AN INNOCENT MAN (2-18); 6 Jul: LISTEN TO ME/THE FABULOUS BAKER BOYS

**KINANDER (EVANDER) 24117**: AKSIE-BELAAIDE DUBBEL VERTONING! RIVER OF DEATH (2-18); SIEGE OF FIREBASE GLORIA (2-16); 6 Jul: LOOK WHO'S TALKING/BEST OF THE BEST

**KRUGERSDORP 953-1959**: STEVEN SEAGAL EN KELLY LE BROCK IN DIE AKSIE-BELAAIDE DRAMA! HARD TO KILL (2-18); RELENTLESS (2-18); 6 Jul: CHINA O'BRIEN/SHE-DEVIL

**NIGEL 739-6616**: STEVEN SEAGAL EN KELLY LE BROCK! HARD TO KILL (2-18); Plus Paul Newman in ... BLAZE (2-18); 6 Jul: LOOK WHO'S TALKING/BEST OF THE BEST

**SK STER-KINEKOR PRETORIA INRYE**
Skakel asb. Ster-Kinekor Navrae 44-5253 vir besonderhede

**LYNNWOOD 87-1633**: 'N ROERENDE DRAMA MET KYLIE MINOGUE! THE DELINQUENTS (2-14); WHO'S THAT GIRL (A)

**SWARTKOPS 374-4902**: 'N SPANNINGVOLLE RILLER MET RICHARD GERE EN ANDY GARCIA! INTERNAL AFFAIRS (2-19); BORN ON THE FOURTH OF JULY (2-19)

**WONDERBOOM 57-1108**: TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES (A); BIG (A)

**UITSPAN 7-2515**: AKSIE EN OPWINDING VAN JAMES HADLEY CHASE! TRY THIS ONE FOR SIZE (A); PLUS TOMMY LEE JONES IN ... BLACK MOON RISING (2-14)

**JAKARANDA 54-9115 9**: AKSIE EN OPWINDING MET STEVEN SEAGAL ('NICO') EN KELLY LE BROCK! HARD TO KILL (2-18); AN INNOCENT MAN (2-18)

**WITBANK 01351-81064**: VAN DIE REGISSEUR VAN "AN AMERICAN TAIL" EN "THE LAND BEFORE TIME"! ALL DOGS GO TO HEAVEN (A); STEEL MAGNOLIAS (A)

**RUSTENBURG 01421-29358**: 'N SPANNINGVOLLE RILLER MET RICHARD GERE EN ANDY GARCIA! INTERNAL AFFAIRS (2-19); PET SEMETARY (2-18)

## FILMS

### ONAFHANKLIKE ROLPRENTTEATERS

**KAAPSTAD**

LABIA - Oranjestraat 68: Vanaand:
Screen I: 4.00 All Dogs Go To Heaven. 5.45 en 10.00 Scouans!. 8.15 Lair of the White Worm.
Screen II: 3.45 La Lectrice. 6.00 Bert Rigby, You're a Fool. 8.00 Eat a Bowl of Tea. 10.15 Miss Firecracker.

Saterdag:
Screen I: 10.15 en 12.15 All Dogs Go To Heaven. 4.00 en 10.15 Scouans! 6.30 Eat a Bowl of Tea. 8.30 Lair of the White Worm.
Screen II: 2.00 Miss Firecracker. 4.15 Bert Rigby, You're a Fool. 6.00 La Lectrice. 8.00 Miss Firecracker. 10.00 Eat a Bowl of Tea.

**JOHANNESBURG**

7 ARTS, Norwood: Akira Kurosawa se DREAMS

MINI CINE - Pretoriastraat 49, Hillbrow:
Middernagvertoning: THE FLY II en PARENTS. Vandag en Saterdag wys THE LORD OF THE RINGS om 3, 6 en 9nm en die hele week volgende week wys WHEN THE WIND BLOWS.

**Die vlieg-man (Jeff Goldblum) net voor sy vreeslike transformasie wat hom verantwoordelik maak vir die feit dat THE FLY II vanaand om middernag by die Mine Cine vertoon word.**



## DIE WEEK SE TV

### VRYDAG 29 JUNIE

*TV1*
6.00 Goeie Môre SA
8.25 Wimbledon tennis
2.30 Duck Tales
2.55 Bible Story
3.00 Wimbledon tennis
5.15 Fast Forward
5.45 News
6.00 Wimbledon tennis
7.00 The Dirty Dozen
8.00 Nuus
8.45 Police File
9.00 Vendetta
10.00 Die geheime laai
11.00 Wimbledon hoogtepunte
12.00 Oordenking

*TV2*
5.57 Drama reeks
6.27 Epilogue
6.30 In depth programme
7.00 News
7.31 Imalini
8.15 Video Juke Box

*TV3*
5.57 Drama reeks
6.27 Epilogue
6.30 News
7.00 In depth programme
7.31 Imalini
8.15 Video Juke Box

TV4
5.00 TopSport: Sokker
9.04 Deliverance - kyk onder hoogtepunte
10.46 American Pop
11.43 MASH

*M-NET*
10.30 Ransom
12.00 Babies for Cash
12.30 Can you avoid cancer?
1.00 Robin Hood
2.30 The Human Race Club
3.00 The Smurfs
3.25 Dr Snuggles
3.50 Dusty
4.15 Wowser
4.40 The Flintstone Kids
5.00 Hot Hits
Oop Tyd
6.00 Loving
6.30 Sport
Intekenare
7.00 Wimbledon tennis
9.00 Longarm
10.20 Rugby
11.00 Dadah is Death (deel 1) - kyk onder hoogtepunte
12.00 Voyager from the Unknown

### SATERDAG 30

*TV1*
5.57 Oggendboodskap
6.00 Opvoedkundige TV
6.30 Agriforum
7.00 Goeiemôre SA
9.00 Opvoedkundige TV
11.00 Klemens en Klementeintjie
11.10 Die Robinsons
11.35 Diere en mense
12.00 TopSport
6.00 Nuus
6.15 Kompas
6.20 Boeremusiekkompetisie
7.00 Die Waaghals
8.00 News
8.35 LA Law
9.30 Hanover Street - kyk onder hoogtepunte
11.20 The Thorns
11.45 Epilogue

*TV2*
11.00 Educational Rendezvous
3.10 TopSport
6.30 Epilogue
6.45 News
7.01 Top 20
8.55 Sokker

*TV3*
11.00 Educational Rendezvous
3.00 TopSport
6.27 Epilogue
6.30 Nuus
6.45 In depth programme
7.00 Top 20
8.88 Sokker

*TV4*
9.03 Kupid
9.52 People Like Us
10.22 Our House
11.13 Sledge Hammer
11.39 TopSport

*M-NET*
7.00 K-TV
11.00 Business as Usual
12.30 The Making of Honey I Shrunk the Kids
1.00 American Dreamer
3.00 Fietsry
4.00 Rugby
5.30 Motorsport
Oop Tyd
6.00 Diamonds
Intekenare
7.00 Wimbeldon tennis
9.00 Superman IV - kyk onder hoogtepunte
10.30 Rod Stewart
11.30 Dadah is Death - deel 2
1.00 Best Seller

### SONDAG 1

*TV1*
12.30 The Joy of Music
1.00 Tao Tao
1.30 ZET!
1.40 Storybook International
2.00 Walt Disney-fliek
2.50 Die Waltons
3.45 Collage
4.45 Beyond 2000
5.45 Kruis en kroniek
6.25 Skat in kleipotte
6.40 Met woord en lied
7.00 50/50
8.00 News
9.00 The Bolshoi Ballet Omnibus - kyk onder hoogtepunte
11.15 A Look at the Book

*TV2*
1.00 TopSport
5.57 Vulkane
6.30 In depth programme
7.45 Nuus
7.01 Masekhane
7.55 Sokker

*TV3*
12.00 TopSport
5.57 Terasse
6.30 News
6.45 In depth programme
7.01 Imahlasedi a Tumelo
7.55 Sokker

*TV4*
10.00 Impressions
1.00 TopSport
9.04 The Shop Around the Corner
11.50 Muzik A La Carte
11.36 TopSport

*M-NET*
7.00 Indiese programme
10.30 Portugese programme
Intekenare
1.30 Care Bears
2.00 The California Raisin Show
2.30 Superbook
3.00 Smokey and the Bandit II
4.45 60 Minutes
5.00 Motorsport
Oop Tyd
6.00 Midnight Caller
Intekenare
7.00 Carte Blanche
8.00 Survivors
8.30 Jaws III - kyk onder hoogtepunte
10.30 Fietsry
11.45 Ransom

### MAANDAG 2

*TV1*
6.00 Goeiemôre SA
8.25 Wimbledon tennis
1.00 Sokker
2.00 Wimbledon tennis
2.30 Cloppa Castle
2.40 Pumpkin Patch
2.55 Bible Story
3.00 Wimbledon tennis
5.15 Bionic Six
5.45 News
6.00 Antenna
7.00 The Game
8.00 Nuus
9.00 Wimbledon tennis
11.00 Oordenking

*TV2*
4.13 Featherfoot Farm
4.25 Disneyland
5.58 Hello Kitty's
6.27 Epilogue
6.30 In depth programme
7.00 News
7.31 Police File
8.00 Velaphi
8.30 Ziyaduma

*TV3*
4.13 Featherfoot Farm
4.25 Disneyland
5.58 Dikolong
6.27 Epilogue
6.30 News
7.00 In depth programme
7.31 Police File
8.00 After 8
8.30 Sediba Sa Moya

*TV4*
5.00 Capitol
5.30 The Bold and the Beautiful
9.03 Family Ties
9.30 Dynasty
10.23 Hunter
11.16 Rock 'n Roll Palace

*M-NET*
10.30 California Kid
11.45 Saturday Night
12.30 Videofashion
1.00 The Magic Carpet
2.30 The Three Fishkateers
3.00 The Smurfs
3.25 My Little Pony
3.50 Maxie's World
4.15 Wowser
4.40 Heathcliff
5.10 Teenage Mutant Hero Turtles
5.35 Spartakus and the Sun
Oop Tyd
6.00 Loving
6.30 Perfect Strangers
Intekenare
7.00 Wimbledon tennis
9.00 Rhinestone - kyk onder hoogtepunte
10.50 Tour de France
11.20 American Dreamer

### DINSDAG 3

*TV1*
6.00 Goeiemôre SA
8.25 Wimbledon hoogtepunte
2.30 Oscar
2.40 Wielie Walie
3.00 Wimbledon tennis
5.15 Mooirivier
5.45 Nuus
6.00 Kompas
6.05 Antenne
7.00 Fox en Vennote
8.00 News
9.00 Dallas
10.00 The Golden Girls
10.30 Wimbledon hoogtepunte
11.30 Evening Prayer

*TV2*
4.13 Featherfoot Farm
4.25 Countries
4.46 Dealing with Dogs
5.58 Centurions
6.27 Epilogue
6.30 In depth programme
7.31 Tydskrif program
7.55 Sokker

*TV3*
4.13 Featherfoot Farm
4.25 Countries
4.45 Dealing with Dogs
5.58 Thakaneng
6.27 Epilogue
6.30 News
7.00 In depth programme
7.31 Musiek
7.00 Sokker

*TV4*
5.00 Capitol
5.30 The Bold and the Beautiful
9.49 Who Gets the Friends
11.28 My Two Dads

*M-NET*
10.30 Smokey and the Bandit II
12.15 60 Minutes
12.30 Videofashion
1.00 Robotech
2.30 The Remarkable Rocket
3.00 The Smurfs
3.25 My Little Pony
3.50 Maxie's World
4.15 Wowser
4.40 Heathcliff
5.10 Teenage Mutant Hero Turtles
5.35 The Real Ghostbusters
Oop Tyd
6.00 Loving
6.30 Designing Women
Intekenare
7.00 Wimbledon hoogtepunte
9.00 Heritage
10.00 Tour de France
11.00 Business as Usual

### WOENSDAG 4

*TV1*
6.00 Goeiemôre SA
8.25 Wimbledon tennis
1.00 Sokker
2.00 Wimbledon tennis
2.30 The Adventures of Teddy Ruxpin
2.55 Bible Story
3.00 Wimbledon tennis
5.15 ZAPMAG
5.45 News
6.00 Antenna
7.00 Telly Fun Quiz
7.30 Who's the Boss
8.00 Nuus
9.05 Goue jare, bitter jare
10.00 Alfred Hitchcock bied aan...
10.30 Wimbledon tennis
11.30 Oordenking

*TV2*
4.13 Featherfoot Farm
4.25 Training and development
5.58 Jeug drama
6.27 Epilogue
6.30 In depth programme
7.00 News
7.26 Bathathe
7.55 Sokker

*TV3*
4.13 Featherfoot Farm
4.25 Training and Development
5.58 G I Joe
6.27 Epilogue
6.30 News
7.00 In depth programme
7.26 Crossbow
7.55 Sokker

*TV4*
5.00 Capitol
5.30 The Bold and the Beautiful
9.49 Sadat
10.47 Doogie Howser MD
10.29 Boemerang

*M-NET*
10.30 Longarm
11.50 Panorama
12.30 Videofashion
1.00 Peter and Pompey
2.35 The Happy Prince
3.00 The Smurfs
3.25 My Little Pony
3.50 Maxie's World
4.15 Wowser
4.40 Heathcliff
5.10 Teenage Mutant Hero Turtles
5.35 Spartakus and the Sun
Oop Tyd
6.00 Loving
6.30 Doctor Doctor
Intekenare
7.00 Wimbledon hoogtepunte
9.00 Mischief
10.30 Tour de France
11.00 The Holcroft Covenant

### DONDERDAG 5

*TV1*
6.00 Goeiemôre SA
8.25 Wimbledon tennis
2.30 Wysheid van die kabouters
3.00 Wimbledon tennis
5.15 Tekkies
5.45 Nuus
6.00 Kompas
6.05 Antenne
7.00 Binnekring
8.00 News
9.00 thirtysomething
10.00 The City
10.30 Diagonal Street
11.00 Wimbledon tennis
12.00 Face to Face

*TV2*
4.13 Featherfoot Farm
4.25 AIT
4.42 Stepping into Rhythm
5.58 Tydskrifprogram
6.27 Epilogue
6.30 In depth programme
7.00 News
7.31 526
8.00 Crossbow
8.30 Jazz

*TV3*
4.13 Featherfoot Farm
4.25 AIT
4.42 Stepping into Rhythm
5.58 Kickers
6.27 Epilogue
6.30 News
7.00 In depth programme
7.31 Pick-a-Box
8.00 Nong Seakaladi
8.30 Jazz

*TV4*
5.00 Capitol
5.30 The Bold and the Beautiful
9.04 Sadat
10.01 Movie Focus
10.35 Cheers
11.03 TJ Hooker

*M-NET*
10.30 American Dreamer
12.15 60 Minues
12.30 Videofashion
1.00 The Steam-driven adventures of Riverboat Bill
2.30 Mr Beethoven
3.00 The Smurfs
3.25 Snuggles
3.50 Dino Riders
4.15 Wowser
4.40 Heathcliff
5.10 Teenage Mutant Hero Turtles
5.35 The Real Ghostbusters
Oop Tyd
6.00 Loving
6.30 Empty Nest
Intekenare
7.00 Wimbledon hoogtepunte
9.00 So Fine
10.30 Tour de France
11.00 Smokey and the Bandit II

# Dolly en Stallone haal uit en wys

MISCHIEF is 'n fliek wat in die vyftigerjare afspeel en handel oor 'n jongman wat na vele onsuksesvolle pogings besluit om die handdoek in te gooi wat vroumense betref. Toe ontmoet hy 'n rebelse jongman wat hom allerhande goed leer en dit begin toe lyk of sake so na sy hart begin verloop. Die fliek wys Woensdagaand op M-Net met Doug McKeon en Chris Nash in die hoofrolle.
Dolly Parton en Sylvester Stallone haal uit en wys in die fliek RHINESTONE wat Maandagaand ook op M-Net wys. Sy is 'n sangeres (wat anders), hy 'n taxibestuurder (wat anders) en op een of ander onmoontlike manier kom hulle bymekaar uit en doen hulle ding.
En net toe almal dink dis veilig om weer die waters in te vaar...toe kom Jaws en Jaws II se stiefboetie en wys waar Dawid die wortels gegrawe het in die vreeslike spannende JAWS III wat Sondagaand op M-Net sy tanne wys. Almal is natuurlik vreeslik bang. Met Louis Gossett Jr, Dennis Quaid en Bess Armstrong.
Superman kom toe tot almal se redding in SUPERMAN IV en die arme man het een of ander onmenslike taak op sy twee hande. Behalwe dat hy alweer moeder aarde van iets vreesliks moet red, die koerant waar hy werk van oorname deur een of ander mag of krag moet beskerm, moet hy nog boonop sy identiteit geheim hou. Met Christopher Reeve, Margot Kidder en Gene Hackman. Superman is Saterdagaand op M-Net.
THE BOLSHOI BALLET OMNIBUS wat Sondagaand op TV1 vertoon word fokus op die inrigting se geskiedenis en agtergrond, 'n paar van die dansers en veral op twee legendariese figure in ballet Yuri Grigorovich en Galina Ulanova.
Die mini-reeks DADAH IS DEATH wat 'n r[illegible] terug op M-Net vertoon is, is weer terug in twee dele vanaand en Saterdagaand. Die storie van 'n ma se stryd om haar seun van die doodsvonnis te red word uitgebeeld. Met Julie Christie en John Polson.
DELIVERANCE wat vanaand op TV4 vertoon word, gaan oor vier stadsjapies se vreeslike ondervindinge tydens 'n kanovaart op die Georgia-rivier. Met Burt Reynolds, Jon Voight, Ned Beatty en Ronnie Cox.
Saterdagaand op TV1 word die drama HANOVER STREET, wat tydens die Tweede Wêreldoorlog afspeel, vertoon. 'n Getroude Engelse vrou en 'n Amerikaanse vliënier knoop 'n verhouding aan nadat hulle by 'n bushalte ontmoet. Met Harrison Ford, Lesley-Anne Down en Christopher Plummer.

Gidse saamgestel deur DEBBIE AMOS

SEX, LIES AND VIDEOTAPE - B5